UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ’n VERKENNEND-BESKRYWENDE PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE WAARDE VAN “LITURGIESE” MOMENTE BINNE SPORT GEMIK OP LITURGIESE INKULTURASIE.

Deur

DALéNE SHONNIE FLYNN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Divinitatis

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Departement:
Praktiese Teologie

Studieleier:
Prof. Cas Wepener

Datum van indiening:
**September 2011**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VERKLARING

Ek verklaar dat die skripsie wat ek hiermee vir die graad MDiv aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan hierdie of 'n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

**DS FLYNN** **SEPTEMBER 2011**

# ERKENNING

My opregte dank en waardering aan:

- Ons hemelse Vader van wie alle kreatiwiteit kom.
- My man Patrick sonder wie se ondersteuning en aanmoediging ek nie eers sou probeer het nie. Vir al jou opofferings het ek nie woorde nie... Dankie dat ons saam kan groei en ontdek!
- Henry, Bernardine en Charlene vir julle aanmoediging en liefde.
- My surrogaat ouers Danie en Miempie von Wielligh vir geloof, hoop en liefde!
- My studieleier, prof. Cas Wepener – toe ek die eerste keer van die *Renakirfa* ritueel lees het ek dadelik gedink hier is iemand wat dalk sal verstaan hoe my kop dink oor die potensiaal om aandag te skenk aan dit wat die liturgie moontlik by sport kan leer. Ek was nie teleurgestel nie! Baie dankie dat u saam met my opgewonde kan raak oor nuwe ontdekkings en moontlikhede!
- Dr. C. Verburgh vir u proefleeswerk en waardevolle opmerkings.
- Zuna Botha vir jou waardevolle hulp met die tegniese versorging.
- Vriende, familie en kollegas vir volgehoue belangstelling, ondersteuning en gebede.
- LEVLO en BFAP – Ferdi (veral vir jou) en die res van die span. Dankie dat ek regdeur my studies by julle kon werk. Dankie vir al julle ondersteuning en tegemoetkoming met ure wanneer tye druk was. Julle hulp was onontbeerlik! Baie dankie ook vir die fondse om my skripsie te druk en te bind!
- Fakulteit Teologie, al die dosente en ander personeel – dit was 'n onvergeetlike reis!
- Springbokke, Blou Bulle, Bafana Bafana en almal anders wat sport beoefen of sommer net lief is daarvoor!

# GEBED VAN 'N CHRISTENSPORTMENS

Dankie, Vader, vir 'n liggaam
wat U sterk en gesond gemaak het,
en vir die vermoë om dit goed aan te wend vir sport.
Help my asseblief om nie te laat slaplê
met my oefenprogram nie,
en om nie arrogant te dink
ek kan presteer sonder goeie voorbereiding nie.
Help my om nooit enige vorm van oneerlikheid
te oorweeg nie, wat nog te sê uit te voer!
As ek wen –
moenie dat my blydskap 'n gespog word nie!
En as ek verloor –
weerhou my van verskonings soek.
Hou my by 'n leefstyl wat my gesond hou
na liggaam én gees.
En herinner my dat die beloning vir enduit volhou
in die wedloop van geloof,
baie groter is as enige beker of medalje.
Amen.

*William Barclay*

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Ek haal graag die beskrywing van 'n bepaalde ritueel aan.

> The preparation of a person for this ritual consists of the drinking of holy alcoholic potions. These potions are usually prepared by the designated 'medicine'-man, and helps participants to achieve a semi- trance like state. The focal point of this ritual is a fire, around which all participants gather. When most have reached this consciously altered state, numerous animal sacrifices are conducted and afterwards consumed by the tribe. Passage into this ritual is based on age and gender. Only adult males are allowed to attend the open-air fire ceremony, while the women and children stay indoors. Women, who have been reported to cross this cultural border, have taken the wrath of both men and women of the tribe upon them. The ritual is usually performed on a weekly basis, preferably the sixth day, making sleeping till very late on the seventh day compulsory. Whilst conducting my research, I found this ritual to be a thought-provoking window into the heart of the Renakirfa culture, showing for example a very patriarchal society, exclusivity along racial lines (apparent from the way in which I struggled to gain access into this ritual in order to conduct my qualitative research) and abundant wealth (apparent from the presence of the huge amounts of meat and potion and the absence of the under privileged). The only aspect that I still find very puzzling, is the meaning of (so familiar in my own Indian culture) the discussion the men had about Eastern spices during the height of their trance. A discussion about a so-called 'Currie Cup'
>
> (Wepener 2010:4-5)

Met die eerste oogopslag besef mens dat jy hier met een of ander kultiese ritueel te make het. Dit is eers wanneer jy aan die einde die woorde “Currie Cup” lees wat iets verdag voorkom en 'n bepaalde klokkie lui. Nadat hierdie vermoede ontstaan het en jy die gedeelte vir 'n tweede keer lees besef jy eers dat hierdie “kultiese ritueel” in werklikheid iets is wat homself gereeld naweke rondom die braaivleisvure afspeel. Steek daar dan dalk iets meer in hierdie “onskuldige” gebeure as wat ons op die oppervlakte te kenne sou wou gee?

Suid-Afrika is 'n sport "mal" land. Een van ons gunsteling sportsoorte is rugby. Die gebeure hier rondom kan ons baie maklik naweek na naweek in 'n "trans" laat gaan.

Ek sal graag van die gebeure wat ons in en rondom sport aantref wil ondersoek. Dit vorm en bepaal op 'n besondere wyse ons identiteit. Omdat dit deel is van wie ons is en 'n belangrike deel van ons menswees uitmaak kan kennisname én die ernstig opneem hiervan moontlik vir ons iets beteken binne 'n liturgiese konteks. Sport is 'n ontsettende groot saambindende faktor. Hierdie studie sal graag wil uitwys hóé ernstig ons mense hulle sport opneem. Mense wat geen rugbywedstryd sal mis nie sal maklik 'n Sondag oggend erediens mis. Ek besef dat 'n mens nooit die twee kan gelykstel nie. Tog dink ek dat ons iets kan leer as ons kan gaan kyk na wat dit is wat maak dat mense byvoorbeeld hulself een kan voel met ander toeskouers by 'n wedstryd maar nie daardie selfde spontane konneksie het met mede lidmate nie. As ons kan ontleed wat hier gebeur kan ons daaroor besin en die kennis positief gebruik om te kyk na waar ons tekort skiet binne die kerk. Ons sal mense dan moontlik kan help om op soortgelyke wyse opgewonde te raak oor dit wat binne die erediens gebeur.

## 1.2 PERSOONLIKE MOTIVERING TOT HIERDIE ONDERSOEK

Ek het groot geword met sport orals rondom my. Rugby en tennis is veral getrou gevolg. Op skool in die platteland het sport presteerders baie meer aandag gekry as akademiese presteerders. Ek het van kleins af 'n droom gehad om (toe was dit nog) Verre Noord kleure vir een of ander sport soort te behaal en ek kon kwyl as ek na Springbok kleure gekyk het. Ek het aan alles denkbaar deelgeneem. Ek het elke moontlike span gehaal maar buiten 1ste span netbal het ek nie enige hoogtes bereik nie. Ek het erekleure vir alles behalwe sport gekry – akademie; kultuur; Voortrekkers; redenaarskompetisies, noem maar op. Sport kleure het my net eenvoudig ontwyk. Op Universiteit het ek nie aan sport deelgeneem nie en nadat ek begin werk het ook nie. Ek het egter 'n fanatiese sport ondersteuner gebly, veral rugby, krieket en tennis. My droom het versluierd geraak maar diep binne êrens het dit sluimerend gebly. In 2004 het ek vir die eerste keer gehoor van die Midmar myl. Dit het my gefassineer en ek het begin oefen daarvoor. In 2005 het ek my eerste Midmar myl geswem. Dit was

heerlik! Ek was fiks en het al hoe meer begin oefen. Hardloop en fietsry het begin bykom. Op 'n dag het ek 'n advertensie in die gimnasium raakgesien. Hulle het 'n mini triathlon geadverteer. Dit was 600m swem, 20km fietsry en 5km hardloop. Dit het vir my verskriklik lekker geklink en ek het meer uitgevind hieroor. Ek het ingeskryf, 'n fiets by 'n vriendin geleen en so my eerste mini triathlon gedoen.

In 2007 het ek by Tukkies ingeskryf vir BTh. So het ek ook te hore gekom van 'n Tuks triathlon oefenkamp in Januarie 2007. Ek en my man het dit gaan bywoon en ontsettend baie geniet. Hulle het my genooi om in Februarie 2007 aan die Gauteng Noord triathlon proewe deel te neem. So 'n standaard triathlon bestaan uit 1.5km swem, 40km fietsry en 10km hardloop. Daar was ek in die top 3 van my ouderdomsgroep en het ek Gauteng Noord kleure gekry. My droom is uiteindelik bewaarheid! Ek het in Maart by Langebaan aan die Suid-Afrikaanse Triathlon gaan deelneem. Daar het ek 3$^{de}$ gekom maar my tyd was ongelukkig nie goed genoeg om die Suid-Afrikaanse span te haal nie. Ek het egter ook aan die SA Aquathlon (2.5km hardloop, 1km swem en dan weer 2.5km hardloop) deelgeneem. Hier het ek ook 'n 3$^{de}$ plek behaal én my tyd was goed genoeg om die Suid-Afrikaanse span te haal. Ek het in Mexico aan die Wêreld Aquathlon kompetisie gaan deelneem in Mei daardie jaar en het daar 'n 2$^{de}$ plek (silwer medalje) behaal. Wat 'n ongelooflike ervaring!

Sedertdien was ek bevoorreg genoeg om nog elke jaar Gauteng Noord kleure en Suid-Afrika kleure te verwerf. In 2008 en 2010 het ek Suid-Afrika kleure vir Duathlon (hardloop en fietsry) verwerf en in 2009 Suid-Afrika kleure vir Triathlon. Ek het ook aan verdere Wêreldspele deelgeneem. Ek het by Tukkies erekleure vir sport verwerf.

So het my sport drome in vervulling gekom...

Hoekom vertel ek dit alles? Ek hoop dit kan die prentjie skets van die groot impak en invloed wat sport in ons land het. Ek self het presteer op verskillende gebiede maar dit het nie vir my veel beteken nie. **Sport** is die "ultimate" gebied waarop mens kan presteer. Dit behoort waarskynlik nie so te wees nie maar dit is die realiteit en daarom kan ons dit nie maar net ignoreer nie.

Mense gaan moontlik so in sport op as toeskouers (soos wat ons wel in ons land aantref) omdat hulle dalk ook heimlik wou presteer op sport gebied. Dit is net 'n teorie maar daar mag dalk iets in steek.

Groepsidentiteit binne sport is ook baie belangrik. Al neem mens as 'n individu deel is jy tog bewus van jou rol as deel van 'n span. Mens ervaar dit veral wanneer jy deel is van die Suid-Afrikaanse span. Wanneer jy oefen met die wete dat jy jou land moet verteenwoordig, beïnvloed dit jou. Jy gee iets ekstra. Jy ervaar iets van 'n verantwoordelikheidsin. Wanneer jy in die buiteland namens Suid-Afrika deelneem voel jy die druk, jy voel jou land se eer is op die spel en op 'n manier is dit van jou afhanklik. Dis moeilik om dit te beskryf. Op jou klere waarmee jy deelneem word jou van en jou land se naam aangebring. Jou spanmaats moedig jou aan op jou van maar die toeskouers sal iets skreeu soos: “Go South Africa, go!” Dit laat iets binne jou gebeur. Jy gee méér as waartoe jy in staat is. Dit is onbeskryflik!

Ek dink nie 'n mens moet groepsidentiteit onderskat nie. Ek dink dit is 'n skat waarmee die kerk nie regtig werk en mee rekening hou nie.

Ek spandeer uit die aard van die saak baie tyd daaraan om te oefen. Wat ek verder graag wil deel omdat ek dink dit relevant vir hierdie studie is, is die wyse waarop ek tydens my oefen en deelname ook die spirituele ervaar.

Ek beleef groter afhanklikheid van God wanneer ek 1.5 km in 'n dam swem as op enige ander plek. Dit is 'n angswekkende ervaring wat ek nie graag alleen wil beleef nie. Wanneer ek daar uitklim en op my fiets klim om die 40km aan te durf, uiter ek 'n dankgebed en bid ek vir beskerming vir die kilometers wat voorlê. Wanneer ek teen 50+ km/h teen 'n afdraande afjaag wéét ek dat sonder Sy hand oor my ek nie kans sien vir hierdie risiko nie. In die alleen ry kan ek in gesprek wees met Hom. Dankie sê vir die natuur wat ek raaksien, vra vir beskerming vir my mede-atlete, bid vir krag wanneer dit moeiliker en moeiliker raak. Wanneer ek ongedeerd van my fiets af klim, uiter ek weereens 'n dankgebed. Dan moet my moeë lyf nog 10km hardloop en weet ek dat dit net Sy genade is wat my kan help om te volhard. Dit is telkens 'n worstelstryd en vele tekste maal gewoonlik deur my kop. Opgee is 'n opsie wat wel

van tyd tot tyd sy kop uitsteek maar ek kies doelbewus om vas te klou aan een of ander “volhardingsgedagte”. Dan aan die einde wanneer ek die soete oorwinning oor myself smaak bring ek 'n lofoffer, gevul met soveel onbeskryflike dankbaarheid. Ek ervaar God in en deur my sport deelname.

Ek doen ook meer voorbidding vir my gemeenskap wanneer ek in die buurt rondhardloop as wat ek ooit in my binnekamer doen.

Sport is goed vir my geestelike lewe!

So is daar waarskynlik vele van ons gemeentelede wat positief kan getuig oor die invloed van sport in hul lewe.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Sport maak ’n baie belangrike onderdeel van ons kultuur uit. Mense openbaar ’n sekere tipe gedrag wanneer hulle langs die sportveld is en langs die braaivleisvure oor sport gesels. Hierdie gedrag lyk anders as hul gedrag wanneer hulle die erediens bywoon. Daar is egter ook gedrag wat ooreenstem. Van die gedrag wat ons binne en rondom sport aantref vertoon ritueelagtige eienskappe. Dit het ook ’n bepaalde invloed op die vorming van ons identiteit. Identiteit het ’n saambindende faktor. Van Beek (2007:6) sê dat godsdiens en sport al hoe nader aan mekaar beweeg, mekaar beïnvloed, vergelykbare emosies oproep en soms selfs identiese eienskappe vertoon. Ek sal graag hierdie stelling van naderby wil ondersoek en kyk wat godsdiens (en dan meer spesifiek vanuit ’n liturgiese konteks) by sport kan leer en positief kan gebruik. Ons moet die geheel van ons menswees ernstig opneem. Ons kan en behoort onsself nie in kompartemente op te deel nie. Ek is net so kind van God wanneer ek my sport beoefen as wanneer ek in die erediens is. Daar is ook binne sport beoefening geleenthede tot persoonlike aanbidding. Besef ons dit en gebruik ons hierdie geleenthede? Ons sal ook hierna kyk binne hierdie studie.

## 1.4 DOELSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek is om te kyk na sekere rituele en gedrag wat ons binne sport aantref. Oor ’n tydperk het ek die media en sosiale netwerke dopgehou en inligting versamel wat toon hoe belangrik sport vir ons is en hoeveel idees en rituele daar rondom draai. Hierdie waarneming sal gedeel word ten einde te poog om uit te wys wat ’n belangrike deel dit uitmaak van ons menslike identiteit. Natuurlik nie vir almal nie maar tog vir ’n groot deel van ons Suid-Afrikaanse gemeenskap. Hoekom is dit vir ons so belangrik? Watter rol vervul dit in die vorming van ons identiteit? Hoe beïnvloed godsdiens en sport mekaar? Ek is van mening dat ons kennis hieroor positief kan gebruik binne die liturgie. Dit kan ook ons persoonlike aanbidding verryk en verruim. Daar is dinge in en rondom sport wat vir mense betekenisvol is en wat hulle opgewonde maak. As ons omgee vir die mense binne ons gemeentes sal ons kennis neem van hierdie deel van hul menswees wat vir hulle so belangrik is. My mening is dat mense iets “kry” binne ’n sport omgewing wat hulle nie “kry” binne die kerk nie. Sou mens kon vasstel wat dit is sou mens kon kyk na die potensiaal om hierdie kennis aan te wend binne ’n liturgiese omgewing. Liturgiese inkulturasie sal dus ook aan die orde kom.

## 1.5 VRAAGSTELLING

Wat is dit wat maak dat sport vir ons so belangrik is, dat dit feitlik liturgiese afmetings aanneem? Hoe kan ons hierdie kennis positief aanwend binne die Liturgie?

## 1.6 KONSEPTE EN STAPPE IN DIE ONDERSOEK

Relevante konsepte sal in die volgende hoofstuk omskryf word. Hierdie ondersoek sal binne die raamwerk van die teoretiese model van Osmer (2008:4) gedoen word. Hierdie model sal ook in die volgende hoofstuk kortliks verduidelik word. Met elke vraag wat aan die orde kom, sal dit dan in meer detail verduidelik word. Osmer se model is gebaseer op die volgende vier vrae:

- Wat is aan die gang?

- Hoekom is dit aan die gang?

- Wat behoort hier aan te gaan?

- Hoe kan ons hierop reageer?

# HOOFSTUK 2

## OMSKRYWING VAN BELANGRIKSTE TERME

In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die bespreking, omskrywing en verduideliking van sleutelbegrippe wat binne hierdie skripsie gebruik sal word.

### 2.1 SPORT

Sport speel 'n baie belangrike rol in Suid-Afrika. Ek dink ons vind genoegsame bewyse daarvoor as ons terugkyk na die Rugby wêreldbeker in 1995 en wat dit gedoen het om eenheid in ons land te bewerk. Nelson Mandela wat ŉ groot aandeel gehad het in die invloed wat die 1995 Rugby wêreldbeker binne die Suid-Afrikaanse konteks gehad het, het gesê: "Sport has the power to change the world. It has the power to inspire, the power to unite people that little else has... It is more powerful than governments in breaking down racial barriers" (Carlin 2008:4). Nog ŉ voorbeeld is die Sokker wêreldbeker van 2010. Daar was die pessimiste wat chaos verwag het. Tog het Suid-Afrikaners oor alle grense hande gevat en word dit beskou as een van die suksesvolste wêreldbekers ooit. Ek persoonlik het elke Vrydag as deel van die oproep tot "Soccer Friday" my Bafana hempie aangetrek. Net deur dit aan te hê, het ek gesprekke gehad met mense met wie ek andersins dalk nooit sou gesels het nie. Sokker het ons 'n aanknopingspunt gegee om in mekaar se lewens te deel.

Hoe belangrik sport is, is nie maar net my subjektiewe mening as self 'n "sportmal" Suid-Afrikaner nie. As mens *The South African Dictionary of Sport* (Alswang 2003) oopmaak, kry jy in die Inleiding reeds die volgende: "South Africa is a nation of sports lovers, many of whom pride themselves on their knowledge of sport. Others enjoy following a particular code on a casual basis, but would like to know more about its rules and subtleties." *Wörterbuch der Sportwissenschaft* (1987:716) sê dat ŉ presiese definisie van sport nie moontlik is nie omdat daar ŉ wye verskeidenheid betekenisse daaraan gekoppel word binne die algemene omgangstaal. *Webster's sports dictionary* (1976:414) definieer sport as "a recreational or competitive activity which involves a degree of physical exertion or which requires skill in the playing of

an object for scoring. There is a wide divergence of opinion as to what constitutes a sport". Verder word dinge soos jag, visvang, stap en seil ingesluit maar bordspeletjies en kaartspel word uitgesluit. Hieroor kan daar natuurlik verskillende menings wees.

Blanchard & Cheska (1985:59-60) sien sport as 'n komponent van kultuur en daarom beklemtoon hulle dat ons deeglik bewus moet wees van wat ons onder "kultuur" verstaan. As 'n komponent van kultuur is sport, gedrag wat verband hou met ander gedrag soos werk, speel, ontspanning, speletjies, vryetydsbesteding, rituele en konflik. Hulle definieer sport dan as 'n fisies uitputtende aktiwiteit wat aggressief kompeterend is binne die beperkinge wat dit opgelê word deur spelreëls, bepalings en regulasies. As 'n onderdeel van kultuur toon dit ritueelagtige patrone, spelpatrone en bevat dit uiteenlopende hoeveelhede spel, werk en ledigheid. Dit bevat ook atletiese en nie-atletiese variasies. "Atleties" verwys na daardie aktiwiteite wat groter hoeveelhede fisiese uitputting vereis. "Nie-atletiese" aktiwiteite sou dan bordspeletjies en kaartspeletjies kon insluit.

MacClancy (1996:1-2) betreur die feit dat sport nie genoegsaam akademies bestudeer word as integrale deel van sosiale, politieke en ekonomiese lewe nie. Hy wys daarop dat diegene wat sport slegs as vermaak wil beskou, ignoreer of kyk die daaglikse bewyse wat die teendeel bewys mis in hulle koerante en op hul televisieskerms. Georganiseerde sport betrek daagliks miljoene mense as toeskouers. Dit het 'n enorme besigheid geword, dit het politieke dispute tot gevolg en dit is ook 'n medium vir die tentoonstelling van die etiese klimaat van 'n land. Sport is 'n sentrale aktiwiteit in ons gemeenskappe. Dit omsluit ons sosiale waardes. Soos wat daar in die koerante en op televisie opgemerk kan word dat sport in 'n toenemende mate deel uitmaak van die sosiale, politiese en ekonomiese wêreld van die mens wil ek ook graag aan die hand van hierdie studie en insigte vanuit die veldwerk wat ek gedoen het, uitwys dat sport in 'n toenemende mate ook deel uitmaak van die godsdienstige komponent van ons menswees. In Amerika is daar selfs menings dat sport 'n vorm van godsdiens is. Die sosioloog George Sage het al in 1974 die volgende oor sport gesê: "Involvement in sport, either directly as a participant, or indirectly as a spectator, is almost considered a public duty by many

Americans. It has been observed that if there is a religion in America, it is sport" (Blanchard & Cheska 1985:ix).

MacClancy (1996:7-8) wys daarop dat sport verskillende funksies kan vervul soos byvoorbeeld: dit definieer die reeds bestaande grense van morele en politieke gemeenskappe soveel duideliker; dit is behulpsaam in die skepping van nuwe sosiale identiteite; dit gee fisiese uitdrukking aan sekere sosiale waardes en dit is ook 'n wyse waarop sodanige waardes gereflekteer word; dit dien as potensieel betwiste/omstrede ruimte vir opponerende groepe. MacClancy (1996:10) sê verder dat as sport kundig aangewend word dit groter dele van die bevolking kan verenig as enige ander sosiale aktiwiteit aangesien dit verskille ten opsigte van nasionaliteit, geslag, ouderdom, sosiale posisie, geografiese ligging en politieke standpunte te bowe gaan. Hierdie stelling het ons definitief in Suid-Afrika in vervulling gesien kom tydens die Rugby Wêreldbeker in 1995 en die Sokker Wêreldbeker in 2010.

## 2.2 IDENTITEIT EN IDENTITEITSVORMING

Die verwerwing van 'n eie identiteit is 'n belangrike keerpunt in die lewe van elke mens. Volgens Erikson (Van der Westhuysen & Schoeman 1982:216-217) is die ontwikkeling van 'n identiteit die hooftaak van die kind gedurende adolessensie. Dit is die belangrikste faset van sy persoonlikheidsontwikkeling. Ten einde emosionele volwassenheid te bereik moet die komplekse vraag "wie is ek?" beantwoord word. Die adolessent bevind hom/haarself binne 'n omgewing vol teenoorgestelde en konflikterende moontlikhede. Te midde hiervan word daar van hom/haar verwag om keuses uit te oefen. Dit terwyl die adolessent nog onseker is oor wie hy/sy werklik is, wie hy/sy wil wees, watter indruk hy/sy op andere maak en of hy/sy in staat is om besluite oor belangrike onderwerpe te neem. Die oplossing en worsteling met hierdie vrae lei tot die verwerwing van 'n eie identiteit.

Daar is verskillende dinge wat 'n invloed het op hierdie ontwikkelingsproses. Die verhouding van die adolessent met sy/haar ouers speel 'n geweldige belangrike rol. As dit positief en fasiliterend is, lei dit gewoonlik tot 'n positiewe identiteit. Erikson wys op die belangrikheid van 'n agtergrond van liefde en respek vir die verwerwing van 'n

positiewe selfbeeld en identiteit. Die portuurgroep speel ook 'n belangrike rol. Hierdie is 'n stadium van moeilike besluite en keuses en die portuurgroep se ondersteuning is vir die adolessent baie belangrik. Die portuurgroep se rol is selfs groter en belangriker as die adolessent voel dat sy/haar gesinslede hom/haar nie verstaan nie of indien hy/sy poog om meer onafhanklik van hul ouers te word.

Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling van formele en morele denke beïnvloed ook hierdie proses van identiteitsvorming. In die soeke na antwoorde op die vraag "wie is ek?" soek die adolessent na algemeen geldende reëls en lei dit dikwels tot introspeksie. Adolessente het dikwels dagboeke waarin hulle hul eie ervarings formuleer en neerskryf.

Die vorming en vestiging van 'n eie identiteit gaan voort tydens vroeë volwassenheid (18 jaar tot ongeveer 40 jaar) (Van der Westhuÿsen & Schoeman 1982:221,223).

*Die Psigologiewoordeboek* (Gouws & Louw 1982:127) definieer "identiteit" as volg: "die gevoel van 'n persoon dat hy tot 'n groep mense, byvoorbeeld 'n volk of 'n ouderdomsgroep, behoort, dit wil sê dat hy in die belangrikste opsigte soos hulle is en dat hy hom met hulle vereenselwig."

Stets & Burke (2000:224) verduidelik dat die self refleksief is, met ander woorde jy kan jouself as 'n objek neem, jouself klassifiseer, kategoriseer of benoem op verskillende maniere dien ooreenkomstig die verhouding waarin jy staan ten opsigte van ander sosiale kategorieë of klassifikasies. Dit staan bekend as selfkategorisering of identifisering. Deur hierdie proses van selfkategorisering of identifisering word identiteit gevorm.

Ferguson (2009:10, 13) sê dat identiteit verwys na dit wat, of dit wat ons dink, iets maak wat dit is. Dit is net omdat ons dinge sosiaal definieer dat ons enigsins kan praat van identiteit. Mense is egter nie dinge nie. Tog word individue en groepe dikwels geïdentifiseer deur te verwys na voorwerpagtige kenmerke en eienskappe. Mense word geïdentifiseer deur uiterlik waarneembare eienskappe soos ouderdom, nasionaliteit, geslag en beroep. Hierdie word beskou as objektiewe identifisering. Die

identifisering van mense in terme van dinge soos geloof, gesindheid, opinies, ensovoorts word beskou as subjektiewe identifisering. Daar is egter lankal reeds bewys dat sulke "objektiewe" data dikwels onbetroubaar is en dat daar aan die anderkant weer goed gekontroleerde studies gedoen kan word met "subjektiewe" data.

Alle identiteite is sosiale identiteite. Binne die konteks van die alledaagse lewe beskryf identiteite hoe mense en dinge onderling verbind is (Ferguson 2009:15). Stets & Burke (2000:225) sê ŉ sosiale identiteit is ŉ persoon se kennis dat hy of sy aan ŉ sosiale kategorie of groep behoort. ŉ Sosiale groep is individue wat oor ŉ gemeenskaplike sosiale identifikasie beskik of wat hulself beskou as lede van dieselfde sosiale kategorie. Sosiale vergelyking vind dan plaas. Diegene wat tot dieselfde kategorie as die self behoort word beskou as die in-groep en diegene wat verskil van die self as die uit-groep. Dinge wat ŉ rol speel in hierdie selfkategorisering is ooreenstemmende standpunte, oortuigings, waardes, affektiewe reaksies, gedragsnorme, taal, ens. Die in-groep word positief beoordeel en die uit-groep negatief. ŉ Persoon se gevoel van eiewaarde word versterk deur sy of haar verbintenis met die in-groep. Die sosiale kategorieë waarin individue hulself plaas vorm deel van ŉ gestruktureerde samelewing en bestaan slegs in verhouding met kontrasterende kategorieë. Hierdie sosiale kategorieë gaan individue vooraf aangesien individue gebore word in ŉ alreeds gestruktureerde samelewing. Binne so ŉ samelewing verwerf die individu dan grotendeels sy of haar identiteit of selfbesef op grond van die kategorieë waartoe hulle behoort. Elke individu is egter ŉ lid van ŉ unieke kombinasie van sosiale kategorieë. Die stel sosiale identiteite wat ŉ persoon se selfkonsep uitmaak is dus uniek vir elke individu. Individue sal hulself kategoriseer (in groepe of rolle) ten einde waardevol en waardig te voel sowel as bevoeg en effektief. Wees én doen is belangrike kenmerke van ŉ persoon se identiteit (Stets & Burke 2000:233-234).

Alhoewel Modernisme dikwels gelyk gestel word aan individualisme en Modernisme nog steeds ŉ baie groot invloed uitoefen binne baie gemeenskappe besef al hoe meer mense en dan veral ook jongmense die belang van interafhanklikheid. Netwerke, groepe en groepsidentiteit raak weer al hoe belangriker. In ons oorbeweeg

na 'n meer vloeibare Modernisme of dan Postmodernisme raak die behoefte aan sinvolle verhoudings en in gemeenskap wees, net al hoe groter (Niemandt 2007:19, 23, 31; Scanlon, Rowling & Weber 2007:237).

## 2.3 PERSOONLIKHEID

Ons persoonlikheid sluit baie nou aan by ons identiteit en identiteitsvorming. Steyn (2011:1) omskryf *persoonlikheid* as volg:

> Persoonlikheid is die unieke en outentieke wyse waarop jy met jouself, ander, die wêreld (omgewing en omstandighede) en God in verhouding tree. Persoonlikheid verwys gewoonlik na die horisontale dimensies en -verhoudings terwyl spiritualiteit na die vertikale verwys. Vanuit 'n holistiese oogpunt is dit egter twee kante van dieselfde muntstuk en sou persoonlikheid en spiritualiteit in 'n sekere sin as wisselterme gebruik kan word.

Die bestudering van persoonlikheid is 'n hele veld op sy eie. Persoonlikheidsielkunde of personologie is een van die onderafdelings binne sielkunde. Dit fokus op persone se karakteristieke geneigdheid om op spesifieke maniere op te tree, te dink en te voel. Dit bestudeer ook die verskille en ooreenkomste tussen individue en hoe dit nagevors kan word. Daar is talle skole en tradisies binne die sielkunde wat personologie vanuit verskillende perspektiewe benader (Steyn 2008:314). Sommige van hierdie benaderings is al eeue oud en dateer so ver terug as in die tyd van Hippokrates (ongeveer 400 v.C.). Nuwer benaderings is die vyf-faktor teorie en die *Myers-Briggs Type Indicator*® (MBTI®) (Steyn 2008:317).

Ons kan nie los van ons persoonlikheid met andere (horisontaal) in verhouding tree nie en net so kan ons ook nie los van ons spiritualiteit (vertikaal) met God in verhouding wees nie. Dit word dus geïmpliseer in al ons verhoudings. Vanweë die beperkte omvang van hierdie studie gaan daar nie in diepte hierna gekyk word nie. Dit is egter belangrik dat ons sal kennis neem hiervan aangesien ons persoonlikheid bepaal *hoe* ons met andere in verhouding tree. Dit is bepalend vir hoe ons dinge wat daagliks met ons gebeur sal ervaar en beleef. Dit het ook 'n invloed op hoe ons die erediens sal ervaar en beleef.

Steyn (2008) het 'n doktorale studie gedoen wat aandag skenk aan die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek. Dit is een wyse om die feit dat mense verskillend is te benader. Dit is 'n omvangryke benadering wat van groot waarde binne die erediens kan wees.

'n Ander (minder omvangryke) benadering is spiritualiteitstipes wat gebaseer is op die werk van Corinne Ware *Discover your spiritual type* (1995). Dit help ons om te verstaan dat mense op verskillende wyses met God in verhouding tree en hierdie verhouding ervaar en beleef. Ons verhouding met God speel 'n rol in ons alledaagse lewe. Spiritualiteitstipes is dus van belang in ons alledaagse lewe sowel as tydens ons bywoning van die weeklikse erediens. Ons spiritualiteitstipe is implisiet deel van wie ons is. Dit gaan egter nie in detail behandel word in hierdie studie nie. In hoofstuk ses sal dit kortliks bespreek word omdat dit ons kan help om bewus te wees daarvan dat nie almal die erediens dieselfde sal ervaar en beleef nie. Ons behoort mense se uniekheid te erken en in ag te neem. Alleen dan kan elkeen van ons die beste *ek* wees wie *ek* geskape is om te wees en kan ons ruimte gee aan mekaar. Die volgende Hasidiese verhaal word vertel van Rabbi Zusya. Toe hy 'n ou man was het Rabbi Zusya gesê dat daar nie in die hiernamaals aan hom gevra sal word: "Hoekom was jy nie Moses nie?" Daar sal egter aan hom gevra word: "Hoekom was jy nie Zusya nie?" Dit sal God se vraag aan elkeen van ons wees. Daar word nie van ons verwag om te wees wie ons nie is nie. Daar word wel van ons verwag om te wees wie ons is (Winseman, Clifton & Liesveld 2004:10). Hierin speel persoonlikheid en spiritualiteit 'n belangrike rol en daarom moet ons dit in ag neem.

## 2.4 KULTUUR

Volgens Malinowski (1977:5) is kultuur die wydste konteks van menslike gedrag. Ons moet versigtig wees om kultuur nie eng te verstaan nie. Ons beperk kultuur as ons dit slegs definieer as etnisiteit, verskillende bevolkingsgroepe of godsdienstige lewe. Wyer gedefinieer kan ons sê dat kultuur die impak is wat die plaaslike en internasionale wêreld op mense het en hoe hierdie impak hul lewens affekteer. Dit sou dan ook dinge insluit soos die effek van modernisme, post modernisme,

globalisering, die internet, en die sosiale, politieke en kontekstuele realiteit waarin ons ons bevind (Nel & Thesnaar 2006:92-93).

De Klerk (2001:62-63) beskryf kultuur as volg: eenvoudig gestel, is dit die manier van lewe van mense. Dit is soos atmosfeer. Ons leef omhul daardeur, ons kan nie daarsonder nie maar ons is nie altyd bewus daarvan nie. De Klerk (2001:62-63) sê verder:

> Kultuur is ’n komplekse werklikheid, ’n geïntegreerde, interaktiewe en integrerende dinamiese geheel. Dit bestaan uit konstituerende elemente soos wêreldbeskouing, lewensbeskouing, gemeenskaplike doelwitte en waardes wat gekondisioneer is deur gemeenskaplike omgewing en tradisies, gedrag en verhoudinge. Hierdie elemente word deur simbole gekommunikeer: taal, literatuur, tegnologie, status, ekonomiese en sosiale strukture, kleredrag, kos en huweliksgewoontes. Kultuur is ’n modus vivendi met twee belangrike aspekte: kreatiwiteit en ontvanklikheid. Daarom is daar in kultuur weerstand teen verandering (stagnasie) asook veranderingsdinamika (groei). Kultuur kan dus deur beïnvloeding transformasie ondergaan. Daar is twee manifestasies van kultuur wat onderskei moet word, naamlik die simbool en die betekenis. Die simbool is dit wat ons sien en hoor en voel. Dit is uiters belangrik om te verstaan wat die simbool beteken, want so groei kennis van aspekte van ’n sekere kultuur. ’n Simbool in kultuur mag ’n woord, ’n stemtoon, ’n handgebaar of ’n soen wees. Hierdie aksie het ’n bepaalde betekenis in ’n sekere kultuur.

Lukken soos aangehaal deur Barnard & Vos (2001:20) dui kultuur aan as 'n simboliese orde. Hy beskou die kultus as die hart van die kultuur. Dit is volgens hom die dinamiese en diepste element van kultuur. Op soortgelyke wyse definieër Geertz (Barnard & Vos 2001:20) kultuur as 'n geordende sisteem van betekenis en van simbole waarin sosiale interaksie plaasvind. Barnard & Vos (2001:20) brei hierop uit en sê dat dit vir hulle duidelik is dat kultuur en ritueel nou verbonde is aan mekaar, synde dat ritueel simboolhandelinge is. Kultuur en rituele kan nie van mekaar losgemaak word nie. Kultuur, betekenis en simbole word op 'n bepaalde manier ten opsigte van mekaar georden. Mense gee aan feite en gebeurtenisse 'n bepaalde waarde of betekenis. Dit is nooit neutraal nie. Hulle (Barnard & Vos 2001:20-22) onderskei vyf dimensies van kultuur:

i) Denke, taal, onderwysinstansies, kuns, musiek, hoe ons bly en bou, leef- en eetpatrone, landbou en tuinbou, sport en ontspanning, godsdiens en godsdienstigheid, rituele en dan ook christelike rituele behoort alles tot kultuur.

ii) Daar bestaan 'n wisselwerking tussen mens en kultuur. Mense skep kultuur maar kultuur vorm ook mense.

iii) Kultuur is veelvormig. Mens sou kon praat van 'n multikulturele samelewing en dan bedoel ons hiermee nie maar net verskillende etniese kulture nie. Hier dink ons byvoorbeeld aan verskillende kultuurvorme wat ons onder die jeug aantref – elk met 'n eie taal-, kleredrag en musiekkode.

iv) Omdat kultuur deur waardes en patrone bepaal word, is dit struktureel en nie toevallig van aard nie. Dit is nié staties nie. Kultuur is voortdurend aan die beweeg, omdat waardes verskuif en patrone verander.

v) Kultuur kan gebruik word om mense te manipuleer. Kultuur kan natuurlik beïnvloed maar daar is 'n dun lyn tussen beïnvloeding en manipulering. Deur rituele word daar altyd (nie altyd bewustelik nie) waardes en patrone oorgedra. Rituele en simbole kan ideologieë konsolideer en versterk.

## 2.5 KONTEKS

Barnard & Vos (2001:22) onderskei terminologies tussen kultuur en konteks. Hulle sê dat konteks dikwels gebruik word om die verhouding tussen rite en kultuur uit te druk. Hulle dink egter dat konteks breër as net dit is. Dit omsluit alle faktore wat die ritueel omring bv. politieke faktore of die natuurlike of kunsmatige omgewing. Hierdie kontekste beïnvloed die kultuur maar kan ook nie los daarvan gesien word nie.

Lukken (Barnard & Vos 2001:22-23) wys daarop dat kultuur nie ekonomie is nie maar dat die wyse waarop ons met geld en goedere omgaan tog wel uit-en-uit tot ons kultuur behoort. So sal ons kry dat waar mense se daaglikse lewe deur politieke

onderdrukking bepaal word, hulle kunste byvoorbeeld ook daardeur beïnvloed sal word. Op antropologiese vlak kan ons kyk na iets soos die liggaamlikheid van die mens. Liggaamlikheid is op sigself nie 'n kulturele gegewe nie. Die wyse waarop mense met hul liggaam omgaan is kultureel bepaald, byvoorbeeld hul gebare, gesigsuitdrukkings ensovoorts. Die natuurlike omgewing kan die spiritualiteit van 'n gemeenskap bepaal. Die kultuur en die kultus word in 'n groot mate bepaal deur kontekstuele faktore soos ekonomie, politiek en fisiese omgewing.

## 2.6 TEKENS EN SIMBOLE

**Tekens** verskaf aan ons inligting en instruksies. Daar is baie tekens wat ons kan sien maar daar is tog ook tekens wat ons met ons ander sintuie kan waarneem. Voorbeelde van tekens is:

- Tekens wat aandui wat plekke of strate of geboue genoem word
- Verkeerstekens wat vir motoriste en voetgangers aandui wat hulle moet, mag of nie mag doen nie
- Gebare, soos byvoorbeeld 'n duim in die lug, wat 'n aanduiding is van dit is goed of reg so
- Die blaas van 'n fluitjie om byvoorbeeld die einde van 'n wedstryd aan te dui
- Die reuk van rook wat kan aandui dat iets besig is om te brand
- Die knoppies in 'n hysbak met tekstuur verskille in Braille op die knoppies vir blinde persone om te kan voel na watter vloer hulle wil gaan

Ons leer om tekens soos hierdie wat in ons alledaagse lewe voorkom, te verstaan. Tekens is gewoonlik eenvoudig, duidelik en maklik om te herken. Sommige tekens

het ŉ eenvoudige prentjie of ontwerp op hulle wat bekend staan as ŉ simbool. Die simbool dui iets aan (Mead 2008:4).

**Simbole** is nie realistiese prentjies nie. Byvoorbeeld die olifant simbool op ŉ bordjie (teken) wat ŉ dieretuin aandui, beteken nié dat die dieretuin nét olifante het nie. ŉ Simbool is ŉ eenvoudige, stylvolle vorm wat gebruik word om iets werkliks te verteenwoordig. Soms kan ons raai wat die simbool beteken maar dikwels moet ons eers leer en onthou waarvoor simbole staan. Simbole word gebruik sodat mense dit maklik kan verstaan ongeag watter taal hulle praat. Hier kan ons byvoorbeeld dink aan die simbole wat op klere gebruik word om was instruksies aan te dui of die simbole op ŉ televisie se afstandbeheer. Simbole trek makliker die aandag en word ook makliker onthou as net woorde. Baie besighede het hul eie simbole, wat bekend staan as ŉ logo. Skole en klubs het ŉ wapen. Beide word so ontwerp dat dit ŉ aanduiding gee van dit wat spesiaal of uniek is aan die organisasie wat dit verteenwoordig (Mead 2008:5).

Simbole kan so gekies word dat dit ŉ invloed op ons uitoefen sonder dat ons verstaan hoekom. Dink aan landsvlae en sokker klubs se simbole. Kleure word so gebruik dat dit by ons bepaalde lojaliteite oproep (Post 2001:37). Handelsname word so geadverteer dat dit aan gebruikers daarvan ŉ bepaalde identiteit verskaf (Mead 2008:5). Hier funksioneer verbruikersgoedere as simbole om jou sosiale status aan te dui, om jou plek in die samelewing te vestig. Die waarde van ŉ produk lê hier eerder in die simboliese waarde as in die nuttigheid daarvan (Conradie 2009:26)

Ons gebruik van tyd tot tyd simbole om uitdrukking te gee aan ons emosies wanneer ons dit nie in woorde kan uitdruk nie byvoorbeeld wanneer ons onbeholpe voel om ons liefde vir iemand in woorde uit te druk, sal ons aan hulle ŉ geskenk gee as ŉ simbool van ons liefde (Mead 2008:6).

ŉ Sekere voorwerp kan ons herinner aan ŉ storie in ons eie lewens. So ŉ voorwerp word dan vir ons ŉ simbool wat ŉ spesiale tyd of persoon verteenwoordig. Op hierdie selfde wyse kan reuke, geure, klanke, smake ons herinner aan iemand of aan ŉ gebeurtenis (Mead 2008:10).

Lukken (Wepener & Van der Merwe 2009:199) beskryf ŉ simbool as ŉ gewone ding wat nie op vooraf-ooreenkoms berus nie. Dit "is meersinnig, praat vir sigself en berus nie op verklaring of uitleg nie, dit bring die verlede en die toekoms saam in die hede en dit betrek die hele persoon. Dit het ŉ grensoorskrydende brugfunksie. Dit verwys na ŉ dieper werklikheid, ŉ verdere horison, ŉ ruimer landskap. ŉ Simbool is dus, soos Goethe gesê het, *die ding wat sonder om die ding te wees, tog die ding is*" (Wepener & Van der Merwe 2009:199).

## 2.7 RITES EN RITUELE

Rites en rituele kan vanuit verskillende hoeke benader word. Ten einde die begrippe hier te verduidelik sal daar kortliks na verskeie wetenskaplikes se sienings gekyk word om verskillende dimensies te probeer uitlig.

Volgens die sosioloog Durkheim (Torevell 2000:2-4) is rites "ways of acting that are born only in the midst of assembled groups and whose purpose is to evoke, maintain, or recreate certain mental states of those groups". "Through the rite, the group periodically revitalises the sense it has of itself and its unity; the nature of the individuals as social beings is strengthened at the same time". Rites bind ŉ groep saam met ŉ gevoel/besef van hul eie identiteit en solidariteit.

Deur die deelname aan rituele handelinge ervaar mense die gevoel dat hulle verander en herskep word. Rites laat die mens soms vergeet van die werklikheid en verplaas hulle na ŉ "ander" wêreld waar hulle dikwels meer tuis voel. Rites kan dus die gevoel gee dat dit ŉ mens verkwik. Dit kan ŉ geloof laat ontstaan in die transformerende energie wat latent is binne rituele. Dit is dan ook hierdie geloof wat aan rituele hul sosiale mag gee (Torevell 2000:44).

Rituele praat deur handelinge en nie net woorde nie. Woorde verwring en dit kan dinge verdraai. Die rite is nie afhanklik van woorde nie maar van die getransformeerde dade van geleefde lewe. Dit dui op verandering en groei. Die boodskap van die rite is implisiet in die ritueel self. Dit is die formaat van die rite, die

vorm waarin dit voorkom en wat dit toelaat, wat praat (Graigner 2009:77-78). Rowan Williams (Grainger 2009:viii) se siening oor wat rituele is sluit nou hierby aan. Hy sê dat rituele mense verander. Dit is hoekom rituele daar is. ŉ Ritueel wat werk soos dit moet is die verpersoonliking van ŉ storie, sodat die deelnemers aan die einde nie is waar hulle aan die begin was nie.

Turner (Torevell 2000:8) sê die volgende oor rituele: "theorists of the new discipline of communications might regard ritual as an extreme case of redundancy saying the same thing in numerous ways. But this is precisely where ritual ceases to be merely cognitive. Ritual allows the participant to be supersaturated with existence by which the whole person is engaged".

Rituele help ons om sosiale en kollektiewe bande te vorm. Tambiah (Torevell 2000:27) wys daarop dat rituele eenheid tot stand kan bring, selfs tussen twee oënskynlike verskillende groeperinge van mense. Dit het die mag en die potensiaal om individuele en kollektiewe identiteite te herskep en om waardes en sienings te herbevestig. Rituele gee uitdrukking aan die diepste waardes van ŉ groep of gemeenskap (2000:40).

Berger (Torevell 2000:17) wys op die belang van rituele om te voorkom dat mense in betekenisloosheid verval. Dit herinner mense daaraan dat die wêreld betekenis en sin het. Rituele herstel kontinuïteit tussen die huidige oomblik en die verlede.

Rituele is publieke, kollektiewe en objektiewe ervarings. Juis omdat dit in die openbaar en binne groepsverband plaasvind, is daar ŉ objektiwiteit. Subjektiewe uitdrukkings en private gevoelens binne hierdie domein is raar (Torevell 2000:31).

Hierdie unieke ervaring van deelname aan ŉ rite is deel van ŉ misterie groter as die mens self. Dit is verwant aan ŉ gevoel/besef van die teenwoordigheid van magte of die bonatuurlike wat die deelnemers oplig tot ŉ belewenis van die heilige en transendentale. Dit gaan nooit oor die ritueel self nie. Die ritueel het te make met magte buite die deelnemers aan die ritueel alhoewel die ritueel tog aan die magte hul bestaan skenk (Torevell 2000:30).

Anselm Grün (2000:11-14) bekyk rituele vanuit 'n ander hoek as wat ons by Torevell (en almal wat hy aanhaal) hier bo gesien het. Grün put in sy persoonlike lewe vreugde uit rituele in sy alledaagse lewe. Rituele binne groepsverband is nie vir hom onbelangrik nie maar hy wys ook op die waarde van rituele vir die enkeling. Dit vorm deel van die daaglikse praktyk van sy lewe. Dit gee aan hom die gevoel dat sy lewe sin en waarde het. (Dit stem ooreen met wat Berger oor die belang van rituele gesê het). Rituele het volgens hom genesende krag. Lukken (Wepener & Van der Merwe 2009:208) noem dit die terapeutiese dimensie van rituele. Rituele spreek veral twee behoeftes by mense aan. Die eerste is om 'n goeie manier te vind om te deel met jou angs, depressie, irritasies, jaloesie, onsekerhede, kortom om in staat te wees om beter met jou daaglikse probleme om te gaan. Die tweede behoefte is om maniere te vind waarop jy jou eie lewe sinvol kan lei. Rituele bied 'n konkrete weg om sinvol en gesond te lewe. Grün (2000:11-14) beklemtoon dat dit nie maar net "foefies" is waarmee mens probleme kan oplos nie. Hy wys daarop dat ook die sielkunde die helende werking van rituele herontdek.

Die kuns van 'n gesonde lewe omvat alle lewensterreine: woon, eet en drink, werk, die gemeenskap, ons omgaan met die skepping, ons verhouding met mekaar, godsdiensbeoefening, versorging van ons liggame. Heilsame rituele is dan ook 'n belangrike aspek van hierdie kuns van 'n gesonde lewe. Dit skenk vlees en bloed aan hoe ons lewe en verander ons lewe.

Grün (2003:23) wys daarop dat iemand soos Sigmund Freud rituele (en dan veral religieuse rituele) oorspronklik afgeskiet het as gedwonge handelinge van neuroties siek mense. In van sy latere werke behandel Freud die fundamentele hulpeloosheid van die mens. Hier verander hy sy siening teenoor rituele en sien hy religieuse rituele as 'n goeie manier om die angs wat voortspruit uit die mens se hulpeloosheid teenoor onbewuste magte, psigies te besweer. Freud sê dat die mens miskien nog weerloos is maar nie meer hulpeloos verlam nie. Dit help die mens om ten minste te kan reageer. So word 'n deel van hierdie buite magte se mag ontneem. Hy prys die orde wat persoonlike rituele tot gevolg het (Grün 2000:23-24).

Rituele bied aan ons 'n bepaalde gevoel van sekuriteit. Fulghum (Grainger 2009:61) sê: "... they anchor us to a centre while freeing us to move on and confront the everlasting unpredictability of life". Struktuur gee aan ons 'n gevoel van sekuriteit en dit is weer die gronde vir betekenis.

Grün (2000:24) noem dan 'n paar voorbeelde waarmee 'n mens angs kan verdryf deur rituele waarmee ek dink ons gemaklik sal kan identifiseer. Skoliere en studente het bepaalde rituele wat hulle voor 'n eksamen sal uitvoer. Dit is vir hulle die bekende en help om die angs te verdring. Sommiges glo hulle moet dele van die werk net gou vinnig weer deurgaan voor die eksamen. Ander doen 'n gebed voor die tyd. Ander sal altyd dieselfde pen eksamen toe neem. As ons hieroor dink mag ons dalk meer rituele ontdek as wat ons gedink het. Geeneen "glo" waarskynlik aan die rituele nie, tog gee dit te midde van onsekerheid iets bekends om aan vas te hou.

'n Ander voorbeeld wat Grün (2000:24) noem waarmee ek goed kan identifiseer is dinge wat, soos hy hulle noem, "topsporters" doen. Hulle voer voor belangrike wedstryde altyd dieselfde rituele uit. Hulle eet altyd presies dieselfde kos, trek dieselfde klere aan, doen dieselfde opwarmingsoefeninge voor die tyd ensovoorts. Ek drink altyd voor ek aan 'n kompetisie deelneem 500ml water tot en met ongeveer 'n uur voor die tyd. 'n Uur voor die tyd eet ek altyd 'n piesang en tydens die kompetisie drink ek nét water. Dit werk uitstekend vir my en die een of twee kere wat ek daarvan afgewyk het, het dit nie goed gegaan met my nie. Wat klere betref het ek byvoorbeeld sekere voorkeure en verbasend gaan dit altyd beter wanneer ek hierdie klere dra. Grün (2000:24) se verklaring hiervoor is dat dit mens help om te fokus, die angs onder beheer bring en die ondraaglike spanning verminder. 'n Mens weet dat die oorwinning of dan goeie prestasie nie hiervan afhang nie. Tog help hierdie rituele om die angs wat mens voor 'n wedstryd of kompetisie oorval, onder bedwang te bring.

## 2.8 LITURGIE

Barnard & Vos (2001:19) maak die volgende stelling: "symbolen en rituelen vormen grondpatronen van de liturgie; net als de liturgie is ook de cultuur een geordend

systeem van betekenis en symbolen". Simboolhandelinge en liturgie staan nie geïsoleerd van kultuur nie. Dit maak deel uit van kultuur en is in wisselwerking daarmee.

Liturgie is 'n lewende en lewegewende handeling. Dit het ten doel om 'n veranderende effek te hê op die lewens van hulle wie daarin betrokke is. Dit is 'n drama wat almal, wat byeenkom om te aanbid, onontkombaar betrek. Dit is 'n gebeure. Dit het die bedoeling om 'n epifanie te wees. Liturgie is ons storie van ons verhouding met God en met mekaar. Liturgie is 'n oop en publieke uitdrukking van waar die Kerk self staan in haar verhouding met God. 'n Christelike aanbidder se onderliggende gedagtes handel oor God. In die hart van ons aanbidding is ons intensie, ons behoefte en opdrag om God te ontmoet en ons gebruik liturgie om dit te doen. Liturgie is 'n pad om te volg, 'n berg om te klim, 'n brug om oor te steek maar bo alles is dit die dekor vir 'n misterieuse geleentheid – 'n ontmoeting met die gans Andere. Ons "nader tot" God is die manier waarop ons Hom ontmoet. Ons laat onsself agter en konsentreer net op Hom. (Grainger 2009:vi, 1-4, 11, 17).

Liturgie gaan oor die maak van tyd vir God in ons lewens. Ons gebruik 'n periode van tyd om saam te konsentreer op God. Aanbidding gebruik 'n spesiale vorm van taal wat ons "ritueel" noem, of in geskrewe vorm "liturgie". Liturgie verwys na die verlede en die toekoms van menslike lewe. Dit sien die toekoms in die konteks van die verlede en het daarom 'n veranderende effek op die hede. Liturgiese simboliek dui op twee rigtings – verlede en toekoms, sienlike en onsienlike, aarde en hemel. Liturgie simboliseer ook die ontmoeting tussen God en die mens, die verhouding tussen die mens en die goddelike. Liturgie moet nooit buite rekening laat wat aan die gebeur is in die lewens van die mense wat deelneem aan die liturgiese aktiwiteite nie. Wanneer mense herontdek wat die bedoeling van liturgie in werklikheid is, begin hulle verstaan dat dit lewe gewende potensiaal het in plaas van 'n gevoel van verveeldheid wat baie daarmee assosieer (Grainger 2009:5, 6, 9-10). Burger (2009:22-23) se siening oor 'n mens se verwagting tydens die erediens stem hiermee ooreen. Hoe ons dink oor wat binne die erediens gebeur, of nie gebeur nie, maak 'n reuse verskil! Smit (2009:99) beklemtoon dit ook as 'n kritiese punt – hoe ons dink en glo t.o.v. die lewende

teenwoordigheid van God by ons en hoe ons dink en glo dit gebeur. Dit is van die uiterste belang as ons die lewegewende potensiaal wil ontgin en opnuut wil ontdek.

Liturgie vind plaas binne ruimte, tyd en verhoudings. Ons open onsself vir mekaar, ons laat ons privaatheid agter ten einde met mekaar te deel en so open die rite ons ook vir God. Dit gee uitdrukking aan ons diepste behoefte om deur God se Gees verander te word. Hier kan ons onsself verloor, ons selfbewustheid, ons rusteloosheid en kan ons rustelose harte rus vind in Hom (Grainger 2009:21, 37). Die meeste rituele tydens die erediens kan beskou word as versoeningsrituele aangesien almal op een of ander manier ten doel het om verhoudings te herstel – óf tussen mens en medemens óf tussen mens en God (Wepener 2009b:72).

Λειτουργέω – Die werkwoord beteken “om openbare dienste te lewer/verrig”, “om te dien”, dit kon ook wees “om ’n baas/eienaar te dien/bedien” en dan ook “om “godsdienstige diens te verrig” (Liddell 1996:467).

Λειτουργία - ’n liturgie was oorspronklik “’n openbare plig/verpligting/diens”. Van hier dan enige “diens” of “hulp” of “bediening” (Liddell 1996:467).

Van der Leeuw (Barnard 2009:118) gebruik liturgie as “diens van God” waar “van God” *genetivus subjectivus et objectivus* is. God is tegelykertyd die Een wat handel in die erediens en die Een aan wie ’n diens bewys word. Ons kan nie in die liturgie die handelinge van God en van die mens van mekaar onderskei nie.

Long (2001:vii-ix) gebruik ’n illustrasie/beeld om liturgie te beskryf. Hy sê dat dit is soos ’n Moedersdagontbyt. Kinders wil ma se hart bly maak hierdeur. Net soos die Moedersdagontbyt is die voorbereiding van die liturgiese ontbyt altyd die werk van amateurs, kinders wat dit ter wille van die liefde doen, kinders wat in die kombuis die gebede te lank kook, die preke half gaarmaak, wat voel-voel en sukkel-sukkel probeer uitkom by opregte aanbidding. Tog neem kinders hierdie skinkbord met onvolmaakte ontbyt vir ma met die trots van wêreldklas kokke – ’n liturgiese ontbyt, voorberei met die grootste liefde. Soos ’n ma liefdevol hierdie ontbyt sal ontvang en

dit opeet asof dit die smaaklikste kos in die hele wêreld is, wag God ook liefdevol op ons om onvolmaakte liturgiese ontbyt te ontvang.

Liturgie het egter nie net te make met wat tydens die erediens gebeur nie. Van der Merwe (2001:2) sê dat "Liturgie" twee gestaltes het. Enersyds is daar die samekomste van die gelowiges op afgesproke tye en plekke. Andersyds is daar die gelowiges se alledaagse lewe, wat vir die Nuwe Testament die terrein is vir die uitlewing van die gelowiges se roeping. Daar word dan ook dikwels in die NT na die lewe verwys in liturgies-klinkende terme: die kerk is die liggaam van Christus, gelowiges is ŉ heilige priesterdom, die liggaam van elke gelowige is ŉ tempel. Daar moet dus geen skeiding tussen erediens en lewe wees nie. Christene moet elke dag in die erediens van die lewe ŉ "lewende offer" bring.

In die liturgie herdenk ons die groot dade van God in die verlede en word ons herinner daaraan dat ons ŉ toekomsverwagting het. Dit is ŉ toekomsdroom waaraan ons binne die liturgie herinner word. Al is die voleinding van dié droom nog nie daar nie, word die droom van die voleinding binne die liturgie lewend gehou. Die droom skep ŉ dringendheid by die gelowiges om alles in die werklikheid (dus binne die liturgie van die lewe) wat nie met die droom korreleer nie met agterdog te bejeën en aktief te ondermyn. Die gelowiges is soos 'n swemmer wat in die stroom van die geskiedenis sy kop kan lig om doel en toekoms te verkry. Die erediens kan hierdie koplig-moment wees. Dit behels ook asemskep, maar die eintlike doel is en bly om die rigting van die geskiedenis-trajek en die eindbestemming weer in oog te kry (Van der Merwe 2001:6-7).

> Die liturgie is dus ŉ komplekse simboliese patroon van woorde, gebare, simbole, rituele wat houdings vorm vir die lewe voor God in die wêreld. Dit bring ŉ nuwe oriëntasie op die lewe, behels ŉ bekering van die hart en berus op ons vermoë om ons sosiale verbeelding só te kan gebruik dat ons vir ons ŉ wêreld en ŉ toekoms kan inbeeld wat te rym is met die regering van God in sy Koninkryk soos dit in Jesus Christus verpersoonlik is... Die liturg se rol is hierin soos dié van ŉ mimiekkunstenaar. Soos wat ŉ mimiekkunstenaar mure en deure sien, waar ander niks sien nie, en dit tog só realisties kan uitbeeld dat toeskouers ŉ aanvoeling vir die voorgestelde realiteit kry, so moet die liturg sien wat nog nie gesien word nie. Dit liturg moet mense help verstaan en verbeeldend laat "sien" wat hulle nog nie gesien, gehoor én in die lewe

gaan doen het nie. Dan is liturgie die kuns om God se toekoms vir die wêreld te ontvang.

(Van der Merwe 2001:12-13)

## 2.9 LITURGIESE INKULTURASIE

Tovey (2004:1-3) vergelyk verskillende definisies en kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n breër (meer algemene) en 'n nouer (meer eng) fokus is. Aan die een kant is dit deel van die Kerk se sending opdrag. Op hierdie vlak gaan dit dan oor die interaksie tussen evangelie en kultuur. Op 'n ander vlak gaan dit oor die interaksie tussen aanbidding en kultuur. "Inkulturasie" is 'n baie plooibare term. Dit beweeg baie naby aan "aanpassing", "verinheemsing" en "kontekstualisasie".

Chupungco (Tovey 2004:1) beskryf "liturgiese inkulturasie" as 'n proses waar die tekste en rites wat gebruik word deur die plaaslike kerk so opgeneem is in die raamwerk van die kultuur dat hulle denke, taal en rituele patrone geabsorbeer word. Liturgiese inkulturasie tree op volgens die dinamiek van opname in 'n gegewe kultuur en interne assimilasie van kulturele elemente. Wanneer liturgiese verandering plaasvind moet daar onderskei word tussen "hersiening", "aanpassing", "inkulturasie" en "kreatiwiteit".

Azevedo (Tovey 2004:1-2) sê dat inkulturasie die dinamiese verhouding is tussen die Christelike boodskap en kultuur of kulture; 'n opname van die Christelike lewe in 'n kultuur; 'n voortdurende proses van wederkerige en kritiese interaksie en assimilasie tussen die twee.

Shorter (Tovey 2004:2) sien dit as die voortdurende dialoog tussen geloof en kultuur of kulture.

Tovey (2004:2) sien dit as 'n proses van verandering waardeur vervreemding vernietig word.

Bevans (Tovey 2004:2) verwerp die term “inkulturasie”. Hy dink “kontekstualisasie” is ŉ beter term om te gebruik. Hy kritiseer ook die afwesigheid van sosiale analise in die meeste gevalle waar gesprekke oor inkulturasie plaasvind.

Bosch (2007:447) sê “the Christian faith never exists except as “translated” into a culture.” Die Christelike geloof moet herdink, herformuleer en opnuut geleef word binne elke menslike kultuur. Dit moet gedoen word op ŉ lewenskragtige en in diepte manier wat afgestem is op die kulturele wortels van die spesifieke kultuur. In inkulturasie behoort die fokus te wees op die Heilige Gees en die plaaslike gemeenskap. Die teoloog neem nie deel aan die proses as die een met al die antwoorde nie maar is self ook ŉ leerder in die proses, soos al die ander. Die *padre* word dus ŉ *compadre*. Inkulturasie word slegs moontlik as almal bereid is om saam te leef. Die plaaslike situasie is van die uiterste belang! “The universal word only speaks dialect” (Bosch 2007:453). Met die plaaslike situasie word veel meer bedoel as net kultuur in ŉ antropologiese sin. Dit gaan hier oor die hele konteks: sosiaal, ekonomies, polities, religieus, opvoedkundig, ensovoorts. Inkulturasie is egter nie net ŉ plaaslike aangeleentheid nie. Die makrokonteks en makrokulturele omgewing moet ook in ag geneem word.

Outentieke inkulturasie behels ook inkarnasie. Die Kerk brei nie maar net uit binne ŉ nuwe konteks en kultuur nie, die Kerk moet opnuut gebore word binne elke nuwe konteks en kultuur. Inkulturasie kan ook gesien word as ŉ dubbele beweging. Dit bied aan kulture aan die een kant die kennis van die goddelike misterie en aan die ander kant help dit hulle om vanuit hul eie lewende tradisie oorspronklike uitdrukkings voort te bring ten opsigte van die Christelike lewe, viering en denke (Bosch 2007:454)

Inkulturasie is ŉ beginsel wat lewe gee aan, rigting gee, en die kultuur verenig terwyl dit ook die kultuur transformeer en herskep ten einde ŉ “nuwe skepping” teweeg te bring. Die fokus is dus op die “nuwe skepping” en die herskepping van die oue (Bosch 2007:455).

Wepener (2006:9-10) sluit aan by Bosch as hy sê dat inkulturasie ŉ voortgaande proses moet wees. Kulture is nie staties nie en die Kerk kan nog baie onbekende

misteries van geloof ontdek. Die verhouding tussen die Christelike boodskap en kultuur is 'n kreatiewe en dinamiese een en is vol verrassings. Teologieë reg oor die wêreld het mekaar nodig aangesien hulle mekaar kan beïnvloed, daag, verryk en inspireer. Ons het dus eintlik nie net met inkulturasie te doen nie maar ook met interkulturasie. Ons moet altyd oop wees én bly om by vreemdelinge te leer. Dit help ons om sensitief te wees vir mekaar se liturgieë en om jou eie liturgie minder eksklusief en meer inklusief te maak. Deur 'n proses van liturgiese inkulturasie kan ons ons liturgieë help met die inkulturasie proses van ten minste drie kulture – die kulture van die Bybel; die tradisie; en die plaaslike mense (die huidige konteks).

Ons kan dus sien dat daar 'n verhouding, 'n dinamiese verband is tussen liturgie en kultuur. Liturgie wat deel is van kultuur kom in aanraking met die kultuur rondom.

A + B = C   en nié   A + B = AB  nie

Ons kan dit beskryf met die beeld om te roei. Jy beweeg vorentoe (konteks) maar jy kyk agtertoe (tradisie en Skrif).

Die Lutherse Kerk (Lutheran World Federation 1998) het waardevolle navorsing gedoen oor aanbidding en kultuur. In alle mense se lewens vind daar veranderinge en oorgange plaas. In die meeste kulture word al die belangrike oorgange gekenmerk deur diverse kommunale rites. Om hierdie oorgangsoomblikke te vier maak die Christelike gemeenskap gebruik van deurgangsrites. Deurgangsrites is dan daardie kommunale simboliese prosesse en handelinge wat verband hou met belangrike of kritiese transisies in die lewens van individue en gemeenskappe.

Alle Christelike aanbidding, of dit sakramente of deurgangsrites is, hou verband met kultuur op ten minste vier maniere:

i) Aanbidding is **transkultureel** – aanbidding het 'n bepaalde dinamiek wat kultuur te bowe gaan. Ons kry dieselfde substans vir almal orals. Dit is dus sake wat wêreldwyd geldend is byvoorbeeld dat ons die Here Jesus Christus aanbid en een doop bedien.

ii) Aanbidding is **kontekstueel** – aanbidding reflekteer plaaslike patrone van spraak, drag en ander kulturele eienskappe. Dit varieer volgens die plaaslike kulturele konteks en dra die kenmerke van hierdie plaaslike kulture.

iii) Aanbidding is **kontra-kultureel** – aanbidding weerstaan die afgodery van 'n gegewe kultuur. Dit daag dit uit wat teenoor die evangelie staan.

iv) Aanbidding is **kruis-kultureel** – aanbidding reflekteer die feit dat die liggaam van Christus tyd en ruimte te bowe gaan. Dit maak dit moontlik om met mekaar te deel tussen verskillende plaaslike kulture.

Dinamiese gelykwaardigheid en kreatiewe assimilasie is nuttig vir kontekstualisasie . Dinamiese gelykwaardigheid is die heruitdrukking van komponente van Christelike aanbidding met elemente van 'n plaaslike kultuur wat 'n gelyke betekenis, waarde en funksie het. Kreatiewe assimilasie is die toevoeging van elemente van plaaslike kultuur tot die liturgiese orde om die oorspronklike kern daarvan te verryk.
(Lutheran World Federation 1998; Wepener 2009c:191)

## 2.10 OSMER SE TEORETIESE MODEL VIR PRAKTIESE TEOLOGIESE INTERPRETASIE

Ek wil graag in hierdie studie gebruik maak van die metodologie wat Osmer (2008:4) voorstel. Daarom wil ek dit kortliks verduidelik. Daar is vier vrae wat ons onsself moet afvra en hierdie vier vrae lei dan tot die vier basiese take van praktiese teologiese interpretasie. Die vier vrae is:

- Wat gaan aan?
- Hoekom is dit aan die gang?
- Wat behoort aan te gaan?

- Hoe kan ons hierop reageer?

Die take is die volgende:

- **Die deskriptiewe-empiriese taak**

  Hier word inligting versamel wat ons kan help om patrone en dinamika vas te stel binne bepaalde episodes, situasies of kontekste.

- **Die interpretatiewe taak**

  Hier word van verskillende teorieë binne die wetenskappe gebruik om tot 'n beter verstaan te kom en om te probeer verduidelik hoekom hierdie patrone en dinamika gebeur of aangetref word.

- **Die normatiewe taak**

  Teologiese konsepte word gebruik om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer. Etiese norme word gekonstrueer om ons reaksies te rig en om ons te help om te leer vanuit "goeie praktyke". Hierdie "goeie praktyke" behels praktyke vanuit die Christelike tradisie – verlede en hede. Hierdie praktyke voorsien ons van normatiewe leiding vir die vorming van die patrone vir ons Christelike lewe.

- **Die pragmatiese taak**

  Hier gaan dit oor die bepaling van strategieë om ons aksies te rig sodat dit die situasies kan beïnvloed ten einde by die gewenste doelwitte te kan uitkom. Ons moet op 'n getroue en effektiewe manier kan reageer en 'n verskil kan maak.

# HOOFSTUK 3

## BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK

Daar gaan nou gefokus word op die vraag: "Wat gaan hier aan?" Soos reeds gesien staan dit bekend as die beskrywend-empiriese taak van praktiese teologiese interpretasie. Dit is gegrond in wat Osmer noem 'n "spirituality of presence" (2008:34). Ons moet bewus wees en kan raaksien wat aangaan in die lewens van individue, families en gemeenskappe. Ons moet leer om metodes van "eksegese" aan te wend ten opsigte van die volle omvang van die sosiokulturele sy van ons gemeente en dan ook van ons gemeenskappe. Ons moet ons gemeentes en gemeenskappe ken binne die werklikheid van hul alledaagse lewens situasies. Ons moet aandag gee aan dinge en andere rondom ons te midde van die teenwoordigheid van God. Ons sal dit nooit perfek kan regkry nie maar ons kan sekere dinge doen om ons bewus wees, op informele, formele en semiformele maniere te dissiplineer en te ontwikkel (2008:35-41).

Wat ek binne ons gemeenskappe én ons gemeentes raaksien is die belangrikheid van sport. Sport het nog altyd in Suid-Afrika 'n belangrike rol gespeel. Dit is egter asof dit net toeneem, al kan ek nie hierdie observasie wetenskaplik staaf nie. Dit kan te make hê met die toename in sport dekking en sport kanale op televisie. Ons kan dit egter nie ontken en miskyk nie.

Ek het begin wonder of sport nie in 'n tipe kultus ontaard nie. Mens hoor dikwels dat mense grappenderwys verwys na die god Ruggabus. 'n Artikel van McCloud (2003:187-206) het my laat besef dat hier egter moontlik iets anders aan die gebeur is. Hy voel dat dit eerder oor identiteit gaan as oor religie. Meer hieroor in hoofstuk vier.

Ek wil nou dit wat ek waargeneem het voorhou. Ek het oor 'n kwessie van maande koerantartikels, koerantopskrifte, gesprekke op sosiale netwerke, gesprekke op plaaslike radiostasies ensovoorts versamel om te sien wat die rol van sport binne ons gemeenskappe is. Sover moontlik gaan ek die rou data aanhaal en na die beste van

my vermoë verwysings gee na waar ek dit bekom het. In hoofstuk vier kan ons dan gaan kyk na wat die moontlike rede is waarom hierdie dinge aan gaan.

Tydens die Sokker Wêreldbeker het die wêreld behoorlik gegons oor Paul die Seekat wat voorspellings gedoen het aangaande die uitkoms van die wedstryde. Hy moes eers net voorspellings maak oor die Duitse span se wedstryde maar later is hy selfs betrek by van die ander lande se wedstryde ook. Dit is redelik bekend dat die Duitsers oor die algemeen ’n baie rasionele nasie is. Juis daarom was hierdie vir my so vreemd. ’n Aanhaling in Beeld[1] van 7 Junie 2010 bevestig my siening “Die Duitsers, wat nie bekend is as bygelowige mense nie, neem sy mening nou so ernstig op dat twee nasionale TV-netwerke gister hul gewone programme onderbreek het om Paul se jongste voorspelling regstreeks uit te saai.”

Dat mense hulle werklik op ’n dier kan beroep om hul heil te voorspel. Ek gaan ’n paar van die uitknipsels hier gebruik om te wys dat mense later selfs wou hê dat die seekat ander dinge omtrent hul lewens ook vir hulle moes voorspel.

**DUITSLAND WEN TAAI SEGE - SEEKAT**

BEELD 2010-06-29 22:33

Oberhausen (Duitsland). – Duitse sokkeraanhangers het nou nog meer hoop dat Duitsland die Argentyne Saterdag in hul kwarteindstryd gaan klop: Paul, die heldersiende seekat, het so voorspel.

“Uiters taai, maar gelukkig ’n oorwinning vir die Duitsers,” sê die werkers wat verantwoordelik is vir die seekat-tenk by Aquarium Sea Life in Oberhausen.

Die seekat se handelaars het mossels as lokaas aan glasblokkies vasgesit wat elk met die naam Duitsland of Argentinië gemerk is.

Die eerste een wat deur Paul opgetel word, word as sy voorspelling beskou.

Paul het dadelik na die Duitse kant toe beweeg, maar vir ’n lang tyd stilgestaan voordat hy aan die “Duitse mossel” begin gryp het.

Vir dié wat twyfel oor Paul se akkuraatheid: Hy het al vier uit vier keer reg “voorspel”: Duitsland se oorwinnings oor Australië, Ghana en Engeland, asook hul nederlaag teen Serwië.

---

[1] Beeld is ‘n Suid-Afrikaanse koerant wat daagliks (Sondae uitgesluit) verskyn

## VREES PAK DUITSERS NADAT SEEKAT SÊ SPANJE SEËVIER

BEELD 2010-07-06 22:37



Foto: REUTERS

Die seekat Paul voorspel Spanje se oorwinning in die WB 2010-halfeindstryd teen Duitsland. Hy het sy voorspelling gemaak deur 'n mossel te haal uit 'n glashouer wat met die Spaanse vlag versier is, eerder as die houer met die Duitse vlag.

Berlyn. – Die hele Duitsland is skielik benoud oor hul span se WB 2010-halfeindstryd vanaand teen Spanje – omdat hul "waarsêer-seekat" gister voorspel het Duitsland gaan verloor.

Paul, van die Sea Life-akwarium in Oberhausen, het die aandag getrek deur die uitslag van al Duitsland se vorige wedstryde in die toernooi reg te voorspel. Hy was selfs in die kol toe die Duitsers in die groepfase met 0-1 teen Serwië verloor het. Die Duitsers, wat nie bekend is as bygelowige mense nie, neem sy mening nou so ernstig op dat twee nasionale TV-netwerke gister hul gewone programme onderbreek het om Paul se jongste voorspelling regstreeks uit te saai. Soos voorheen moes hy kies tussen twee glashouers met snoepgoed daarin.

Gister het hy egter oor die houer met die Duitse vlag daarop beweeg en die houer met die Spaanse vlag oopgemaak.

"Dit is 'n baie slegte teken," het die koerant *Bild* se webwerf dadelik verkondig.

Paul was nog net een keer verkeerd: In 2008 tydens die Europese kampioeneliga. Ironies genoeg was Spanje ook betrokke. Hy het Duitsland toe bo die Spanjaarde gekies, maar laasgenoemde het met 1-0 gewen.

"Ons was almal geskok toe Paul Spanje kies," het me. Tanja Munzig, woordvoerder van die akwarium, gister gesê.

"Kom ons hoop Paul is hierdie keer verkeerd.

"Maar om eerlik te wees, ek gaan vlinders in my maag hê wanneer ons teen Spanje speel. Paul was al baie reg." – Reuters

## DUITSERS 'STEEDS HONGER'

BEELD 2010-07-06 23:11 Eduan Roos

Dit sal meer as 'n honger seekat verg om Duitsland uit die Wêreldbeker-eindstryd te hou, sê Bastian Schweinsteiger.

Volgens dié Duitse middelveld-ghoeroe wil sy span die laaste van sy twyfelaars – én 'n seekat genaamd Paul – vanaand in Durban verkeerd bewys, wanneer hy Spanje in die tweede halfeindstryd van die Wêreldbeker-sokkertoernooi pak.

Dié “heldersiende” gedierte is gister weer met behulp van lokaas in ’n akwarium in Oberhausen “geraadpleeg” oor wie dié watertandstryd gaan wen nadat hy tot dusver in die kol was met sy voorspellings in ál vyf die Duitse wedstryde.

Paul het egter gewaarsku dat Mannschaft hul moses teen Vicente del Bosque (afrigter) se span sal teëkom.

“Al die spelers hou sy voorspellings dop en ons almal dink dis nogal heel snaaks,” het Schweinsteiger geskerts.

“Hopelik is hy dié keer verkeerd, maar ons is steeds vol vertroue dat ons kan wen.”

## DIS SPANJE EN NEDERLAND

BEELD 2010-07-07 23:45 Eduan Roos

Dis Nederland teen Spanje in WB 2010 se eindstryd nadat die Europese kampioen gisteraand die Wêreldbeker-wegholtrein, Duitsland, met 1-0 in Durban gestuit het.

En te oordeel na die gemak waarmee die Spanjaarde die eerste keer tot nog toe ’n plek in die eindstryd van dié skouspel bespreek het, gaan Oranje Sondag op Soccer City die vertoning van ’n leeftyd moet lewer om enigsins naby aan die Wêreldbeker te kom.

Paul, die heldersiende Duitse seekat, was vandeesweek so byna calamari toe hy voorspel het dat die Mannschaft sy Moses in die Moses Mabhida-stadion sou teëkom, maar dit was vroeg reeds duidelik dat Joachim Loew se span - en nie hy nie - op die spyskaart was.

As dit nie die grootheid van ’n halfeindstryd was wat die bloedjong Duitsers oorweldig het nie, was dit straks die taktiese briljantheid van La Roja – wat voor gisteraand selde naby aan hul beste was...

’n Nuwe kampioen sal Sondag gekroon word omdat Spanje en Nederland nog nooit die Wêreldbeker kon wen nie.

Nederland het wel al twee keer, in 1974 en 1978, in die eindstryd verloor.

Spanje kan ook die eerste Europese kampioen sedert 1974 word wat die Wêreldbeker wen.

## IEMAND KAN R65 MILJOEN WEN

BEELD 2010-07-08 13:51

Dis jammer dat Paul die seekat sy voorspellings net met sokker waag, want hy kon van groot hulp gewees het met Vrydagaand se Powerball-nommers.

R65 miljoen kan gewen word. Niemand het die wen nommer Dinsdagaand korrek gehad nie en as iemand Vrydagaand wen sal dit die tweede grootste bedrag wees wat tot dusver 'n baas gekry het.

In Februarie het 'n Kaapstadse ma R91 miljoen gewen.

Die boerpot in Saterdag se Lotto is R14 miljoen.

- Paul, van die Sea Life-akwarium in Duitsland, het aandag getrek deur die uitslag van al Duitsland se wedstryde in die WB-toernooi reg te voorspel. - Sapa.

## SPANJAARDE ‘BESORG’ OOR SEEKAT

BEELD 2010-07-08 23:35

Madrid. – Die Spaanse regering het gister sy kamma-besorgdheid uitgespreek oor Paul, die waarsêer-seekat wat voorspel het Duitsland gaan in die WB 2010-halfeindstryd verloor.

Paul, wat in Engeland gebore is maar nou in 'n akwarium in Duitsland woon, het die uitslag van al ses Duitse wedstryde in die toernooi reg voorspel, insluitend eergisteraand se verlies met 0-1 teen Spanje.

"Ek is bekommerd oor die seekat," het die Spaanse premier, mnr. José Luis Rodríguez Zapatero, gister gegrap. "Ek dink ons moet 'n span lyfwagte vir hom stuur."

Die Spaanse minister van omgewingsake en visserye, me. Elena Espinosa, het gesê daar behoort 'n moratorium te wees op enige optrede teen Paul.

"Ek is Maandag by die Europese Raad van Ministers en sal vra vir 'n visvang-verbod op Paul," het sy gesê.

Sommige Duitse aanhangers het boodskappe op internetforums geplaas wat voorstel dat Paul se beloning vir sy "heldersiendheid" 'n braairooster of paella-pan moet wees. Sommiges het selfs paella-resepte geplaas.

'n Duitse joernalis het ook geskryf hy is "skielik lus vir 'n bietjie kalamari".

'n Woordvoerder van die Sea Life-akwarium in Oberhausen het gesê Paul sal wel vanmiddag voorspel wie môre se wedstryd, tussen Duitsland en Uruguay, om die derde plek in die toernooi sal wen. Hy doen dit deur tussen twee kissies met kos daarin te kies.

En "as hy daarna nie te moeg is nie" sal hy ook sy tentakel waag aan 'n voorspelling oor Sondag se eindstryd tussen Spanje en Nederland.

– Sapa-AFP

## PAUL SÊ SPANJE EN MANIE DIE PARKIET SÊ NEDERLAND

BEELD 2010-07-09 22:37

Berlyn. – Paul die seekat het gister die belangrikste voorspelling van sy kort lewe gemaak: Spanje gaan môre se eindstryd teen Nederland wen.

Die seekat se voorspelling gistermiddag in die akwarium in die westelike Duitse stad Oberhausen is regstreeks in Duitsland, Brittanje en Taiwan op TV uitgesaai.

Hy het die kos uit die glaskissie wat met die Spaanse vlag gemerk was, gekies en die Nederlandse kissie heeltemal geïgnoreer.

Paul het ook voorspel Duitsland gaan Uruguay klop in die uitspeelwedstryd om die derde toernooiplek.

Hy het nog nie een WB 2010-uitslag verkeerd voorspel nie.

"Paul is 'n baie professionele waarsêer – hy gee nie eens om dat honderde joernaliste hom dophou of kommentaar lewer terwyl hy voorspel nie.

"Ons is so trots op hom," het mnr. Stefan Porwoll, bestuurder van die Sea Life-akwarium, gesê.

Porwoll het gesê hulle het wel hul veiligheidsmaatreëls verskerp nadat hy korrek aangedui het Duitsland gaan in die halfeindstryd verloor.

Tog, het hy bygevoeg, kry Paul meer positiewe e-posse as haatbriewe.

**"Mense wil hom vra oor hul toekomstige huweliksmaats, wat die geslag van hul kinders gaan wees of die uitslag van verkiesings."**

Daar is egter iemand wat nié met Paul saamstem oor môre se eindstryd nie.

Mani, 'n "waarsêer-parkiet" van Singapoer, het gister besluit Nederland gaan wen.

Hy moes kies tussen twee omgekeerde kaarte wat die vlae van Nederland en Spanje aan die ander kant gehad het.

Selfs binne beriggewing van ander sportsoorte het Paul ’n invloed gehad!

### HET HY DIT SIEN KOM?

BEELD 2010-10-26 22:30

**Paul die waarsêer-seekat is dood.**

Die seekat het internasionale roem verwerf toe hy in Julie die uitslag van talle WB 2010-wedstryde reg voorspel het.

**Paul het die wenner van al die Duitse sokkerspan se wedstryde korrek voorspel, sowel as die uitslag van die eindstryd**, deur ’n mossel te haal uit ’n glashouer wat met die onderskeie lande se vlae versier was.

Mnr. Stefan Porwoll, die bestuurder by die akwarium in Oberhausen in Duitsland waar Paul gewoon het, het gesê die siener-seekat is eergisteraand rustig aan natuurlike oorsake dood.

“Ons berus ons daarin dat hy ’n goeie lewe geniet het en dat daar nie verbeter kon word op die goeie sorg wat hy van ’n toegewyde span ontvang het nie.”

Personeel by die akwarium het gesê sy dood is nie heeltemal onverwags nie.

Volgens me. Anne Kunz, woordvoerder van Ushaka Marine World in Durban, lewe seekatte net sowat ’n jaar en mannetjies gewoonlik langer as wyfies.

“Paul sou nie langer as 16 maande gelewe het nie, dis maar net hoe oud hulle word.”

**Paul se sukses het hom “’n groter storie as die Wêreldbeker self gemaak”,** het Porwell gesê.

“Ons gaan moontlik besluit om Paul sy eie beskeie graf by die akwarium te gee.” – Janice Keogh en www.theguardian.co.uk

Voor Paul op die toneel verskyn het vir die Duitse span lees ons van ’n hedendaagse “profeet” wat die sokker span van Ghana gehelp het:

### U-20 World Cup Revelation: T. B. Joshua Assisted Us —Ghana Coach

October 19, 2009 By Lanre Babalola

Revelations on how Nigeria’s Prophet T. B. Joshua of the Synagogue Church of All Nations assisted the Ghana Under 20 team to win the World Cup on Friday in Egypt has emerged.
Revealing this on Ghana television monitored on Emmanuel TV, Victorious Vision when the team arrived the Accra International Stadium on Saturday, the Ghanaian coach, Sellas Tetteh thanked Prophet T. B. Joshua for assisting the team with prayers to win the cup.

When asked how the man in the Synagogue assisted the Black Satellites, Tetteh said: “Prophet T.B. Joshua assisted us. Joshua was with us on the job and he talked with all the players. He was an

inspiration to all of us. He was speaking with us all the time during our stay in Egypt."

P.M.Sports gathered that before the highly explosive match that saw a Ghanaian player being sent off the pitch in the 36th minute, the Ghanaian coach phoned Joshua to seek his prayers for his team to beat the highly rated Brazilians.

Prophet Joshua confirmed to P.M.News that coach Tetteh actually phoned him in the morning of the final to seek prayers for the success of his team. He (Joshua) said he told him (Tetteh) that his team would carry the day if they obeyed God's instructions concerning the match.
The instructions according to the man in the Synagogue are that the Ghanaian team should defend their goal post very well and limit their attacks on the Brazilians.
"I told the coach that there will be no goals' in the first and second halves of the match and that they would go for extra time which will also not produce any goal. I told him (Tetteh) that the match will be decided by penalties and that the coach should ensure that Andre Ayew (No. 10) takes the first penalty. "I said if they do that victory is theirs," Joshua told P.M.Sports.

It was also gathered that Joshua's prediction that the Ghanaian team will have problem in the first half came to pass when a player of the team was sent off the pitch for foul play.
The Synagogue pastor told P.M.Sports further that the Ghanaian President, Prof. Attah Mills phoned him to seek success for his team before the match. "I told him (Mills) that his team would win if they follow divine instruction. They did and they won the cup to the glory of Africa.

"You know when they sent off that Ghanaian player from the pitch, the Ghanaian coach phoned me and I told him not to worry. I asked him to tell his boys to defend well and that no goal will be scored during that half and no goal was scored," he added.
During the penalties, Joshua it was gathered, phoned coach Tetteh, who did not want Ayew to start the penalty shootout, to allow Ayew take the first penalty to seal victory for the team.

After the victory, the Ghanaian coach was full of praises for Prophet T. B. Joshua for standing by his team. When asked if the Super Eagles of Nigeria will qualify for the 2010 World Cup in South Africa next year, Prophet Joshua has this to say: "Super Eagles will qualify if they play the game as if it all depends on them and pray as if it depends on God." [2]

[2] http://thepmnews.com/2009/10/19/u-20-world-cup-revelation-t-b-joshua-assisted-us-%E2%80%94ghana-coach

**TB Joshua Prayed For Ghana To Win The U-20?**

October 20, 2009, 10:54

Prophet T.B. Joshua, the Nigerian 'Man Of God' with close links to President John Evans Atta Mills, has flaunted his role in the satellites' triumphant, declaring that he is the brain behind the victory of the newly crowned World Under 20 champions.

With President John Evans Atta Mils already acknowledging his role as the power behind the throne, Prophet T. B. Joshua of the Synagogue Church of All Nations (SCOAN) has himself revealed his own side of the story.

President Mills' spiritual father, apparently playing God, divulged to Complete Sports, a Lagos-based sporting newspaper in an interview at the church premises on Saturday that Ghana's President, Professor Atta Mills, and the Black Satellites coach, Sellas Tetteh, were constantly in touch with him on Friday morning (match day) for prayers and counseling.

According to him, 'Mr. President and the coach were constantly in touch with me on the morning of the match. We talked severally before, during and after the match, I told them that they should remain focused on the tasked ahead of them, with a special warning that they should not hustle to score a goal in regulation time.

I warned that if they should look for goals, they would end up losing the game. "They called me again at half time and I repeated the same thing. This time around, I specifically told them not to rush things as the match will be settled after extra time. That means after 15 minutes of two halves. "When the penalty kicks were about to start, they called me again to ask how it will go.

I just told the coach that he should allow his number 10 (Andre Ayew) to take the first kick and they will end up to winning the game. "They took my advise and everything went favourably well at the end of the day, and we are all celebrating this great feat by our African brothers." It would be recalled that the revered man of God had predicted correctly, matches involving the Super Eagles recently. On the list are the matches between Ghana and Nigeria at the Nations Cup in 2008, Nigeria versus Tunisia and the crunch tie between the Super Eagles and Mambas of Mozambique.

*Source: Daily Guide Ghana*

Ons tref verskeie rituele rondom sokker aan. Een so voorbeeld het prof. Cas Wepener onder my aandag gebring. Ek haal sy woorde aan: "Ek kom sopas uit die 1ste jaars klas en het Arnold van Gennep se *Le Rite de Passage* met hulle behandel. Dit handel oor hoe grense ritueel gemerk word voordat daaroor gegaan word, liminaliteit ensovoorts... Een student merk toe op: 'Yes, like the soccer players that

come on from the bench as replacements, always first touching the white line and kissing their hands before they run onto the field...' " 6 Oktober 2010.

'n Pastoor van Mamelodi[3] het my aandag gevestig op 'n verskynsel wat hy in sy gemeente aantref. Hy ervaar verskillende identiteite binne sy gemeente. Almal is Christene maar verder is die gemeente ook sokker aanhangers en is hulle verdeel tussen Kaizer Chiefs en Orlando Pirates[4].

Iets wat mens nie kan miskyk nie is die oordrewe omhelsings nadat 'n doel aangeteken is. Dit gebeur in sokker én in rugby. Twee mans sal mekaar nie maklik in die straat op so wyse omhels en druk en soen nie. Dit sal totaal onaanvaarbaar wees binne die algemene norme van die gemeenskap. Tog is dit op die veld geheel en al aanvaarbaar.

As mens op die Internet gaan kyk is die rituele van bekende sport sterre algemene nuus. Een so webwerf as voorbeeld is:
http://www.newscientist.com/article/dn17158-ten-sports-stars-and-their-bizarre-pregame-rituals-.html

In sommige gevalle is hierdie rituele nie beperk tot enkelinge nie. Dit spoel deur na die ondersteuners en kan 'n hele gemeenskap beïnvloed. Een voorbeeld waarvan ek gelees het lui as volg:

**Italian Soccer Fans Rituals - When Italians Win!!!!**

**Why I am Envious of Italians by Kori Lee F.P.**

Op hierdie "hub page" vertel Kori Lee – 'n Amerikaner wat met 'n Italiaanse vrou getroud is – hoe jaloers hy op die Italianers en hulle rituele is. Hy lig dan spesifiek hul ritueel uit wanneer hulle 'n Wêreldbeker wen. As dit gebeur word almal van 30 jaar en jonger betrek. Hulle spring op hul bromponies of in hul piepklein motortjies en jaag na hul dorp of stad se Piazza (stadsplein) fontein toe. Daar spring almal in die water en spring op en af en skreeu. Daar is nie plek vir almal nie maar almal veg vir 'n

[3] Mamelodi is 'n voorstad in Pretoria
[4] Kaizer Chiefs en Orlando Pirates is twee bekende Suid-Afrikaanse sokkerspanne

plekkie. Een mal spul soos min! Almal voel dieselfde en dit is ’n positiewe verenigende gebeurtenis. Hy sê dat hy nog nooit in Amerika so iets beleef het nie en dat hy wat sou wou gee om so iets in sy eie land te kon beleef. Verder vertel hy hoe verstommend dit vir hom is om stories te hoor van hoe mense televisiestelle by die werk opstel en almal saam kyk as Italië ’n wedstryd speel tydens ’n Wêreldbeker. Reuse skerms word ook in die Piazzas opgesit sodat mense ook daar saam kan kyk. Hy beskryf dit as “tribal and together” en spreek sy versugting uit om ook so aan ’n groep te kan behoort[5].

Ek lig hierdie verhaal uit omdat ons hier in Suid-Afrika die voorreg gehad het om iets van hierdie “tribal and together” ervaring te beleef in 1995 en 2007 met die rugby Wêreldbekers en in 2010 met sokker Wêreldbeker. Wat ’n voorreg!

Sportgebeurtenisse word deur sommige navorsers soos byvoorbeeld Van Beek (2007:6) beskryf as rituele. Wepener (2010:3) skryf ’n artikel oor *Die liturgie van die Wêreldbeker* binne die konteks van sport en versoening. Sy beskrywing pas vir my so goed in by die gevoel wat mens dikwels kry dat sport moontlik vir sommiges iets laat ervaar van ’n heilige gebeurtenis.

> En die Wêreldbeker-toernooi sou ons selfs kon sê, het ’n nasionale erediens of liturgie in beweging gebring... Nadat die liturgiese ruimtes voorberei is en baie voorbidding gedoen is met die oog op die samekoste, het die volk opgegaan na die tempels om te versamel. Die gemeente het vergader en die samekoms, die gemeenskap, was daar en is tot ’n mate steeds daar. Dis goed. Suid-Afrika as gemeente het vergader en die voorgangers het die votum uitgespreek: “Ke Nako, it is here”. Die gemeente het responsories geantwoord: “We can feel it”. Die seëngroet is uitgespreek: “Nkosi Sikilel’ iAfrika” en saam met Shakira en Freshly Ground het die vuvuzelas die pas vir die lof en aanbidding aangegee en die gemeente is meegevoer en het ingeval met die ritmes van die diski-dans en uitroepe van “ayoba”. En min sal stry dat op die kontinent van Afrika, die grond waarop ons tydens hierdie toetrede-fase van die Wêreldbeker-liturgie gestaan het heilig was.
>
> (Wepener 2010:3)

---

[5] http://hubpages.com/hub/Why-I-am-Envious-of-Italians Visited March 2011

Hierdie “aanbiddings” geleenthede vind mens verseker ook terug by rugby. Volgepakte “eredienste”! Op 21 Augustus 2010 was daar byvoorbeeld ’n skare van 94 700 by die First National Bank Stadium in Soweto om die wedstryd tussen die Springbokke en Nieu-Seeland gade te slaan. Stoere Afrikaanse rugby ondersteuners wat gaan rugby kyk het in Soweto. Dit is iets wat niemand 20 jaar gelede in hul wildste drome sou kon voorspel het nie. So iets kan nét rugby regkry!

Soos sokker het rugby natuurlik ook ’n lewe en rituele van sy eie. In Suid-Afrika het die groen en goud en die Springbok ’n unieke bekoring. John Smit (2009:2) vertel hoe warm sy hart klop, elke keer wat die Springbok trui aan hom oorhandig word. Hy sluit elke keer opnuut ’n private verbond met die groen en goud. Voor hy ’n nuwe of dan ’n skoon, droë trui aantrek, neem hy die trui en soen die Springbok.

Iets anders wat van onskatbare waarde was en is vir Suid-Afrikaanse rugby is wat John Smit (2009:9) “Madiba magic” noem. Deur middel van die film Invictus het ons ’n kykie gekry na die groot rol wat Nelson Mandela gespeel het in ons Wêreldbeker oorwinning van 1995. Smit vertel dat Mandela hulle ook van tyd tot tyd kom verras het met sy teenwoordigheid in die opbou na die 2007 wêreldbeker toe. Dit het gewoonlik ’n ongelooflike positiewe gevolg gehad vir die Springbokspan en ’n baie negatiewe uitwerking op hul teenstaanders. Smit (2009:9) vertel van een so geleentheid in 2005. Hulle het op Ellispark teen die Wallabies gespeel. Madiba was te swak om saam met hulle op die veld te stap. Hy het vir hulle in middel van die tonnel gewag toe hulle van die veld af gekom het na hul opwarming en voor hulle weer op die veld moes verskyn om te gaan speel. John Smit sê dat hy nie eers meer kan onthou wat Madiba vir hulle gesê het nie want hy was te besig om na die geskokte uitdrukking op die Wallabies se gesigte te kyk. Hulle moes natuurlik ook in en uit deur die tonnel en hulle kon nie glo wat hulle sien nie. Madiba wat op sy tyd een vir een met al die Bokke praat en hulle motiveer. Smit sê die Wallabies se oë was so groot soos pierings en hy het geweet dat hulle (die Springbokke) tóé reeds die wedstryd gewen het. Dit is die impak van Madiba op elke wedstryd van die Springbokke wat hy bywoon (Smit 2009:9).

Die Curriebeker is 'n jaarlikse sport gebeurtenis soos min binne Suid-Afrika en kan gevoelens hoog laat loop. 'n Mens hoef maar net koerantopskrifte dop te hou om te besef hoé ernstig mense dit opneem. Hier is 'n voorbeeld voor die half-eindstryd in 2010:


**DIS RUGBY-OORLOG!**

Beeld 2010-10-15 21:50

Twee riller-stryde. Twee stampvol stadions. Vier spogspanne.

In Durban pak die Haaie op hul tuisveld die Blou Bulle (afskop om 14:30) en op Nuweland sal die Westelike Provinsie sy aanslag voortsit om die Curriebeker die eerste keer sedert 2001 te wen in sý tuis-halfeindstryd (afskop om 17:00) teen die Vrystaat.

Sport24 ontleed die brandpunte van vandag se twee halfeindstryde en gee lesers pitkos oor die spanne se statistieke, die spelers en die afrigters. Wat lesers van vandag se twee stryde wil en móét weet, word keurig uiteengesit[6] deur Sport24 se span rugbyskrywers – J.J. Harmse, Stephen Nell, Jóhann Thormählen en Christo Buchner – en grafiese kunstenaar Jaco Grobbelaar.




[6] Hierdie vergelykende kaart met al die statistieke op is ongelukkig nie leesbaar nie. Dit dien hier net as 'n voorbeeld van die sorg en detail waarin die statistieke uiteengesit word.

Alles word tot in die fynste besonderhede nagevors en uitgestip. Die druk op die spelers moet geweldig wees. Jy is net so goed soos jou laaste wedstryd. Afrigters word, net soos spelers, baie gou uitgejou en moet vervang word as 'n span nié wen nie. Wen is alles! "Second is the first loser!"

Hoe ernstig wen vir die spanne is blyk uit sterk woorde van die volgende artikel:

**HAAIE 'SOU EERDER STERF AS ...'**

BEELD 2010-10-19 22:19 CHRISTO BUCHNER

JOHANNESBURG - Daar is 'n onversadigbare honger by die Haaie se rugbyspan om hierdie seisoen sukses te behaal.

"Hulle sou eerder sterf as om die wedstryd teen die Blou Bulle te verloor het," was die woorde waarmee Grant Bashford, een van die hulpafrigters, verlede Saterdag se Curriebeker-halfeindstryd teen die Bulle in Durban opgesom het.

Daar sal gewis 'n paar wenkbroue gelig word oor sy woordkeuse, maar tog som dit ook die erns op waarmee die Haaie die uitspeelstryde benader.

Selfs binne rugby kringe het Paul die seekat voortgeleef:

**HAAI! SKREE PAUL VOOR HY OPHOU SIEN**

BEELD 2010-10-27 22:01


Lood se praatjies

HAAI! skree Paul voor hy ophou sien

**Hy sien...'n Haai!**

Slegte nuus – of dalk juis nie – vir die WP vir Saterdag: Die laaste woorde van Paul die Sienende Seekat voordat hy in sy tenk in Duitsland dood is, was glo: "'n HAAI!"

Op 16 Oktober 2010 het die Bulle teen die Sharks[7] in die halfeindstryd van die Currie beker gespeel op die Absa Stadium in Durban. Die begin van die wedstryd is

---

[7] Beide die Bulle en die Sharks is Suid-Afrikaanse rugby spanne

uitgestel omdat daar ’n swerm bye op die veld was. Daar is diegene wat glo dat bye geluk bring. Dit was dan ook die rede hoekom die Sharks op die dag gewen het (!).

’n Afrigter van een van die rugbyspanne het gesê dat die spelers na mekaar moet kyk en vir mekaar moet omgee, dan sal die telbord vir homself sorg! Ek wil nie nou al waarde oordele maak nie maar kan nie help om hier net te sê dat ek dink dat hierdie ’n goeie pastorale opmerking is vir ons alledaagse lewe.

Die jaarlikse Drie-Nasies kompetisie is ook groot in Suid-Afrika. Dit vind plaas tussen Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië. Hierdie drie lande is ’n groot faktor in wêreld rugby en hulle gee die pas aan. Sedert die ontstaan van die Wêreldbeker vir rugby in 1987 het een van hierdie drie lande vyf uit die ses keer die titel verower. Die kompetisie tussen hierdie drie lande is dus fel en dit is ’n groot eer om as die Tri-Nations kampioen gekroon te word. Statistieke word tot in die fynste besonderhede gehou. Wat verrassend is, is hoe dikwels daar vasgekyk word teen ’n bepaalde veld of stadium. As die statistieke wys dat ’n span altyd verloor op ’n bepaalde veld, kan mens amper seker wees dit gaan so bly. Loftus is so ’n veld vir die Australianers. ’n Koerantopskrif teen ’n lamppaal op 26 Augustus 2010 lui “Ausies fear Loftus jinx”. In Nieu-Seeland is daar weer ’n veld (Dunedin Rugby Stadion) waar Suid-Afrika net nie kan wen nie. Dit word feitlik ‘n “geloofsverwagting”.

Ek haal ’n paar sinne aan uit ’n koerantberig “***Boks to deliver at Loftus***” op 26 Augustus 2010 deur JJ Harmse in die *Pretoria News*:

> “Loftus Versfeld might have missed out on a Super 14 final this year, but will probably host the most important Test match of the year when the Wallabies take on the winless Springboks on Saturday.”
>
> “This venue has become a fortress to the Bulls in recent times and has seen many glorious moments in the last couple of years.”
>
> “The most significant moment of glory for Blue Bulls fans came in late October when their side brought the Currie Cup back to what many believe is the Cup’s spiritual home.”
>
> “So Loftus Versfeld means many things too many players.”

> "For Habana, who has had mixed fortunes in the current international season, it could be a momentous occasion as well. He is one try shy of breaking the try scoring record of another Loftus icon, Joost van der Westhuizen, and let's be honest; it would be fitting for him to do it at the venue where he became a folk hero. Habana is desperately looking to strike form again and the familiar surroundings might just spice him up."
>
> "As a matter of fact, a lot of Springboks will have to draw on a favourite Loftus moment in order to inspire them to victory. Let's us hope the grand old stadium delivers again. In fact, looking back to the last year alone, it will deliver."

Nog 'n tendens wat algemeen voorkom by Suid-Afrikaanse sport spanne is om 'n kringetjie te vorm en te bid voordat 'n wedstryd gespeel word. Daar word ook gereeld na 'n wedstryd – en ons kry dit veral in rugby – eerste aan God die eer gegee deur die kaptein van die wenspan of deur 'n betrokke speler wie goed gevaar het. Sommige spelers voer dit so ver soos wat Jaco van der Westhuizen in 2007 gedoen het deur na 'n suksesvolle wedstryd met sy "Jesus" hempie op die dwarslat van die rugbypaal te klim. Hieroor is daar verskillende menings. Daar is diegene wat vra dat as God dan aan die kant van die wenspan was, het Hy die span wat verloor het verlaat of in die steek gelaat? 'n Vraag wat 'n luisteraar aan die radiostasie RSG[8] gerig het, het gelei tot 'n interessante bespreking op die program *Loslip*. Die vraag was: "As God die talent om goed te speel aan die Christen speler gegee het, waar kry die nie-Christen speler sy talent vandaan?" Dit het 'n vurige debat ontketen! Hierdie program is op 19 Oktober 2010 uitgesaai. Die omroeper het aan my die sms boodskappe en die e-posse wat hy op daardie dag ontvang het gestuur. Dit is iets om te aanskou. Waar mense gaan draai met 'n vraag soos dié en die liefdelose kommentaar van Christen mense. Ek kan ongelukkig nie alles hier aanhaal nie want dit is 25 A-4 bladsye maar dit was baie insiggewend.

Iets anders wat mens meer op skoolvlak kry is krete alhoewel almal goed bekend is met die Haka van die Nieu-Seelandse rugbyspan. As mens meer gaan lees oor die Haka is dit interessant om te sien dat dit eintlik 'n Maori[9] ritueel is. Dit het 'n tradisie geword om dit voor 'n wedstryd uit te voer en die opposisie werk hard daaraan om nie daardeur beïnvloed te word nie aangesien dit heel intimiderend is. Hulle het selfs

---

[8] RSG is 'n Suid-Afrikaanse radiostasie "Radio sonder Grense"
[9] http://www.newzealand.com/travel/app_templates/haka/en/index_content.html Visited March 2011

verskillende variasies en sommiges word net gebêre vir wedstryde waar hulle “iets ekstra” nodig het (Smith 2009:214).

’n Leuse van ’n Sokkerklub waarop iemand my gewys het en wat klink soos iets wat Christene as hul leuse sou kon voorhou is, is dié van Liverpool. Dit lui: *You’ll never walk alone*. Hulle spanlied sluit daarby aan.

**When you walk through the storm**
**Hold your head up high**
**And don't be afraid of the dark**
**At the end of the storm**
**There's a golden sky**
**And the sweet silver song of the lark**
**Walk on, through the wind**
**Walk on, through the rain**
**Though your dreams be tossed and blown**
**Walk on, walk on, with hope in your heart**
**And you'll never walk alone**
**You'll never walk alone**
**Walk on, walk on, with hope in your heart**
**And you'll never walk alone**
**You'll never walk alone**

’n Paar ander interessanthede wat ek by John Smit raakgelees het is die volgende:

> “It takes a while for a Springbok to register the staggering magnitude of what a Test means to many South Africans.” “… their happiness rests upon your shoulders.”…”The result of a Test deeply affects so many people and you realise that it’s hardly just a game. We discuss it in team talks – how we can affect the psyche of the country on a Monday morning.” (p.111)

Ek sou selfs wou sê op ‘n Sondag oggend. Ek kan nie onthou dat ek al ooit gehoor het dat ’n dominee nié na ’n belangrike rugby wedstryd een of ander opmerking van die kansel af op ’n Sondagoggend, daaroor gemaak het nie.

> “... but the rugby gods were wearing green and gold that day (as opposed to the emerald green of O’Gara’s Ireland)…” (p. 190)

> “As he lined it up, I said a prayer, asking the Big Man upstairs what he had in store for us… and then the kick just sailed and sailed and sailed.” (p. 190)

'… and then changed to my No 1s, not my warm-up kit….” Gewoonlik as die kapteins gaan vir die opskiet van die muntstuk gaan hulle sommer in hulle opwarm klere. Hier het John Smit met sy uitrusting vir spesiale geleenthede na die munt skiet gegaan. Sy opponent was uit die veld geslaan. John wou hê dat hy moes besef hierdie was nie sommer net vir hulle 'n gewone wedstryd nie. Dit was spesiaal.

> “I wanted him to realise that I believed this game was more important to me than it was to him, and this was the first way I could show it. It was a small thing, even a little funny, and I'll never know whether it had an effect or not, but I had a little chuckle to myself when I went back to the change room. I repeated the drill for the second Test, but, ironically, not for the third.” (p. 201-202). (Hulle het die 3de toets verloor!).

> “Jake White loves omens. …and as we passed the Eiffel Tower, the lights flicked on and the spectacular French landmark was bathed in glorious green and gold.” (p. 138)

> “Each squad member was given 25 green armbands to hand out to family and friends, with the slogan 'Bok family energy – we believe in 47'” (p. 138). Sewe en veertig was die aantal lede in die Bok toergroep.

> “… 'Thank you, God'. England hadn't scored.” I was in the maul when the final whistle went. I dropped to my knees and praise the Big Man upstairs. It was so incredibly special.” (p. 154). Hierdie was na die oorwinning oor Engeland tydens die finaal van die 2007 Wêreldbeker.

Hoe lyk ons mense se kleredrag en voorkoms tydens so 'n wedstryd? Dit het oor die afgelope 20 jaar baie verander. Al hoe meer mense dra provinsiale of nasionale klere as hulle gaan rugby en sokker kyk. Vlae is aan die orde van die dag. Verder is daar pette, horings, gesigverf, vuvuzelas, pruike in die kleur van die span wat jy ondersteun, liedere wat gespeel word wat op jou span betrekking het en dies meer. Dit is baie maklik vir ondersteuners om mekaar uit te ken en 'n samehorigheidsgevoel te hê.

Sosiale netwerke maak toegang tot jou gunsteling spelers baie maklik. Ondersteuners kan ook op hierdie wyse – selfs en veral tydens wedstryde – met mekaar kommunikeer. Tydens byvoorbeeld die Curriebeker eindstryd op 30 Oktober

2010 was die stringe kommentaar op Facebook bladsye lank. Dit was ook so tydens die Sokker Wêreldbeker en wanneer die Springbokke of Proteas speel. Wat vir my opvallend op Twitter is, is dat as mens gaan kyk na die aantal "followers" wat sport sterre het, oortref dit by verre die aantal "followers" wat kerkleiers en politieke figure het.

Spelers en afrigters se kommentare is in die publieke oog. Ek haal as voorbeeld 'n "tweet" aan van Pieter de Villiers[10] wat hy op 20 Januarie 2011 geplaas het: "The Proteas prayed for rain tonight! Classic "we don't want to lose again" technique! #beentheredonthat". Let veral op die onderwerp wat volg na die # - "Been there don(e) that".

Op 8 November 2011 het hulle om 9:35 op RSG met dr. Willie Koen gepraat. Hy was die chirurg wat die hartoorplanting op Martin Slabber, 'n elf jarige seun, gedoen het. Wat vir my baie interessant was is dat hy die hartspan vergelyk met 'n rugbyspan. Elke spanlid het 'n funksie en weet wat om te doen. As hulle op die veld draf het hulle een doel voor oë en dit is om punte op die telbord te kry!

Daar is 'n ander fenomeen – die gimnasium. Gaan loer maar net by 'n paar gimnasiums in en jy sal gou besef dat Suid-Afrikaners 'n aansienlike gedeelte van hulle tyd hier spandeer. Philip Yancey beskryf dit uitstekend in sy boek *Finding God in unexpected places* (2008: 8-9):

> I joined the Chicago Health Club after a foot injury forced me to find alternatives to running. It took a while to adjust to the artificiality of the place. Patrons lined up to use high-tech rowing machines, complete with video screens and animation pace boats, though Lake Michigan, a real lake requiring real oars, lay empty just four blocks away. In another room, people working out at Stairmaster machines duplicated the act of climbing stairs - this in a dense patch of high-rise buildings. And I marvelled at the technology that adds computer-programmed excitement to the everyday feat of bicycling.
>
> I marvelled, too, at the human bodies using all these machines: the gorgeous women wearing black and hot pink leotards, and the huge hunks of masculinity who clustered around the weight machines. Mirrored glass, appropriately,

[10] Pieter de Villiers is die huidige afrigter van die Springbok rugby span

sheathed the walls, and a quick glance revealed dozens of eyes checking out the results of all the sweating and grunting, on themselves and on their neighbors [sic]. The health club is a modern temple, complete with initiation rites and elaborate rituals, its objects of worship on constant and glorious display. I detected a trace of theology there, for such devotion to the human form gives evidence of the genius of a Creator who designed with aesthetic flair. The human person is worth preserving. And yet, in the end, the health club stands as a pagan temple. Its members strive to preserve only one part of the person: the body, the least enduring part of all.

## SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die vraag: "Wat gaan hier aan?" Dit staan volgens Osmer se model; bekend as die beskrywend-empiriese taak van praktiese teologiese interpretasie.

Inligting en data aangaande sport, soos waargeneem en versamel oor 'n kwessie van maande, binne die Suid-Afrikaanse konteks, is voorgehou. Daar is veral gefokus op sokker, op die Sokker Wêreldbeker van 2010 en op rugby. Die data sluit in koerantartikels, koerantopskrifte, gesprekke op sosiale netwerke, gesprekke op plaaslike radiostasies ensovoorts.

In die volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die vraag: "Hoekom is dit aan die gang?" Dit is die tweede taak (die interpretatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie.

# HOOFSTUK 4

## DIE INTERPRETATIEWE TAAK

Ons is nou by die volgende taak van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie. Dit is die interpretatiewe taak. Hier word van verskillende teorieë binne die wetenskappe gebruik om tot 'n beter verstaan te kom en om te probeer verduidelik hoekom hierdie patrone en dinamika gebeur of aangetref word. Die vraag wat hier aan die orde is, is: "Hoekom is dit aan die gang?"

In hoofstuk drie is data en grepies inligting voorgehou soos wat dit orals binne die Suid-Afrikaanse "sport" samelewing opduik. Dit dui op ons beheptheid met sport asook ons vermenging van sport en godsdiens sonder dat mens werklik kan agterkom waar die een begin en waar die ander een ophou.

Die vraag is dan nou: "Hoekom is dit aan die gang?" Kan hier sekere momente geïdentifiseer en uitgelig word? Daar moet gesoek word na teorieë binne die wetenskappe waarvan gebruik gemaak kan word om hierdie momente te probeer verstaan. Teorieë is feilbaar en onderworpe aan heroorweging soos wat ons kennis verbreed. 'n Bepaalde teorie benader kennis vanuit 'n spesifieke perspektief of posisie. Geen enkele perspektief kan die volle waarheid weergee nie. Daarom is verskillende perspektiewe dikwels nodig om komplekse, multidimensionele fenomene te verstaan. Die mens het 'n diepgewortelde behoefte aan sekerheid, aan een, ware, regte antwoord. Tog weet ons al dat dit nie so eenvoudig is nie. Hoe meer ons weet hoe meer besef ons hoe min ons weet! Daar is ook altyd die spanning tussen verskillende perspektiewe. Menslike kennis is feilbaar. Die perfekte kennis behoort aan God alleen. Absolute sekerheid en een ware perspektief is dus nie iets waarby ons kan uitkom nie (Osmer 2008:80-84). Tog hoef ons nooit op te hou soek, waar te neem, te identifiseer, uit te lig, te oorweeg, te heroorweeg nie! Alle wysheid kom van God af. Wysheid begin met vrees/eerbied vir die Here, om Hom te ken en in verhouding met Hom te wees. Hieruit vloei 'n gesindheid van openheid tot die wêreld voort. 'n Denkende geloof is 'n geloof wat bereid is om te leer van die intellektuele hulpbronne van die hedendaagse kultuur. Ons móét gewillig wees om te leer by

moderne wetenskappe. Vanuit ŉ teologiese raamwerk kan ons in dialoog tree met die wêreld. As ons dit wys hanteer kan die kerk die wêreld iets bied ten opsigte van die morele en wyse gebruik van menslike kennis (Osmer 2008:93-94). In hierdie hoofstuk word daar slegs na wetenskappe buite die teologie gekyk om te sien watter teorieë en perspektiewe ons buite die teologie kan vind wat meer lig werp op dit wat beskryf is in hoofstuk drie. In die volgende hoofstuk sal die dialoog dan plaasvind tussen hierdie teorieë en ŉ teologiese perspektief ten einde te kyk watter bydrae die teologie tot hierdie tendense binne ons samelewing kan lewer.

ŉ Voorbeeld mag groter duidelikheid gee oor wat in hierdie hoofstuk gedoen gaan word. Osmer (2008:100-113) gebruik die kwessie van alkoholisme en wys op die verskillende teorieë wat gebruik kan word om te probeer verduidelik wat hier aan die gang is. Dit is alles verskillende perspektiewe op dieselfde kwessie. Hieruit blyk duidelik dat die fenomeen *alkoholisme* op baie verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Daar is die mediese model wat alkoholisme beskou as ŉ siekte. Dit kan ook vanuit verskillende sielkundige teorieë benader word, byvoorbeeld die individuele eienskappe en sosiale bevoegdheid teorie. Mense gebruik dwelms en alkohol om sekere tekorte in hul sosiale funksionering te bowe te probeer kom. Die ontwikkelingsteorie kan gebruik word waar gefokus word op adolessensie as ŉ ontwikkelingstadium waar die adolessent vatbaar is vir dwelm en alkohol misbruik. Die disfunksionele familie teorie fokus op destruktiewe patrone binne families en die verhoogde voorkoms van dwelm en alkohol misbruik binne sulke families. Daar is ook verskillende teorieë binne die sosiologie wat gebruik kan word, byvoorbeeld die drinkende kultuur teorie – die kulturele patrone en houding van die gemeenskap teenoor drank beïnvloed drank probleme en alkoholisme; geslag konstruksie teorie – geslag speel op verskillende wyses ŉ rol; en die sosiale drama teorie – narratiewe benadering tot alkoholisme waar elke persoon se individuele verhaal ŉ rol speel.

Daar kan nou gepoog word om die verskillende momente wat in die vorige hoofstuk ter sprake gekom het te benoem. Soos en waar moontlik sal na teorieë binne die verskillende wetenskappe gekyk word om redes te soek om te verduidelik hoekom hierdie momente aan die gang is. Vanweë die beperkte omvang van hierdie studie is dit net moontlik om ŉ paar teorieë per moment aan te raak. Daar is natuurlik meer

teorieë as waarvan hier melding gemaak word, veral aangesien daar interdissiplinêr na hierdie momente gekyk word. 'n Veel omvangryker navorsingsproses is nodig ten einde in meer diepte aandag te gee aan hierdie teorieë en dit nog breër te neem. In hierdie studie word net aan die puntjie van die ysberg geraak.

### 4.1 'N KORT TERUGBLIK

As ons weer deur die vorige hoofstuk beweeg is daar die volgende opgemerk:

- 'n Dier (Paul die seekat) is gebruik om die uitkoms van sokker wedstryde en dan ook die uitslag van die finaal van die Sokker Wêreldbeker 2010 te voorspel.
- Mense wou toenemend hê dat hy ook ander dinge in hul lewens moes voorspel.
- In Afrika is 'n bekende evangelis gebruik om 'n span raad te gee en vir hulle te bid tydens hul voorbereidende wedstryde vir die Wêreldbeker 2010. Hy het ook vir hulle sekere voorspellings gemaak.
- Daar is verskillende rituele wat sportspanne sowel as individuele sportmense as belangrik beskou en getrou navolg.
- Fisiese kontak tussen individue op die veld is aan die orde van die dag en vind soms op oordrewe wyses plaas.
- Sport het 'n saambindende faktor wat as "tribal and together" beskryf kan word.
- Die sport stadium en dinge wat daar rondom gebeur neem dikwels liturgiese eienskappe aan.

- Ongelooflike groot hoeveelhede toeskouers trek saam op sportstadions tydens wedstryde.

- Simbole binne sport is van die uiterste belang en speel vir die spanne en individue ’n belangrike rol.

- Daar is persoonlikhede of figure (soos byvoorbeeld Madiba) wat ’n belangrike rol binne sport speel. Sportmense sal hul alles gee vir so ’n persoon. Op hulle beurt is sportmense weer helde en rolmodelle vir vele.

- Wen is van die uiterste belang. Die druk is enorm. Dikwels is die verwagting om te wen selfs groter by die toeskouers as by die sportmense self.

- Omgee vir mekaar binne sportspanne speel ’n rol in hul sukses.

- Statistieke van die verlede beïnvloed spelers se spel in die hede.

- Gebed voor wedstryde en eer aan God na wedstryde is ’n algemene verskynsel in Suid-Afrika.

- Christene (soos ons gesien het met Jaco van der Westhuizen) wil uitdrukking gee aan hulle geloof op wyses wat in die publieke oog sigbaar is.

- Toeskouers vereenselwig hulle geheel en al met die spanne wat hulle ondersteun. Hulle toon hul ondersteuning met hul kleredrag, vlae, simbole op hul liggame, liedere wat gesing word, gesprekke op sosiale netwerke, ensovoorts.

- Gimnasiums is hedendaagse tempels waar klem op die liggaam seëvier.

## 4.2 VERSKEIE MOMENTE

### 4.2.1 Mense se behoefte om vooruit te weet

Die eerste paar "balle" kan beskryf word as 'n behoefte by mense om vooruit te weet wat gaan gebeur. Verskillende teorieë wat moontlik iets hier rondom kan verduidelik sal nou bekyk word. Ons kan kyk na die **chaos teorie** en die **onsekerheid beginsel in kwantummeganika**:

> The butterfly effect says you need to know the exact location and speed of even the tiniest particles to make predictions about the future. However, the uncertainty principle says there is no way of knowing the exact location and speed of any of these particles. So accurately predicting the future is by definition impossible.…We know we cannot predict the future, not because it is hard, but because it is fundamentally impossible. This suggests that there are multiple possible scenarios for the future and that the selection of the one and true scenario has not yet been made. Otherwise, you would expect that at least theoretically, this scenario could be foreseen. Now the real question is whether we can imagine a universe in which the future is fixed to one possible scenario, that is fundamentally hidden from us.
>
> (Lemans 2008:40, 43)

Lemans (2008:43-44) verduidelik dit deur dit met 'n 'n film te vergelyk. Die einde van die film is 'n gegewe, dit is alreeds vasgestel van die oomblik af wat ons begin om na die film te kyk. Tog kan ons nie die einde van die film voorspel nie. Dit is dus vasgestel maar in essensie onvoorspelbaar.

Daar is weer andere soos Julian Cribb (2006:1-4) wat meen dat dit wetenskaplik moontlik is om met presisie al hoe meer dinge te voorspel. Die presiese tyd van 'n gebeurtenis is nie voorspelbaar nie (wat ooreenstem met Lemans se siening) maar wel dat dit gaan gebeur. Hierdie teorie lê binne 'n nuwe wetenskaplike veld genaamd "**drumpel en patroon dinamika**." Daar moet insig wees in wanneer 'n lewensbelangrike drumpel tot 'n katastrofe of belangrike verandering oorgesteek word. Patrone moet raakgesien word in die dinge wat aanleiding gee hiertoe. Wiskunde en rekenaars word gebruik om 'n model te bou van die faktore wat ongewone en belangrike gebeure aandryf. Deur hierdie modelle vooruit te laat

hardloop word dit moontlik om te voorspel wanneer lewensbelangrike drumpels oorgesteek gaan word – dit is wanneer dinge dramaties gaan verskuif van hul huidige toestand na ’n ander, moontlik gevaarlike of onstabiele toestand. Die voorafgaande het meer gefokus op die voorspelling van gebeure binne die natuur. Hierdie modelle word egter toenemend ook op ander gebiede gebruik. Daar is drumpels binne menslike aangeleenthede ook – oplewings en ineenstortings binne geld markte; skielike verskuiwings in openbare menings; veranderings in gesindhede en optredes binne gemeenskappe; die ontploffing van die Wêreldwye Web (www) en selfs die uitbreek van oorloë. Finnigan (Cribb 2006:4) wys daarop dat menslike verhoudings ’n baie belangrike bestanddeel binne komplekse sisteme (**sisteemteorie**) is. Verhoudings tussen mense vorm ’n enkele samehangende netwerk. Die patrone binne die netwerke beheer wat die groep sal doen en hoe hulle met hul omgewing in interaksie sal tree. Dit is feitlik onmoontlik om individuele optrede en besluite te voorspel. Dit blyk egter moontlik te wees om die patrone van verbindinge tussen mense deur vriendskappe, familiebande of ekonomiese transaksies te verstaan en hieruit voorspellings te kan maak oor wat binne ’n spesifieke gebied kan gebeur.

Binne ander wetenskappe waar menslike gedrag van groot belang is, word daar ook dikwels voorspellings gemaak. Teorieë soos “**forecasting**” en “**backcasting**” geniet aandag. Daar word veral gefokus op die teorie van “forecasting” en aansienlike hoeveelhede navorsing word hieroor gedoen. Verbruikersgedrag kan in baie gevalle redelik goed voorspel word. Hier speel die gevoel wat die verbruiker aan ʼn bepaalde gebeurtenis koppel ʼn groot rol (Ebert, Gilbert & Wilson 2009:353-354).

Teorieë rondom ʼn **verbruikerskultuur** en die hele ideologie wat hiermee saamgaan kan ook hier van waarde wees want dit mag een van die oorsake wees dat mense hier en nou, dus dadelik, wil weet wat in die toekoms gaan gebeur. Mense het so gewoond geraak aan onmiddellike behoefte bevrediging dat hulle nie meer wil wag om te sien wat die toekoms inhou nie. As iemand dit sommer vir hulle kan “voorspel” los dit die probleem van wag op[11.]

[11] Vir meer inligting oor die verbruikerskultuur in Suid-Afrika sien Cilliers 2007 en Conradie 2009

### 4.2.2 Rituele binne sport

ŉ Volgende moment wat raakgesien is, is die belangrikheid van rituele binne sport. Hierdie rituele kan óf dui op persoonlike rituele wat die individuele sportman/sportvrou uitvoer of wat die span gesamentlik uitvoer voor of tydens die wedstryd óf dit kan dui op die ritueel van deelname as sodanig.

Binne **sportsielkunde** wys Quinn (2010:1) daarop dat hierdie rituele wat atlete voor wedstryde en kompetisies uitvoer vir toeskouers wat van buite af kyk, vreemd en belaglik mag lyk. Tog word hierdie rituele so gebruik dat dit wel die atlete se prestasie kan beïnvloed. Neil (1982:99) sê dat dit natuurlike sielkundige meganismes is om die atleet te help om die stres van die kompeterende situasie te hanteer en om ten beste te presteer te midde van die druk. Tesame met die druk om te presteer is daar nog die druk wat van die kant van die ondersteuners af kom. Hulle verwagting dat hul span of hul atleet móét wen skep ook spanning. Dit moet die atleet ook kan hanteer en verwerk.

**Antropoloë** het opgemerk dat die gebruik van rituele en die magiese gekoppel kan word aan omstandighede waaraan risiko en onsekerheid verbonde is. Mense het ŉ baie sterk behoefte om oorsaak en gevolg te verstaan. Sodanige kennis verskaf ŉ gevoel van beheer oor die toekoms. Dit veroorsaak dat mense by tye oorsaak aflei tussen gedrag en uitkomste terwyl daar nie werklik sodanige verband bestaan nie. Sulke foutiewe afleidings staan bekend as illusie van beheer, bygeloof of magiese denke. Sommige bygelowige rituele help prestasie aan terwyl andere geen effek het op die uitkomste nie. Daar is bevind dat mense hul kans op sukses oorskat as hulle voel dat hulle beheer het oor ŉ situasie. Malinowski (Rudski & Edwards 2007:391) het gevind dat in situasies waar elemente van geluk en toeval en hoop en vrees die botoon voer, word die magiese/towery aangetref. Waar die werksaamhede egter seker, betroubaar en onder beheer van rasionele metodes is, is daar geen toorkrag gevind nie. Studies wat kyk na die verband tussen bygeloof, rituele en sport vind dat atlete meer te vinde is vir bygeloof of rituele onder stresvolle omstandighede. Dieselfde bevindings is gemaak waar atlete swak voorbereid is en waar die vlakke van kompetisie hoër is. Hoe belangriker die uitkoms hoe groter is die kans op die

gebruik van bygeloof en rituele. Dit dui op 'n poging om stabiliteit en beheer te verkry deur bygeloof en rituele. Bygelowige gedrag is effektief omdat dit 'n illusie van beheer verskaf tydens stresvolle, onsekere omstandighede. Die verlaging van stres kan help om prestasie te verhoog. Hier het rituele dan 'n plasebo effek. Dit help met fokus en ontspanning. Atlete se kommentaar hieroor is byvoorbeeld as volg: "Ek dra dieselfde uitrusting omdat ek gemaklik, ontspanne en beter voorbereid, voel daarin". "Ek bid voor 'n wedstryd om beserings te voorkom en om meer ontspanne te voel." "Ek doen dit omdat ek nie weet wat sal gebeur as ek dit nie doen nie" (Rudski & Edwards 2007:389, 399-401).

Binne die antropoloog Goffman se **teorie van "deference and demeanor"** (respek en gedrag) speel interaksie rituele 'n belangrike rol. Volgens Goffman (Birrell 1981:359-362, 365) sal individue oor die algemeen poog om onaangenaamhede te vermy. Hulle sal dus alles in hul vermoë doen om verleentheid en negatiewe ervarings te vermy. Daar is egter sommige individue wat hierdie potensieel ongemaklike situasies met genot benader. Hy noem sulke situasies "aksie situasies". Daar is diegene wat gewilliglik en met opset sulke riskante situasies opsoek. Slegs in sulke situasies kan karakter gedemonstreer word. Volgens hom is karakter 'n oordrewe uitbeelding van gedrag. Dit is 'n individu se reaksie op aksie situasies. Dit spesifiseer nie die aktiwiteit van die individu nie maar hoe hy/sy sal optree tydens hierdie aktiwiteit. Tydens aksie situasies, wanneer die interaksie ritueel in die openbaar plaasvind reflekteer die karakter wat geopenbaar word, nie net die self nie maar ook die waardes van die gemeenskap. Dit is dan presies die situasie wat ons kry wanneer sportbyeenkomste binne die openbare oog plaasvind. Die wyse waarop sodanige prestasie binne die openbare oog die algemene waardes van die gemeenskap uitdruk, kan volgens Durkheim en Radcliffe-Brown (Birrell 1981:366) beskou word as 'n seremonie. Dit het verder ook die eienskappe van 'n feesviering. Van hierdie kwaliteite van die individu en die gemeenskap wat tot uitdrukking kom tydens die rituele binne sport is:

- Moed – die vermoë om gevaar te voorsien maar om ten spyte daarvan voort te gaan met die aksie of handelinge wat die gevaar voortbring (Birrell 1981:366).

- Durf of sportiwiteit – die kapasiteit om gefokus voort te gaan en alles in die stryd te werp ten spyte van terugslae, pyn of moegheid. Hier kan ons veral aan voorbeelde dink van atlete wat vasbyt en 'n wedloop voltooi al verg dit hul laaste kragte en al maak hulle lank na hul mededingers klaar. Dit gaan hier oor die voltooiing van die wedloop en nie oor hoe lank dit neem nie (Birrell 1981:367-369).

- Integriteit – die vermoë om die versoeking te weerstaan wanneer situasies opduik waar dit voordelig sal wees om vir 'n rukkie afstand te doen van morele standaarde. Daar is 'n verwagting dat reëls nagekom sal word en dat daar nie gekul sal word nie. Fisiese selfdissipline is 'n gegewe in sport. Sonder die vermoë om gedissiplineerd te oefen sal mens niks kan bereik nie. Morele selfdissipline is 'n verwagting wat nie so vanselfsprekend kom nie. Dit is die vermoë om te verloor sonder om verskonings daarvoor te opper of om die blaam op andere te plaas. Daar was 'n tyd in die middel negentiende eeu wat integriteit so hoog geag is dat daar geen skeidsregters nodig was by sokker wedstryde in Engeland nie. 'n Gedragskode het gegeld wat dit ongehoord of onnodig gemaak het om skeidsregters te hê (Birrell 1981:369-370).

- Selfbeheersing – die vermoë om jouself ten alle tye te beheer en met korrektheid en kalmte op te tree te midde van die stryd. Geestelike kalmte is van die uiterste belang in die meeste sportsoorte. Om deel te neem voor 'n skare plaas druk van 'n ander aard op kalmte en selfbeheersing as wanneer daar geoefen word of deelgeneem word sonder die aanwesigheid van 'n skare mense (Birrell 1981:370-372).

- Hierdie kwaliteite word deur die gemeenskap beskou as inherente moraal en dit is diepe respek waardig. Dit gee uitdrukking aan die karakter van die individu maar ook aan die morele waardes van die gemeenskap waarbinne die individu hom of haarself bevind. Sport het rituele betekenis wanneer karakter gebaseer op gewaardeerde sosiale eienskappe vertoon word. Die

atleet dien as ŉ simbool van die morele waardes van die gemeenskap (Birrell 1981:373).

**Sielkundige** ondersoeke na die voordele van rituele vir top sportpresteerders het gevind dat hierdie rituele meer ingespan word waar die onsekerheid groter en die belangrikheid van die wedstryd hoër is. Atlete met ŉ eksterne lokus van kontrole het ŉ groter geneigdheid tot rituele getoon as atlete met ŉ interne lokus van kontrole. Voorbeelde van rituele is: sommige rugby- en sokkerspelers wil eerste op die veld gaan. Andere wil laaste op die veld gaan. Sommige wil aan die gras raak wanneer hulle op die veld gaan. Sommige spelers wil altyd dieselfde trui, klere of onderklere dra. Dit blyk soms onverklaarbaar dat klaarblyklike verstandige sportmense op ongewone wyses optree voor wedstryde. Dit is dikwels moeilik om te onderskei tussen bygeloof en nuttige voorbereiding. ŉ Funksie van rituele kan wees om die self geestelik voor te berei vir die wedstryd of kompetisie. Hiervoor het rituele ŉ rasionele en nuttige doel. Hoe ontstaan hierdie bygelowige gedrag en hoekom gaan dit voort? Dit kan ontstaan deur gewoonte of as gevolg van die illusie van beheer. Verder is daar die moontlikheid dat mense dink sukses is die gevolg van hul vaardighede en vermoëns maar mislukking is die gevolg van eksterne omstandighede (Schippers & Van Lange 2006:2532-2534).

In ŉ studie wat Schippers en Van Lange in Nederland gedoen het en waaraan een honderd sewe en negentig top sportmense deelgeneem het vanuit top Nederlandse sokker, vlugbal en hokkie klubs, is die volgende interessante inligting bekom in verband met rituele. Daar was 158 deelnemers (80.3%) wat een of meer rituele uitvoer voor ŉ wedstryd. Hierdie rituele het gewissel van die dra van dieselfde skoene tot die eet van vier pannekoeke voor ŉ wedstryd. Verder was daar vreemde rituele soos om ŉ stukkie kougom op ŉ bepaalde plek op die veld neer te sit, die noodsaaklikheid om die nommer 13 te sien voor ŉ wedstryd, die soen van ŉ sokkertrui voor die wedstryd en die rook van ŉ sigaret op die oggend voor ŉ wedstryd. Dit is definitief nie ŉ vreemde verskynsel vir top atlete om rituele te beoefen nie.[12] Opwarmingsrituele was van die mees algemene rituele wat voorgekom het. Deelnemers doen dit meestal in ŉ bepaalde volgorde. Die meeste

[12] Vir 'n meer volledige lys van rituele wat hierdie top atlete beoefen, sien Bylaag A

van hulle is oortuig dat as hulle dit nie só doen nie, dinge verseker verkeerd sal loop. Die teorie wat deur hierdie studie bevestig is, is dat rituele help wanneer die spanning intens hoog is voor 'n wedstryd. Dit mag dan ook die rede wees waarom sportmense bly klou aan rituele selfs al het dit nie die gewenste uitwerking nie. Rituele het dus eerder 'n positiewe as 'n negatiewe effek. Dit werk ook beter vir mense wat daaraan glo as vir hulle wie nie daaraan glo nie. Vandaar die sogenaamde plasebo effek van rituele. Afrigters behoort die potensiaal van rituele in te sien en te gebruik. Daar moet egter gewaak word teen obsessiewe rituele gedrag wat wel skadelik kan wees (Schippers & Van Lange 2006:2539, 2540, 2543, 2548-2550).

'n Onlangse studie binne **sportsielkunde** (Bevers et al. 2011:3-23) bevestig en sluit aan by bogenoemde teorieë in verband met die gebruik van rituele binne sport. 'n Studie is in België gedoen onder 219 nie-professionele atlete wat 7 verskillende sportsoorte verteenwoordig. Bygeloof is gemeet deur die aantal en tipes rituele, die graad van bygelowige gevoelens en verbintenis ("commitment") tot die rituele. Daar is bevind dat sport bygeloof direk verband hou met atletiese identiteit en psigologiese spanning voor 'n wedstryd of kompetisie. Hoe meer ego-betrokke die atlete (atletiese identiteit) is, hoe groter is die spanning wat hulle ervaar en hoe meer waarskynlik is dit dat hulle sport verbandhoudende bygelowe sal ontwikkel. Die vlak van kompetisie beïnvloed die verbintenis tot die rituele. Rituele verbintenis is groter wanneer die onsekerheid en belangrikheid van die wedstryd groter is. Ook hier is empiries bevestig dat bygelowige rituele dien as 'n psigologiese plasebo. Die illusie van beheer en die soeke daarna het weereens sterk na vore gekom. Rituele verskaf 'n gevoel van beheer oor die situasie.

'n Verdere verklaring wat aangebied word maak gebruik van **Lerner se "just world hypothesis"** (Bevers et al. 2011:4-5). Hiervolgens het mense die behoefte om te glo in die regverdigheid en stabiliteit van hulle omgewing. Op grond hiervan glo die individu dat as hy/sy hard werk sal hulle beloon word hiervoor. Vanuit hierdie perspektief sal die atleet 'n ritueel benut as dit hom/haar die gevoel gee dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om die bes moontlike prestasie te behaal. Die ritueel is dan hul laaste bydrae, addisioneel tot wat hulle reeds gedoen het – oefening, opofferings

ten opsigte van dieet ensovoorts. Rituele binne sport is waardevol omdat dit dui op groter betrokkenheid en verbintenis by die atlete wie dit wel beoefen. Rituele help ook met fokus, voorbereiding en die verligting van spanning voor wedstryde en kompetisies. Dit kan met groot vrug gebruik word deur sportsielkundiges en afrigters. Dit mag irrasioneel voorkom vir sommige waarnemers maar dit is ŉ inherente deel van die geestelike en fisiese voorbereiding van sportmense (Brevers et al. 2011:19-21).

### 4.2.3 Fisiese kontak

Fisiese kontak tussen spelers op die rugby en sokkerveld is opmerklik. Marty (1998:19) stel dit as volg: "Let men pat each other's rumps in skin-tight trousers anywhere else as they do after a football play and you will see them stigmatized."
Daar is teorieë oor die **waarde van fisiese aanraking** binne die sielkunde, sosiologie, opvoedkunde, maatskaplike werk en die mediese wetenskappe. Dit word beskou as noodsaaklik vir behoorlike kinderontwikkeling maar tog ook vir volwassenes aangesien ons "liggaamlik" deel is van die wêreld. Dit is meer skadelik vir 'n kind om te min aangeraak te word as te veel. Aanraking verskaf sensoriese inligting wat nodig is vir **gesonde ontwikkeling** (Piper & Smith 2003:880). Verhoogde vrese binne gemeenskappe oor kindermishandeling lei daartoe dat mense wat met kinders werk liewer die veiligste opsie vir hulself en nie noodwendig vir die kind nie, kies. Die hele "geen aanraking" beleid ontwikkel tot 'n situasie waar daar nie behoorlik met die kind gekommunikeer word nie en waar die kind selfs later voel dat hy of sy nie raakgesien word nie. Kinders word geleer dat hulle nie met vreemdelinge mag praat nie. Dit veroorsaak dat normale, spontane gesprekke met kinders binne winkels en selfs op straat verlore gaan. Volwassenes is dikwels bang om spontaan uit te reik na kinders aangesien dit suspisieus mag voorkom (Piper & Smith 2003:881). Die relatiewe klein risiko van misbruik deur professionele persone word oortref deur die veel groter risiko van emosionele en fisiese steriliteit. Dit blyk dat mense wat nie gemaklik is met aanraking nie, in watter verhouding hulle dan ook al staan met andere, waarskynlik nie andere sal aanraak nie. As een persoon gemaklik is met aanraking en ŉ ander een is nie, is daar gewoonlik duidelike seine wat hierdie persone uitstuur om mense te waarsku. Dit is werklik die klein minderheid

van gevalle waar mag wel misbruik word, wat lei tot die morele paniek wat bestaan. Die resultaat hiervan is dan dat die meerderheid kinders se behoefte aan aanraking nie bevredig kan word nie (Piper & Smith 2003: 886).

Navorsing het bewys dat babas en jong kinders ophou floreer as hulle nie genoegsame kwantiteit en kwaliteit fisiese aanraking ontvang nie. 'n Kind wat ontneem word van aanraking of nie genoeg aanraking ontvang nie ervaar allerhande ontwikkelingsprobleme (Hewitt 2007:119). **Neurologiese navorsing** toon dat aanraking noodsaaklik is in die ontwikkeling van die brein se "hardeware" in terme van senuwee-verbintenisse. Selfs vanuit die **antropologie** word gewys op die belangrikheid van aanraking. Dit is die direkte wyse waardeur lewende wesens met die omgewing en met mekaar in interaksie tree (Hewitt 2007:120).

**Kultuur** speel 'n belangrike rol ten opsigte van aanraking. Sommige kulture is net meer gemaklik met aanraking as ander. Jourard het 'n studie gedoen deur reg oor die wêreld te reis en binne elegante restaurante twee mense te kies en hulle waar te neem terwyl hulle saam kuier. In San Juan, Puerto Rico het die twee mense mekaar meer as 180 keer aangeraak. In Parys 110 keer, in Gainsville Florida 2 keer en in Londen 0 keer (Hewitt 2007:121). (Jourard werk vanuit die **sielkunde**).

Field (2002:735) werk binne die **mediese veld**, meer spesifiek vanuit pediatrie en psigiatrie. Haar teorieë fokus hoofsaaklik op aanraking. Sy maak melding van verskeie hormone wat 'n rol speel in individue met **aggressiewe gedragspatrone**. Sy het bevind dat daar 'n direkte verband is tussen fisiese misbruik en verwaarlosing of 'n tekort aan positiewe fisiese aanraking en aggressie. 'n Tekort aan fisiese toegeneentheid (of dan in die meeste gevalle fisiese verwaarlosing) gee aanleiding tot woede, aggressie, hoë vlakke van depressie en swak akademiese prestasie. Field (1999:753) het in interkulturele studie bevind dat binne kulture waar aanraking baie voorkom ("high-touch cultures" soos byvoorbeeld die Franse), vlakke van geweld relatief laag is. Die teenoorgestelde is ook bevind. In kulture waar aanraking beperk

is ("low-touch cultures" soos byvoorbeeld die Amerikaners), is daar hoë vlakke van geweld.[13]

### 4.2.4 "Tribal and together"

'n Volgende moment waarna gekyk kan word is "tribal and together." Hier kan ons ook 'n paar "balle" saamgooi. Daar is 'n saambindende faktor wat sport aan mense verskaf wat mekaar nie ken nie. Daar is die saamtrek van toeskouers op sportstadions en selfs op ander openbare plekke tydens wedstryde. Die kant kies en saamstaan met andere wat dieselfde span ondersteun, al is hulle wild vreemdelinge. Tog is vreemdelinge nie meer vreemd vir mekaar nie omdat hulle mekaar aan hul kleredrag en voorkoms kan uitken. Daar is teorieë binne sosiologie, sielkunde en antropologie wat ons kan aanwend om iets hiervan te probeer verstaan. Volgens die **sosiale identiteit teorie** bestaan die selfkonsep uit 'n persoonlike identiteit en 'n sosiale identiteit. Sosiale identifikasie is die persepsie van behoort aan 'n groep en 'n gevoel van eenheid met die groep. Deur die identifisering met 'n groep ervaar mense hulself as sielkundig vervleg met die groep se lotsbestemming, deel hulle dieselfde lot en ervaar hulle mekaar se suksesse en mislukkings. Identifikasie is 'n komplekse persepsie gebaseer op oortuigings, gesindhede en emosies. Die mees direkte emosionele en gedragsuitdrukking van identifikasie is lojaliteit. Dit behels gewillige, praktiese toegewydheid aan 'n persoon, entiteit of groep (Mael & Ashforth 2001:198). Die gevoel van behoort aan, die persepsie van 'n gemeenskaplike identiteit, is een van die potensiële voordele van identifikasie. Die lede van hierdie groep kan selfs interpersoonlike vreemdelinge bly. Tog deel hulle sekere doelwitte, waardes en oortuigings. Hulle ervaar gemeenskap, sosiale samehorigheid en solidariteit met mekaar. Dit bied 'n teenmiddel teen die afsondering en vervreemdheid wat mense dikwels ervaar in die moderne stedelike lewe (Mael & Ashforth 2001:201).

Toeskouersport het 'n hoof uitlaatklep van identifikasie geword vir baie mense. Sloan (Mael & Ashforth 2001:205) noem ses funksies wat sport kan hê vir bewonderaars: behoort aan, afleiding, stimulasie, ontlading van aggressie, vermaak en indirekte prestasie (die span se suksesse word die individu se eie suksesse). Volgens Beisser

---

[13] Uiteraard sal daar meer veranderlikes wees wat hierin 'n rol speel.

(Mael & Ashforth 2001:205) is hierdie identifikasie met toeskouersport deels 'n kompenserende identifikasie. Dit is te wyte aan die feit dat almal 'n behoefte het om bande te hê met andere. Met die verspreiding van die tradisionele uitgebreide familie en die stam het hierdie behoefte om te identifiseer met 'n groep van soorte, meer intens geword. Die sport toeskouer kan saam met andere byeenkom, sy/haar span se pet opsit, trui aantrek, gesig verf, vlaggie waai, vuvuzela blaas of watter ander vorm van identifikasie met sy/haar span hê en so deel word van 'n groter, sterker familie groep, 'n kollektiewe eenheid. Die behoefte om te behoort aan kan hierdeur bevredig word. Dit kan ook help met die verhoging van eie waarde, selfbeeld vorming en betekenis gee aan die individu se lewe. In sommige gevalle kan dit die individu selfs inspireer tot die bereiking van doelwitte in sy of haar persoonlike lewe. Baie toeskouers ervaar dat hul deelname (alhoewel dit indirek is) hul span se prestasie beïnvloed (Mael & Ashforth 2001:205-207). 'n Mens hoef maar net 'n rugby of 'n sokker wedstryd by te woon om iets hiervan te beleef! Toeskouers skreeu, verduidelik, maak planne namens die spelers en word ten volle deel van die gebeure op die veld.

**Strukturele funksionalisme** is 'n nog 'n teorie wat hier gebruik kan word. Die gemeenskap bestaan uit onderling verbonde en interafhanklike instellings. Elkeen het 'n funksie in die handhawing van sosiale stabiliteit. Sport is een van hierdie instellings. Volgens hierdie teorie het sport 'n positiewe funksie binne die gemeenskap en word dit amper verhef tot heilige status. Sport dra kulturele waardes oor. Dit is opvoedkundig. Dit verskaf 'n uitlaatklep vir fisiese en sielkundige druk. Dit verskaf 'n gevoel van groepsverbondenheid en dit is 'n wyse van sosiale mobiliteit. Dit genereer 'n gevoel van persoonlike kompetisie (Vogler & Schwartz 1993:6).

'n Teorie wat teenoor strukturele funksionalisme staan en wat sport nie as 'n positiewe rolspeler binne die gemeenskap sien nie, is die **konflik teorie** (Vogler & Schwartz 1993:6-7). Volgens hierdie teorie word sport deur die maghebbers gebruik om die massas te ontmens en te beheer. Soos wat Karl Marx godsdiens as opium vir die volk gesien het sien die voorstaanders hiervan sport as die opium vir die volk. Wanneer werkers oor die vorige dag se groot wedstryd gesels kla hulle nie oor die saaiheid van die werk wat hulle moet doen nie. Wanneer sport die drome van ghetto kinders oorheers oorweeg hulle nie ander moontlike roetes van sosiale mobiliteit nie.

Sport verskaf aan die massas 'n tydelike bedwelming ("high") wat hulle fokus van hul probleme wegneem. Dit gee aan hulle 'n verwronge verwysingsraamwerk of identifikasie wat hulle aanmoedig om hul uitkoms te soek op plekke waar hulle dit nie sal kry nie. Hoch (Vogler & Schwartz 1993:7) vergelyk godsdiens in Iran met sport in Amerika en sê dat beide die massas se aandag aftrek van die werklike probleme binne hul gemeenskappe.

De Groot & Robinson (2008) het deur middel van die **sielkundige kontinuum model** ondersoek ingestel na sport entoesiaste/bewonderaars ("fans") se gedrag. Hulle meld dat daar bevind is dat 90% van Engelse sokker entoesiaste na wedstryde gaan as deel van 'n groep. Hulle affiliasie met hul span gee aan hulle 'n gevoel van behoort aan, van kameraderie. Hierdie gevoel van behoort aan help met die opbou van hul selfwaarde. Die uitspraak word selfs gemaak dat daar buiten oorlog, niks in ons postmoderne wêreld is wat meer stamgebonde as sport is nie. Die gevoel van behoort aan en nabyheid word ervaar deurdat groeplede belangrike ervarings deel en so as groep 'n eie identiteit opbou. Die veiligheid en gemak van 'n groep, die gevoel dat jy een is met mense wat soos jy dink, skep die geleentheid vir die individu om sy of haar selfbeeld te verbeter. Sosialisasie is hier baie belangrik. Deur 'n bewonderaar te wees word vriende gemaak en as gevolg van hierdie gemeenskaplike belang en gedeelde emosies vorm 'n sterk band en 'n sterk gevoel van affiniteit ontwikkel.

Vir sommige van hierdie bewonderaars is sport meer as slegs 'n spel. Van hulle sal verjaarsdae, herdenkings en selfs troues mis ten einde wedstryde by te woon. Sommige bewonderaars identifiseer so sterk met hul span dat hulle voel asof hulle 'n lid van die span is. Hulle emosionele en sielkundige reaksies gedurende en na die wedstryd is baie dieselfde as die spelers se reaksies. As deel van die sport "stam" sal hulle deur vuur loop daarvoor (De Groot & Robinson 2008:118-119). 'n Bewonderaar beskryf die verhouding met jou span as "'n huwelik, deur dik en dun, tot die dood ons skei". 'n Mens moet jou span ondersteun deur die goeie én die slegte tye. Daar is verskillende optredes wat by bewonderaars bemerk word: BIRFing; CORFing en BIRGing. BIRFing is "basking in reflected failure". Hier is bewonderaars verbind tot 'n span wat voortdurend onsuksesvol is (bv. die Cheetahs, Lions en Bulls in die 2011

Super 15 rugbykompetisie!). BIRFing skep 'n gevoel van kameraderie tussen hierdie bewonderaars wat steeds hul span ondersteun. Hulle saamstaan en ondersteuning van hul span in moeilike tye laat hulle met 'n gevoel van trots (De Groot & Robinson 2008:130). CORFing is "cutting off reflected failure". Hier sal die bewonderaars eers begin deur op die ander span te skreeu wanneer hul span begin verloor. Later sal hulle egter ook op hul eie span skreeu as hulle aanhou om swak te speel. Dan sal hulle begin om hulself so ver as moontlik te distansieer van die verloorspan. Hulle wil hulself nou glad nie met die span identifiseer nie want hulle vrees hul verloor van hul selfwaarde as gevolg hiervan (De Groot & Robinson 2008:132). BIRGing is "basking in reflected glory" en is gegrond in die **sosiale identiteit teorie**. Bewonderaars se selfwaarde en selfevaluasie word verhoog deur 'n span se sukses. Hulle het egter self niks gedoen om die eer en sukses teweeg te bring nie (De Groot & Robinson 2008:132).

Die **balans teorie** (De Groot & Robinson 2008:132) sluit hierby aan. Mense verkies balans en harmonie eerder as wanbalans. Bewonderaars soek dus na positiewe gevoelens by andere en ook by die span wat hulle ondersteun. Hulle identifiseer hulself ten sterkste met hul span en daarom beskou hulle hul span se sukses as hul eie. Dit maak hulle ook suksesvol in die oë van andere en laat hulle belangrik voel (De Groot & Robinson 2008:132-133).

### 4.2.5 Simbole

'n Volgende "bal" is **simbole** binne sport. Dit is van die uiterste belang en speel vir die spanne en individue 'n belangrike rol.

Die naam, die kleure en die logo van 'n span is baie belangrik. Die verbintenis en getrouheid van die ondersteuners binne sport is in die eerste plek gerig op die span en dan op individuele spelers. Spelers kom en gaan maar die naam en logo van die span dra die tradisie voort. Dit identifiseer die span en roep herinneringe op. Dit dra by tot 'n getrouheid wat verder strek as net 'n groep mense wat byeenkom. Dit help met die skep van 'n kollektiewe identiteit vir die spelers sowel as die ondersteuners. Wanneer die simbool wat die span verteenwoordig êrens gesien word roep dit 'n gevoel van trots op. Die simbool maak jou deel van die span net soos wat die spelers

deel is daarvan. Jy het ŉ gevoel van solidariteit met ander ondersteuners van jou span en die simbole wat jou span verteenwoordig speel ŉ groot rol hierin. Dit ontlok ŉ emosionele reaksie sonder enige verbale kommunikasie (Callais 2010:72).

Vir baie ondersteuners is dit belangrik om voorwerpe te versamel wat verband hou met hul sport spanne. Hulle doen dit getrou en met toewyding. Dit verhoog hul kennis rondom hul span en dit ontwikkel hul selfbeeld. Hierdie kennis kan hulle ten toon stel by familie en vriende en dit verskaf aan hulle aansien en verhoog hul selfwaarde. Daar is diegene vir wie hierdie versameling 'n ernstige saak is. Hulle staan selfs in hul huise 'n spesiale plek af vir hierdie sport objekte. Dit lyk dan behoorlik soos klein heiligdommetjies. (De Groot & Robinson 2008:133-134).

Simbole dra bepaalde boodskappe oor. Daar is rugby ondersteuners in Suid-Afrika wat voel hulle moet die ou Suid-Afrikaanse vlag en die ou Transvaalse Vierkleur laat wapper by rugby wedstryde. Dit veroorsaak dat rugby steeds gesien word as ŉ sport vir wittes (Ndlovu-Gatsheni 2011:279). Daar is egter ook simbole wat gebruik is in ŉ poging om ons as nasie te verenig rondom die Sokker Wêreldbeker van 2010 – die vuvuzelas, die nasionale vlae wat op motors gewapper en om karspieëltjies gepryk het, Bafana Bafana truie en T-hemde wat op Vrydae gedra is ter ondersteuning van die span en om ŉ samehorigheidsgevoel te skep. In ŉ brief aan die Mail & Guardian druk iemand die algemene gevoel tydens hierdie tydperk as volg uit:

> Our national pride has been elevated. We have progressed from a narrow, tunnel-vision nation to one that has become relatively colour-blind. South Africans have taken to wearing their 'football Friday' T-shirts with pride in support of the national team, and it worked magic for them. It felt like the Mandela age had returned. It was a refreshing change from being aware of my colour, the past and how I was viewed by fellow South Africans. It was replaced by a feeling of belonging and pride.
>
> (Ndlovu-Gatsheni 2011:285)

Wanneer Nieu-Seeland rugby speel is die Maori oorlogsstrydkreet, die haka ŉ belangrike seremoniële gebeurtenis. Ander rugbyspelers weet nooit presies hoe om te reageer daarop nie. Dit kan óf geïgnoreer óf direk gekonfronteer word. Die meeste spanne se grootste probleem is dat hulle nie hul eie oorlogskreet het nie.

### 4.2.6 Rolmodelle

Nog ŉ "bal" wat gespeel moet word is die rol van sportmense as rolmodelle in die lewens van andere.

Feezell (2005:20) skryf vanuit ŉ **filosofiese** oogpunt. Hy sê dat sport ŉ geweldige invloed het en dat bekende atlete werklik ŉ morele verskil kan maak in die lewens van mense, veral kinders. Atlete móét besef dat hulle ŉ sosiale verantwoordelikheid het. Om te verstaan wat presies met ŉ "rolmodel" bedoel word, help dit om te besef dat ŉ mens ŉ *rolmodel* op twee wyses kan verstaan. In die enger sin van die woord, is dit beperk tot ŉ spesifieke konteks waarbinne ŉ persoon of persone sal poog om die gedrag van die rolmodel na te aap. In ŉ sportspan word die ervare lede gesien as goeie rolmodelle vir die jonger of nuwe lede. Die afrigter sal byvoorbeeld sê dat die nuwe lede moet kyk hoe die meer ervare spelers die bal hanteer en dit ook so probeer doen, of kyk hoe hulle oefen en ook so probeer oefen, ensovoorts. In hierdie engere sin is die bekende atleet dus ŉ rolmodel van hoe die sport beoefen moet word (Feezell 2005:21).

In die breër sin is ŉ rolmodel iemand wat nagevolg word ook ten opsigte van etiese vraagstukke, byvoorbeeld: "Hoe behoort ek te leef? Watter tipe mens behoort ek te wees?" Hier gaan die persoon se voorbeeld dus wyer as net atletiese aspekte van sy/haar lewe. Hier is die persoon meer as net ŉ rolmodel, hy of sy is ook ŉ morele voorbeeld. Daarom kan mens ook onderskei tussen ŉ rolmodel op ŉ **deskriptiewe** wyse en ŉ rolmodel op ŉ **normatiewe** wyse. ŉ Rolmodel op ŉ deskriptiewe wyse is iemand wie se optrede die objek van navolging is. Iemand wat ŉ rolmodel op ŉ normatiewe wyse is iemand wie se optrede of lewe waardig is om nagevolg te word, dit is ŉ voorbeeld vir andere (Feezell 2005:21).

ŉ Beroemde atleet is ŉ rolmodel in ŉ deskriptiewe sin maar nie noodwendig in die normatiewe sin nie. Net omdat hulle beroemd is beteken dit nie noodwendig dat hul lewe navolgingswaardig is, dat hulle ŉ morele voorbeeld is nie. Mense wil graag glo dat beroemde atlete noodwendig morele voorbeelde is. Hulle oefen hard, is

gedissiplineerd ensovoorts. Feezell (2005:26) het 'n baie geldige argument as hy pleit dat atlete eerder eerlik moet wees daaromtrent dat hulle deskriptiewe rolmodelle is en nie noodwendig normatiewe morele voorbeelde nie. Hulle moet mense en dan veral kinders aanmoedig om hul morele voorbeelde eerder by meer geskikte persone te gaan soek. Beroemde atlete se spesiale (deskriptiewe) morele status word gebaseer op moreel irrelevante kenmerke van hulle lewens, byvoorbeeld dat hulle goed is in sport, dat hulle beroemd is, dat hulle baie geld maak. Hulle sal 'n groter bydrae lewer tot kinders se morele opvoeding deur kinders daarop te wys dat daar ander waardes in die lewe is wat nagevolg kan en behoort te word as hierdie dinge. Feezell (2005:31) voel dat ons sporthelde nader is aan fiktiewe karakters binne 'n drama. Hierdie karakters kan bewonder word binne hierdie denkbeeldige domein (die sport "drama") eerder as persone wie se lewens buite sport voorbeeldig, merkwaardig of selfs interessant is. Ons hoef niks van hul lewens buite sport te weet om hul spel te geniet of om jong spelers aan te moedig om by hulle te leer hoe om te speel nie.

Beroemde atlete strewe vir uitmuntendheid. Hulle optrede weerspieël innerlike kwaliteite soos toegewydheid, dissipline, die wil om te wen, die liefde en respek vir die spel, ensovoorts. Hierin kan hulle nagevolg word (Feezell 2005:32)

Dit gebeur ongelukkig dat sporthelde geïdealiseer word en dat hulle onkrities verhef word tot wat Feezell die morele voorbeeld noem. Doen hierdie helde dan iets wat nie inpas by hierdie geïdealiseerde beeld nie, is die hele volk in oproer en praat die koerante vir dae lank oor niks anders nie. Ons kan hier aan die onlangse voorbeelde dink van Tiger Woods (internasionale golfspeler) en Joost van der Westhuizen (voormalige Suid-Afrikaanse rugbyspeler). Meer skade as goed word dan gedoen. Feezell se mening dat ons die sportheld se optrede tydens sport en sy/haar lewe uit mekaar moet probeer hou, maak vir my sin. Tog moet die sportheld besef dat hy/sy voortdurend in die openbare oog is en moeilik maar net kan leef soos hulle wil. Baie mense (en veral kinders en jongmense) kyk op na hulle. Hulle het definitief 'n sosiale verantwoordelikheid waarvan hulle nie heeltemal kan wegkom nie. "It comes with the territory."

Michael Stone (Johnson 2009:30), ‘n swaksiende driekamp atleet gee ’n ander perspektief. Hy sê dat net deur deel te neem ‘n atleet al ‘n rolmodel is. Omdat hy die frustrasie verstaan om moeilik te sien, gebruik hy sy deelname aan Ironman kompetisies om geld in te samel vir die Foundation to Fight Blindness. Sy wens is dat elke persoon wat betrokke is in sport die geleentheid sal aangryp om ’n bydrae te lewer tot gemeenskapsbetrokkenheid en om te poog om van die wêreld ’n beter plek te maak.

Lines (2001:289) haal die volgende aan uit *Inside Sport* (1998, Januarie, p. 15):

> Sport stars are fashion items, in favour when they win, out when they lose. They have skills worthy of admiration, but they are basically entertainers and their primary task is to enthral.

Dit laat mens besef dat dit nie ’n maklike taak is om ’n sport ster te wees nie, dat die druk groot is en dat die media en selfs die bewonderaars ongenaakbaar is.

Guest & Cox (2009:568) skryf in 2009 dat wetenskaplike literatuur oor die *rolmodel* konsep relatief skaars is. Daar word al hoe meer gepubliseer oor konsepte soos mentorskap maar steeds min wat spesifiek fokus op die aspek van *rolmodel* wees. Alhoewel daar dus baie populêre debatte is oor atlete se rolmodel status, is die funksie van atlete as rolmodelle nog onduidelik en nie genoegsaam nagevors nie.

Guest & Cox (2009:568) wys op die belangrikheid om allereers te verstaan wat met die term *rolmodel* bedoel word. Dit word dikwels uitruilbaar met afgod (“idol”), mentor of held gebruik. Die term *rolmodel* is meer algemeen as hierdie ander drie terme en verwys na enige individu wat beskou word as voorbeeldig of waardig om mee te identifiseer of om na te volg.

Volgens Merton (Guest & Cox 2009:568) se **sosiale rol teorie** is daar sekere gedrag wat gekoppel kan word aan spesifieke sosiale rolle. So is daar dan sekere fisiese begaafdheid en talente wat geassosieer word met ’n spesifieke sportsoort. Op grond hiervan het die invloed van rolmodelle ontstaan. Meer onlangse navorsing wat deur Addis (Guest & Cox 2009:568) gedoen is het bevind dat die *rolmodel* konsep

verbreed het vanaf "rol nabootsing" na die identifisering met 'n omvattende reeks karakter eienskappe wat die gemeenskap assosieer met sukses. Dit bring mee dat atlete nie net rolmodelle is op grond van hulle sport vaardighede en talente nie maar ook op grond van hul persoonlike karakter eienskappe soos moraliteit, patriotisme en wysheid.

Guest & Cox (2009:568) sê ook soos Feezell (sien hierbo) dat atlete dikwels nie in staat is om aan hierdie verwagtinge van hulle as rolmodelle te voldoen nie. Hulle wil net op hulle sport fokus en die eise wat hul intense oefen programme aan hulle stel. Die druk wat dikwels op hulle geplaas word om te alle koste te wen verg reeds baie inspanning om te verwerk. Hulle het werklik nie altyd die krag en die energie om tyd daaraan te spandeer om te reflekteer oor en betrokke te raak by sosiale kwessies nie. Hulle is en bly egter prominente figure in die gemeenskap en word deur hulle bewonderaars as rolmodelle geag. Alles wat hulle doen word haarfyn dopgehou en dikwels ook nagevolg as voorbeelde van hoe mens behoort te lewe. So word hulle kulturele ikone en modelle van normatiewe gedrag. In navorsing wat gedoen is onder atlete in Amerika is bevind dat dit nie vir atlete 'n prioriteit is om rolmodelle te wees nie. Tog is hulle gemaklik daarmee om dit wel te wees en beskou die meeste atlete wat aan die ondersoeke deelgeneem het, hulself as goeie rolmodelle (Guest & Cox 2009:577). Hoe dit in die praktyk uitspeel is egter iets waarmee atlete dalk meer hulp moet kry as wat hulle dink hulle nodig het.

'n Interessante verskynsel in Kanada en Noord-Amerika is dat navorsing nou begin toon dat dit nie net jongmense is wat rolmodelle nodig het nie. Dit is ook nie net meer jong atlete wat rolmodelle is nie. Die "Heart and Stroke Foundation" het 'n waarskuwing uitgereik aan die "baby-boom" generasie. Daar is bevind dat die helfte van hierdie generasie wat in Kanada woon, sittend is – met ander woorde hulle oefen nie – en ongeveer 'n derde is oorgewig. Hulle is gewaarsku oor wat die gevolge hiervan inhou vir hul gesondheid en algemene welstand. Die oudste lede van hierdie generasie word nou sestig jaar oud. Daar is bevind dat hierdie mense besef hulle moet meer aktief raak maar hulle doen dit net nie omdat daar vir hulle een of ander negatiewe stereotipering aan deelname aan fisiese aktiwiteite is (Baker, Horton & Weir 2010:122).

Hier teenoor is die organisasie *Masters Athletes* bestudeer. Daar is bevind dat hierdie atlete van die samelewing se mees suksesvolle verouderaars is. Hulle behou baie hoë vlakke van prestasie terwyl hulle ouer word. Hierdie prestasies het dan ook juis daarvoor gesorg dat die pers hulle begin raaksien het en dan daar navorsing oor hulle begin doen is. Hierdie *Master Athletes* word nou beskou as ideale rolmodelle vir die gemeenskap as 'n geheel maar ook vir ander senior burgers. Daar word geglo dat hierdie rolmodelle dit mag regkry om andere te motiveer om te begin oefen. Hulle mag dit ook in 'n toenemende mate regkry om te help om van die algemene negatiewe beeld van senior burgers ontslae te raak. Met toenemende verbeterde gesondheidsorg en genoegsame oefening kan senior burgers vir heelwat langer aktiewe en aantreklike lede van die gemeenskap bly (Baker, Horton & Weir 2010:122-123).

Suid-Afrika se grootste rolmodel van alle tye is Nelson Mandela. Hy was in sy jong dae 'n bokser. Hy is egter nie 'n rolmodel vanweë sy rol as sportheld nie. Hy is 'n rolmodel vanweë sy lewe en alles daar rondom. Menige boeke het al hieroor die lig gesien en ek gaan nie hier op sy lewe ingaan nie. Ons het reeds in hoofstuk 3 gelees wat John Smit (die huidige Suid-Afrikaanse rugby kaptein) sê oor Mandela se invloed op hulle as rugbyspelers. John Carlin, 'n Britse joernalis het 'n boek geskryf, wat ook verfilm is, oor Mandela en sy rol in Suid-Afrika se 1995 Rugby Wêreldbeker glorie. Mandela het absoluut sy eie voorkeure agtergelaat en omdat hy besef het hoe belangrik rugby vir wit Suid-Afrikaners is, besluit om sy gewig agter hierdie sportgeleentheid te gooi. Hy het besef dat dit die potensiaal het om Suid-Afrikaners te versoen. Hy het baie teenkanting vanuit swart geledere gekry maar hy het die meeste stemme hierteen gesnoer gekry (Carlin 2008:4). Conlin vertel dat hy onderhoude met baie verskillende mense gevoer het terwyl hy navorsing gedoen het om hierdie boek te skryf. Hy sê dat almal met die grootste lof van Nelson Mandela gepraat het en dat dit min gebeur het dat daar nie nat oë was tydens so 'n onderhoud nie (Carlin 2008:5-6). Die Sprinbok rugbyspan waarvan die meeste spelers nie juis enige belang by die politiek gehad het nie, het nadat Nelson Mandela hulle 'n maand voor die Rugby Wêreldbeker kom sien het en sy plan met hulle gedeel het, ingekoop op sy idee. Van daar af het hulle hul alles gegee en was hulle bereid om nie nét rugbyspelers te wees nie maar om ook ter wille van die politiek te speel, om te speel

vir 'n verenigde Suid-Afrika (Carlin 2008:12-13). Nelson Mandela is nie net 'n uitstekende rolmodel ten opsigte van vergifnis en versoening nie maar hy is ook 'n uitstekende rolmodel om vir ons te wys hoe mens van jou vyande vriende kan maak en hoe mens mense kan beïnvloed.

### 4.2.7 Prestasie

'n Volgende "bal" is die moment van wen as die belangrikste uitkoms en die druk wat daardeur op sportmense geplaas word. Die hele kwessie van sukses hang hiermee saam. Daar is bevind dat lede van sportspanne se optrede teenoor mekaar baie belangrik is. Wanneer hulle omgee vir mekaar kan dit bydra om die druk te verlig en sukses te verhoog.

Studies en teorieë rondom die **motivering van menslike gedrag** (Lundberg 2007:23) het die volgende getoon:

- wanneer daar oormatig gefokus word op wen ongeag die koste,
- wanneer swak prestasie gestraf word,
- wanneer kompetisie binne die span geskep word of
- wanneer aandag op spelers gevestig word gebaseer op hul bevoegdheidsvlak,

dit 'n negatiewe invloed op die spelers het. Prestasie neem dienooreenkomstig af.

Die teendeel is ook waar:

- waar daar gefokus word op spanwerk en ondersteuning van mekaar eerder as op kompetisie,

- waar evaluasies gebaseer word op individuele verbetering en bydraes tot die span eerder as op vergelykings met ander spanlede,
- waar die individu geleentheid kry om inspraak te lewer in sy/haar deelname en
- waar alles nie draai om wen ongeag die koste nie,

is die prestasie uitkomste baie beter (Lundberg 2007:23-24).

### 4.2.8 Ruimte van ontmoeting

Nou kan ons die "bal" ingooi rondom die sportstadion en dinge wat daar gebeur. Hiermee saam hang die verskynsel dat groot hoeveelhede toeskouers saam trek op sportstadions tydens wedstryde. Die **sosioloog** Harry Edwards en die **antropoloog** Victor Turner wys daarop dat terwyl die religieuse belewenis of ervaring met individue gebeur, dit dikwels plaasvind in ŉ gemeenskaplike konteks (dit sou dan volgens hulle in ŉ kerk, ŉ stadion of ŉ arena kon wees). Volgens Edwards (Bain-Selbo 2008a:10) verskaf sport ŉ gevoel van behoort aan en ŉ geleentheid om kragtige emosies te koester en uit te druk. Die gevoel van behoort aan, die van aangesig tot aangesig ontmoeting met andere in ŉ gemeenskap, noem Turner volgens Bain-Selbo (2008a:10) **communitas**[14]. Die tipiese stadion is die plek waar verskeie rituele plaasvind en communitas ervaar word (Bain-Selbo 2008b:7) Dit is ŉ ervaring van die gewyde of heilige. Hierdie religieuse ervaring van communitas kan op ŉ verskeidenheid van plekke plaasvind – van die kerkbank tot die pawiljoen sitplek. Die ervaring van communitas is universeel. Dit is dieselfde in beide gevalle (die kerkbank of die pawiljoen sitplek), dit word net anders benoem (Bain-Selbo 2008a:10). Die bywoon van ŉ wedstryd verskaf ŉ effektiewe manier om vir ŉ ruk lank weg te kom van jou probleme en bekommernisse. Dit is waar van die meeste sport, godsdienste en vorms van vermaak. Dit neem ons gedagtes weg van die daaglikse probleme en lei ons aandag af vir ŉ rukkie. ŉ Ondersteuner skryf dat om na ŉ wedstryd toe te gaan bied ŉ wegkom kans vir ŉ paar ure. Dit maak nie saak wat in die wêreld aan die

[14] 'n Ruimer verduideliking van "communitas" volg verder aan

gang is nie, hoe erg deurmekaar die wêreld is nie en wie teen wie oorlog maak nie. Vir 'n paar ure kom almal met almal oor die weg en voel dit of alles in die haak is (Bain-Selbo 2008b:13).

**Kulturele antropologie** help ons om iets te verstaan van die prosesse wat binne gemeenskappe plaasvind. Victor Turner, 'n antropoloog, gebruik drie konsepte – *societas*, *liminaliteit* en *communitas* (Wepener 2009a:74). *Liminaliteit* is 'n vloeibare, oorgangsfase. Hierdie periode van liminaliteit is een van refleksie. Kwessies wat vantevore sommer net aanvaar is word nou van nader beskou en bedink. In hierdie periode is daar 'n gevoel van kameraderie, 'n klasloosheid. Deur hierdie proses van liminaliteit ontwikkel *communitas*, 'n vorm van gemeenskap en situasie wat meer informeel en los gestruktureerd is. Tye van onsekerheid en oorgang is kenmerkend aan 'n periode van *communitas*. Voor en na die periode van *liminaliteit* kry ons 'n staat van *societas*. Dit is 'n gestruktureerde periode wat gekenmerk word deur 'n situasie van geordenheid wat op 'n formele wyse funksioneer. Dit is 'n tydperk wat die gemeenskap sy probleme onder beheer het, goeie strukture in plek het en groei plaasvind. *Societas* kan beskryf word as struktuur en *communitas* as anti-struktuur. Gedurende die liminale periode van 'n oorgangsfase kan hierdie anti-struktuur slegs bestaan as gevolg van die realiteit of moontlikheid van *societas* of struktuur. Beide is nodig in 'n sosiale proses (Wepener 2009a:74-76). Liminaliteit is nie net 'n periode van oorgang nie maar ook 'n periode van potensiaal. Dit gaan nie net oor "wat gaan gebeur" nie maar ook oor "wat kan gebeur." Iets nuuts kan hieruit voortspruit (Turner 1995:location 195-198).

Alan Hirsch (2009:170) gee 'n goeie samevatting van Victor Turner se bevindinge rondom *liminaliteit* en *communitas*. By baie stamme in Afrika word seuns tot op die ouderdom van ongeveer dertien versorg deur hul moeders. Wanneer hulle dan ongeveer dertien jaar oud is, sal die mans een nag die vroue kamp of dorpie binnesluip en die seuns "ontvoer". Die seuns word geblinddoek en in die bosse ingejaag. Hulle word besny en dan aan hul eie lot oorgelaat om self te oorleef in die veld. Dit kan vir so lank as ses maande duur. Die oudstes van die stam sal hulle een keer per maand besoek om hulle te ondervra ("debrief") en te mentor. Hierdie jong seuns moet dus put op innerlike krag en uiterlike bronne ten einde te oorleef. Die

omstandighede van liminaliteit forseer hulle om te groei van gedisoriënteerde individue na 'n groep met 'n sterk band van kameraadskap. 'n Gevoel van kameraadskap wat vloei uit so 'n gedeelde beproewing of ontbering, is wat Turner *communitas* noem (Hirsch 2009:170). Hierdie jong seuns moet op mekaar vertrou ten einde te kan oorleef in die veld. Dit het intense gevoelens van sosiale saamwees en behoort aan tot gevolg. Na hierdie tydperk gaan die jong seuns terug na die stam as mans. Hulle word nie langer as seuns beskou nie (Hirsch 2009:170-171).

In Suid-Afrika is dit nou al soveel jare na die groot veranderings, die groot oorgangstydperk en behoort ons in 'n periode van *societas* te wees. Tog is daar nog steeds soveel onsekerhede, soveel aanpassings wat gemaak moet word. Ons vind nog steeds ons voete en verkeer dus tog nog in 'n groot mate in 'n fase van *liminaliteit*. Vandaar moontlik die feit dat ons hierdie kenmerke van *communitas* opmerk binne die ruimtes van sport. Dit bly 'n plek, 'n ruimte, 'n modus van *communitas* wees waar ons tydelik kan ontvlug van al die onsekerhede en druk, die gestruktureerdheid van ons alledaagse lewe. Hierdie saamwees verskaf aan ons 'n gevoel van kameraadskap.

Feezell (2005:30) gebruik 'n aanhaling van Novak (uit sy *Joy of sports*), wat ek dink baie sê oor hoe ons deur sport probeer ontvlug van die realiteite van die lewe:

> Believers in sport do not go to sports to be entertained; to plays and dramas, maybe, but not to sports. Sports are far more serious than the dramatic arts, much closer to primal symbols, metaphors, and arts, much more ancient and frightening. Sports are mysteries of youth and aging, perfect action and decay, fortune and misfortune, strategy and contingency. Sports are rituals concerning human survival on this planet: liturgical enactments of animal perfection and the struggles of the human spirit to prevail.

Die **sielkundige konsep van "vloei" ("flow")** van Mihaly Csikszentmihalyi (Bain-Selbo 2008a:10) behels die verdiep wees van die individuele psige in 'n aktiwiteit wat produktief, kreatief en van persoonlike waarde is. Dit is die staat of toestand waarin mense so betrokke is in 'n aktiwiteit dat niks anders saak maak nie. Die ervaring self is so genotvol dat mense dit sal doen ten spyte van die koste verbonde daaraan, net ter wille daarvan om dit te kan doen. "Vloei" ervarings kan binne verskeie aktiwiteite

plaasvind, van die verf van 'n skildery tot dans tot die skep van 'n hout kabinet. Dit kan gebeur binne godsdienstige agtergronde. Dit kan ook binne sport gebeur. Spel, kuns, rituele en sport is voorbeelde van "vloei" volgens Csikszentmihalyi. As gevolg van die wyse waarop dit saamgestel is help dit deelnemers en toeskouers om 'n stemming te bereik wat hoogs genotvol is. Tydens 'n sport gebeurtenis hou die spelers en die toeskouers op om volgens gesonde verstand op te tree. Hulle konsentreer eerder op die besondere realiteit van die spel. Die "vloei" ervaring is dieselfde óf dit nou in die kuns studio, die kerk of die stadion plaasvind. Die konteks sal slegs bepaal hoe ons die "vloei" ervaring sal benoem (Bain-Selbo 2008a:10).

#### 4.2.9 Goddelike rol

Die volgende twee "balle" is die verskynsel van gebed voor wedstryde en eer aan God na wedstryde. Ons het ook gesien dat sportmanne en vroue uitdrukking wil gee aan hulle geloof op wyses wat in die publieke oog sigbaar is. Baker (2005:1) sê dat afrigters en atlete deelneem aan gebede voor en na wedstryde vir almal om te sien. Daar is ook sigbare tekens tydens wedstryde en erkenning aan God nadat wedstryde gewen is. Godsdiens en sport loop hand aan hand en versterk mekaar. Hy wys egter daarop dat dit nie 'n nuwe verskynsel is nie. Dit word wel in 'n unieke moderne vorm uitgedruk maar dit is nie iets nuuts binne die wêreld se **geskiedenis** nie.

Sport was van die vroegste tye af in nabye verhouding met religieuse mitologie en rituele. Deur seremoniële danse en kompeterende spele is daar gepoog om die gode gelukkig te hou ten einde vrugbaarheid, goeie oeste, suksesvolle jagtogte en oorwinning in oorloë te verkry. Deur Homer se oë sien ons dat die gode belangstelling getoon het in die atletiek nommers wat plaasgevind het. Soos moderne atlete hul wen of verloor toeskryf aan die "wil van God", so het die antieke jong Grieke die gode blameer of geprys afhangende van die uitkoms van die kragmeting. So vroeg soos 1000 v.C. kry ons dit dat atlete opkyk na die hemel op soek na hulp.

Tydens die oorspronklike vyf dae program van die Griekse Olimpiese spele is slegs twee en 'n half dae spandeer aan atletiek kompetisie. Die res van die tyd is in beslag

geneem deur religieuse rituele waarvan die openingseremonie die belangrikste was. Dit het die hele eerste dag in beslag geneem. Atlete en hulle afrigters het ede, gebede en offers aan Zeus gebring (Baker 2005:2-3). Ons kry dit vandag steeds dat groot sport byeenkomste gekenmerk word aan indrukwekkende openingseremonies.

Toe die Romeine by die Grieke heerskappy oorgeneem het, het hulle die Griekse gode oorgeneem maar hul name verander. Zeus het Jupiter geword maar hy is nie deur die Romeine geassosieer met kompeterende sport nie. Alhoewel die Romeinse vermaak ook gebaseer was op antieke religieuse feeste, het religie en sport vir ‘n wyle van mekaar geskei geraak ten tye van die brutaliteit van die Colosseum en die dinge wat plaasgevind het rondom die Circus Maximus. Die vroeë Christene het die Griekse atletiek aanvaar maar hulle was glad nie gewillig om hulself te vereenselwig met die  Romeinse sport nie. Met die val van die Romeinse Ryk het die interaksie tussen religie en sport na noord Europa verskuif.

Verskeie vorme van balspel het ‘n integrale deel geword van Paas seisoen seremonies reg oor Europa. Priesters orals was deel van hierdie bal spele. Die Middeleeuse kerk het balspel in hul religieuse programme geïnkorporeer en dit het gehelp om dit en ander ontspanningsaktiwiteite gewild te maak. Tesame met die tyd wat hulle geskep het vir spel het die Middeleeuse kerk ook ruimte vir spel (dit is die fisiese ruimte) geskep. Aanvanklik is kerkgronde gebruik vir hierdie spele. Later is meer ruimte benodig en is ander kerk beheerde gronde beskikbaar gestel hiervoor. ‘n Sport soos byvoorbeeld tennis het in Franse kloosters ontstaan. Kerklikes van die Renaissance tydperk het dit beskou as die ideale sport om goed gebalanseerde geestelike en fisieke vermoëns daar te stel.

Die Hervormers was minder positief ingestel teenoor sport (Baker 2005:3-5). Calvyn se siening was dat as jy op God fokus sal jy meer tyd aan werk en gebed spandeer as aan sport en spel. Elke minuut, uur, dag is God gegewe en moet produktief wees. Spel en sport is nie as produktief beskou nie (Mechikoff & Estes 2002:116-117). Sport was vir hom eerder iets wat heilig lewe verhinder het. Die Puriteine het hierdie siening in ‘n selfs strenger mate voortgesit. Hulle het sport soos voetbal, wat plesier verskaf, veroordeel. Hulle het dit as volg beskou: "wakes or feasts, may-games,

**sports** and plays, and shows, which trained up people to vanity and looseness, and led them from the fear of God" (Baker 2005:1252).

Die ontstaan van die Young Men's Christian Association (YMCA) in 1844 in London en wat later 'n internasionale organisasie geword het, het weer 'n klem verskuiwing laat ontstaan. Die doel van die organisasie was om Christelike beginsels in die praktyk uit te leef en te streef na 'n gesonde gees, siel en liggaam. Kerke het weer al hoe meer aktief betrokke geraak by sport. Daar was veral na 1945 'n groot oplewing. Die evangelis Billy Graham het die gebruik geïnisieer om ster atlete te gebruik om in die openbaar hul getuienisse te deel. Hy het sy evangelistiese organisasie as 'n "span" gesien en het gereeld van **sport** stories en metafore gebruik gemaak in sy preke. Hy het van die bekendste sportstadions gebruik gemaak vir sy uitreike.

Hierdie vermenging van **sport** en wedergebore **godsdiens** het gelei tot verskeie organisasies soos Sports Ambassadors (ontstaan in 1952), Fellowship of Christian Athletes (1954) en Athletes in Action (1966). Hulle hoof doel was om sport te gebruik om mense te bekeer tot Christus. Hulle fokus was hoofsaaklik op hoërskool en universiteit atlete. Van die sestiger jare af het die evangeliese gees egter deurgespoel na professionele sport. Teen 1975 het elke groot professionele voetbal en bofbal span in Amerika 'n kapelaan in diens gehad of indien nie, het hulle 'n geskeduleerde erediens gehad vóór wedstryde op Sondae (Baker 2005:1254-1255).

Die toename in belangrikheid van sport sedert die sestiger jare is ook in lande soos Australië en Engeland beleef. 'n Amerikaanse professor in Joernalistiek het in die vroeë 1960's na Austaliaanse sport joernaliste verwys as "not merely reporters, heralds and chroniclers of muscular events; they are priests of a national cult" (Ward 2009:647). Verskeie kommentators wêreldwyd het sport al dikwels as 'n sekulêre godsdiens beskryf. Die Engelse Lord Mancroft het die volgende gesê, alhoewel dit waarskynlik tong in die kies was: "the English are not a spiritual people, and so they invented cricket in order to have some conception of eternity" (Ward 2009:647).

Die **geskiedenis** dui dus daarop dat sport en godsdiens nog altyd nou verwant was aan mekaar. Sport is oor die algemeen beskou as 'n bondgenoot wat sosiale kohesie

en morele beginsels ondersteun. Dit was slegs vir ’n kort tydperk tydens die Reformasie en daarna wat die siening teenoor sport minder positief was. Sport en godsdiens het egter nog nooit heeltemal los van mekaar of onverskillig teenoor mekaar gestaan nie (Baker 2005:6, 8-10). Ons sien definitief van hierdie geskiedkundige tendense in Suid-Afrikaanse sport. Na my wete is daar egter nog nie predikante in diens van groot spanne nie. Daar is wel sportmense wat getuig dat hulle onder mekaar Bybel lees voor groot kompetisies en ons sien hulle definitief op die veld of in die kleedkamers bid voor kompetisies. Daar is ook ’n gemeente in Pretoria wat jaarliks voor die Comrades marathon ’n erediens het wat opgedra word aan die atlete. Bekende atlete word genooi om tydens die diens op te tree. Hier word spesifiek vir die atlete wat gaan deelneem gebid.

### 4.2.10 Fnuiking van die dood

’n Laaste “bal” is die hedendaagse verskynsel dat gimnasiums soos tempels is waar klem op die liggaam seëvier. Hierin lê daar iets van ’n poging om die dood te fnuik. Philip Yancey (2008:8-10) skryf baie treffend hieroor. Ek haal dit graag uitvoerig aan:

> According to Greek mythology, people once knew in advance their exact day of death. Everyone on earth lived with a deep sense of melancholy, for mortality hung like a sword suspended above them. All that changed when Prometheus introduced the gift of fire. Now humans could reach beyond themselves to control their destinies; they could strive to be like the gods. Caught up in excitement over these new possibilities, people soon lost the knowledge of their death day. Have we moderns lost even more? Have we lost, in fact, the sense that we will die at all? Although some authors argue as much (such as **social theorist** Ernest Becker in The Denial of Death), I have found that behind the noise of daily life, rumors of another world can still be heard. The whispers of death persist, and I have heard them, I believe, in three unlikely places: a health club, a political action group, and a hospital therapy group. I have even detected the overtones - but only overtones - of theology in these unexpected places”...
>
> “Ernest Becker wrote his book and died before the exercise craze gripped America, but I imagine he would see in health clubs a blatant symptom of death-denial. Health clubs, along with cosmetic surgery, baldness retardants, skin creams, and an endless proliferation of magazines on sports, swimsuits, and dieting help direct our attention away from death toward life. Life in this body. And if we all strive

> together to preserve our bodies, then perhaps science will one day achieve the unthinkable: perhaps it will conquer mortality and permit us to live forever, like Gulliver's toothless, hairless, memoryless race of Struldbruggs.
>
> Once, as I was pedalling nowhere on a computerized bicycle, I thought of Kierkegaard's comment that the knowledge of one's own death is the essential fact that distinguishes us from animals. I looked around the exercise room wondering just how distinguished from the animals we modern humans are. The frenzied activity I was participating in at that moment - was it merely one more way of denying or postponing death? As a nation, do we grow sleek and healthy so that we do not have to think about the day our muscular bodies will be, not pumping iron, but lying stiff in a casket?
>
> Martin Luther told his followers, "Even in the best of health we should have death always before our eyes [so that] we will not expect to remain on this earth forever, but will have one foot in the air, so to speak." His words seem quaint indeed today when most of us, pagan and Christian alike, spend out days thinking about everything but death. Even the church focuses mainly on the good that faith can offer now: physical health, inner peace, financial security, a stable marriage.
>
> Physical training is of some value, the apostle Paul advised his protégé Timothy, but godliness has value for all things, holding promise for both the present life and the life to come. As I pedalled, straining against computer-generated hills, I had to ask myself: What is my spiritual counterpart to the Chicago Health Club? And then, more troubling: How much time and energy do I devote to each?

**Sielkundige studies en teorieë** wat die motivering om te oefen bestudeer se bevindings stem ooreen met Yancey se waarnemings. Lewis & Sutton (2011:93) het gevind dat 'n sekere vlak van selfsugtigheid nodig is ten einde gereeld te oefen. Tyd wat in die gimnasium spandeer word is geneig om tyd te wees wat aan die self spandeer word. Dit gaan oor die keuse om "me-time" te beoefen. Volgens hulle moet programme wat oefening wil aanmoedig dan juis die belangrikheid van "me-time" beklemtoon ten einde deelnemers se fisiese en sielkunde welstand te bevorder.

Daar is 'n verskeidenheid **teorieë wat die motivering van menslike gedrag** bestudeer. Navorsing wat die **selfbeskikking teorie** gebruik is van mening dat mense wat fisies aktief is, wat oefen en aan sport deelneem dit doen op grond van die geleentheid wat dit bied om basiese psigologiese behoeftes te bevredig. Hierdie behoeftes sluit dinge in soos vaardigheid – om te voel dat jy goed is in 'n bepaalde taak of aktiwiteit; outonomie – die ervaring van 'n gevoel van vryheid deurdat jy in staat is om die aktiwiteit te kies; en verwantskap – die gevoel van verbonde wees

aan andere. Die selfbeskikking teorie beskou hierdie drie komponente as essensiële komponente vir die motivering van menslike gedrag (Lundberg 2007:22).

## 4.3 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is die data wat in hoofstuk drie voorgehou is, belig om aan die hand van Osmer (2008:79-128) se tweede taak (die interpretatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie, die vraag: "Hoekom is dit aan die gang?" te probeer beantwoord. Teorieë vanuit verskillende wetenskappe (teologie uitgesluit) is gebruik om hierdie momente te probeer verstaan. Die momente wat aandag geniet het, was:

- Mense se behoefte om vooruit te weet wat gaan gebeur.
- Rituele binne sport
- Fisiese kontak
- "Tribal and together"
- Simbole
- Rolmodelle
- Prestasie
- Ruimte van ontmoeting
- Goddelike rol
- Fnuiking van die dood

In die volgende hoofstuk sal hierdie tien momente weer opgeneem word. Hier sal Osmer se derde taak (die normatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie gebruik word, ten einde te poog om die vraag: "Wat behoort aan te gaan" te beantwoord.

# HOOFSTUK 5

## DIE NORMATIEWE TAAK

Die derde van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie is die normatiewe taak. Die vraag wat hier beantwoord moet word is: "Wat behoort aan te gaan?" Teologiese refleksie oor die tien momente wat in hoofstuk vier uitgelig is, is hier nodig. Wat is die teologiese dimensies van wat hier aangaan? Hoe kan ons vanuit 'n teologiese basis in gesprek tree met teorieë vanuit die ander wetenskappe wat moontlike redes bied vir hoekom hierdie momente binne ons gemeenskappe aangaan?

Osmer (2008:130-132) stel drie maniere voor waarop hierdie taak benader kan word:

i) Teologiese konsepte word gebruik om episodes, situasies en kontekste te interpreteer.

ii) Etiese norme word gebruik om oor gewoontes, gebruike en gebeure te reflekteer en om rigting daaraan te gee.

iii) Wat is goeie gebruike of gewoontes? Hier behoort ons van die wysheid van andere gebruik te maak. Tradisie en wat ons daaruit kan leer sal ook hier 'n rol speel.

Die normatiewe perspektief het nie ten doel om vir ons uit te spel hoe om sekere doelwitte te bereik nie. Dit is die pragmatiese taak. Die normatiewe taak help ons egter om te bepaal wat ons behoort te poog om te bereik (Osmer 2008:131-132).

## 5.1 DIE TIEN MOMENTE VANUIT 'N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

### 5.1.1 Mense se behoefte om vooruit te weet wat gaan gebeur

Die mens se behoefte om vooruitkennis te bekom is 'n eeue oue verskynsel. Die Ou Testament waarsku al hierteen in Deuteronomium 18:9-14. In 1 Samuel 28:1-25 lees ons oor Saul wat hierdie verbod verontagsaam alhoewel hy geweet het dat dit verkeerd is. Hy het dit self vroeër in sy lewe verbied. Die Here antwoord nie sy vrae nie. Hy is so angstig om die wil van die Here te hoor, dat hy homself wend tot praktyke wat hyself verbied het. Saul raadpleeg die heks van Endor. Die rampspoed van vooruitkennis word hier geïllustreer. Saul hoor dat hy en sy seuns die volgende dag sou sterf. Bergen (2001:267) wys daarop dat die Tora hierdie wyse om vooruitkennis te bekom, verbied omdat dit vertroue op bonatuurlike leiding bevorder, anders as om op die leiding van die Here te vertrou. Soos wat ons gesien het in hoofstuk drie het mense vandag steeds, soos Saul van ouds, 'n behoefte om vooruit te weet. Vandaar die beheptheid om iemand (Paul die seekat) wat lyk of hy sodanige kennis kan bekendmaak, te raadpleeg. Wat doen die kerk om mense te help in hul soeke na leiding? Laat die Kerk haar profetiese stem genoegsaam hoor? Slaan sy ag op teorieë vanuit die ander wetenskappe (soos bespreek in hoofstuk vier) wat wel aan hierdie saak aandag gee.

Wetenskaplikes poog voortdurend om met formules alles wat in die heelal gebeur uit te werk en voorspellings te maak. By geleentheid het hulle al gedink hulle het dit reggekry. Isaac Newton se wette en sy boek *The mathematical principles of natural philosophy* het gelei tot die boodskap dat die *natuur wette het en dat ons dit kan vind* (Stewart 1997:location 297). Alles het redelik onder beheer gelyk totdat die *chaos* teorie 'n speek in die wiel kom steek het. In die vroeë sestiger jare het Edward Lorenz "per ongeluk" agter gekom dat 'n klein veranderlike (iets soos 'n vlinder wat sy vlerke klap) die potensiaal het om iets groots te ontlok. Die geklap van 'n vlinder se vlerke kan 'n geringe verandering in die atmosfeer teweeg bring. Oor 'n periode van tyd kan dit veroorsaak dat die atmosfeer afwyk van hoe dit sou wees as die vlinder nie sy vlerke geklap het nie. Dit kan tot gevolg hê dat 'n tornado wat sou gebeur nie meer

gebeur nie óf dat dit wel gebeur (Stewart 1997:location 2438). Die vlinder veroorsaak of voorkom nie die tornado nie. Dit beïnvloed egter die tydsberekening van die omstandighede wat nodig is vir 'n tornado om op te bou of wat sal keer dat 'n tornado wel vorm (Stewart 1997: location 2503). As gevolg van iets so klein en nietig soos 'n vlinder is dit nie vir ons moontlik om selfs eers weerpatrone presies korrek te voorspel nie!

Tog is daar ook bevind dat selfs chaos nie sonder 'n mate van orde is nie. Chaos bestaan uit 'n kombinasie van stabiliteit en onvoorspelbaarheid (Stewart 1997: location 2465). Orde word dikwels gelyk gestel aan goed en wanorde aan sleg. Orde en chaos word gesien as teenoorgestelde pole. Van die vroegste tye af poog die mens om wanorde en chaos te beheer en onder sy mag te bring (Stewart 1997: location 270-278).

Die boodskap van Genesis 1 is dat God nie 'n God van chaos is nie maar een van orde, 'n orde wat 'goed" is. Elohim se skeppende mag is 'n ordenende mag. Hy skep orde in die chaos. Tog wis God nie die nag, simbool van moontlike chaos, uit nie. Hy vernietig nie wanordelike moontlikhede nie. God se skepping beteken nié gewaarborgde volhoubaarheid, sukses en orde nie. God stel grense aan donkerte en water. Tog staan die hele skepping of kosmos altyd in die skaduwee van 'n bedreigende chaos. Die kosmos is nie volmaak en volledig afgerond nie. Dinge is nie altyd seker nie en dit is ook nie so vasgestel dat alle onsekerheid en twyfel opgeruim is nie. Dinge kan verkeerd loop. Die magte van chaos kan nog 'n rol in die mens se toekoms speel. Dit is die tragies-ironiese kant van die mens wat ons regdeur die Bybel sien afspeel (Esterhuyse 2010:96-105).

Die alomteenwoordigheid van chaos wat veroorsaak dat ons niks met sekerheid kan voorspel nie, hoef ons nie in moedeloosheid te dompel nie. Daarvoor is die boodskap van die Bybel té duidelik. Al kan ons nie voorspel wat in ons alledaagse lewe gebeur nie is ons eindbestemming as gelowiges reeds voorspel. Ons weet die oorwinning is reeds in en deur Christus vir ons behaal. God is in beheer. Hy rig die mensegeskiedenis en inisieer die verloop van gebeure. Omdat ons weet dat God die Oorwinnaar is het ons moed vir die hede en hoop vir die toekoms. In die krag van die

Heilige Gees kan ons as gelowiges volhard in die geloof en 'n verskil maak in 'n wêreld met min hoop (Du Rand 2007:633-634). As kerk kan ons leef met optimisme en hoop. Ons het 'n boodskap vir die wêreld. Ons wéét wat die uiteinde van die toekoms sal wees en daarom kan ons ons toekoms in God se hande plaas. Ons hoef nie antwoorde oor ons toekoms by 'n seekat te gaan soek nie.

### 5.1.2 Rituele

Rituele vanuit 'n teologiese perspektief is nie iets ongewoons nie. In die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament speel die erediens 'n belangrike rol. Ons sien in die Ou Testament dat die erediens 'n sentrale plek ingeneem het in die Here se verhouding met sy volk. Die erediens en die reëlings (rituele) hier rondom neem 'n groot deel van die Ou Testamentiese geskrif in beslag. In die Nuwe Testament sien ons dat die erediens van die begin af 'n sentrale rol gespeel het in die lewe van die kerk (Burger 2009:17-18). Ook hier het bepaalde rituele 'n belangrike rol gespeel. Sommige rituele wat ons in die Ou Testament aangetref het, is voortgesit terwyl ander rituele rondom die persoon van Christus en die geloofsgemeenskap ontstaan het.

Ons tref duidelike voorskrifte in die Ou Testament aan oor hoe en waar God aanbid moes word. 'n Voorbeeld hiervan is Deuteronomium 12:4-9:

> Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop ander nasies hulle gode dien nie. Julle moet na die wil van God gaan vra op die plek wat die Here julle God sal kies uit al julle stamgebiede om sy Naam daar te vestig en daar te woon. Daarheen moet julle gaan en julle brandoffers en ander offers bring, ook julle tiendes en ander bydraes, julle gelofteoffers en vrywillige offers, die eerstelinge van julle groot- en kleinvee. Daar in die teenwoordigheid van die Here julle God moet julle en julle families saam eet en bly wees oor alles wat julle reggekry het deurdat die Here julle God julle voorspoedig gemaak het. Moenie doen soos ons nou hier doen deurdat elkeen aanbid waar hy wil nie, want julle het nog nie gekom by die rusplek, die besitting wat die Here julle God vir julle sal gee nie.[15]

---

[15] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ŉ Belangrike deel van Joodse aanbidding (en rituele) het in die huis plaasgevind. Die viering van Joodse feeste, soos Purim, Pasga, Sjavuot (Pinkster), Roosj Hasjana (Nuwejaar) en die weeklikse Sjabbat was belangrik. Vaste rituele was en is deel van hierdie feesvierings. Dit het die funksie van herdenking, herinnering, verduideliking, bemoediging, toewyding, danksegging (Wessels 2009:31-33).

In die Nuwe Testament het Jesus onder andere die nagmaal ingestel, wat vir ons as gelowiges ŉ belangrike ritueel is.

Vaste elemente (rituele) was deel van die sinagoge-diens. Elemente wat met redelike sekerheid in die sinagoge-diens teenwoordig was, is die voorlesing uit die *Ou Testament* en die uitleg daarvan; die *sj'ma* (Deut. 6:4-9) wat as ŉ lofgebed en geloofsbelydenis opgesê is; die *amida*, die "staande gebed" wat bestaan het uit drie seënbedes as ŉ geloofsbelydenis oor God, twaalf gebede as voorbiddingsgebede en weer drie seënbedes as ŉ danksegging aan God; die *berakot*, seënbedes wat vir bykans elke denkbare geleentheid uitgespreek is; die lees van die *Tien Gebooie*; die sing van die *hallel-psalms* en die *kaddisj*-gebed (Wessels 2009:34-38).

Vaste elemente (rituele) wat deel was van die vroeë Christene se byeenkomste, is die lees en verklaring van die *Ou Testament*; die *sj'ma* (Deut. 6:4-9); die *doop* (wat ŉ voortsetting en uitbreiding was van die Ou Testamentiese besnydenis); die *nagmaal* (wat ŉ voortsetting en uitbreiding was van die Pasga); die sing van *psalms*; die *amida* (staande gebed) en die *berakot* (seënbedes). Die eerste Christene was Jode en het voortgegaan met hul Joodse feeste en rituele. Al verskil was dat hulle in Jesus as die Messias geglo het en Hom nagevolg het. Daar het eers veranderinge ingetree namate meer nie-Jode deel geword het van die Messiaanse beweging (Wessels 2009:38-40).

Rituele is onder andere belangrik omdat dit vaste handelinge is. Dit bly ongeveer dieselfde, al word dit dikwels herhaal. Die krag van ŉ ritueel lê juis hierin. Rituele kommunikeer dieper as net op ŉ kognitiewe vlak. Dit spreek ook die sintuie en die emosies aan. Rituele hou in stand. So hou die erediens die geloofsgemeenskap al

millenia in stand. Rituele inkorporeer. Al neem jy nie fisies deel aan die ritueel nie, trek dit jou in. Daarom moet rituele bekend en konstant bly. Jy word in die handeling en viering ingetrek en jy neem vanselfsprekend deel (Wessels 2009:45-47).

In hoofstuk vier het ons gesien dat rituele ons juis help in tye van risiko, onsekerheid, stres en vrees. Dit is die bekende in tye van onbekendheid. Dit verskaf 'n gevoel van stabiliteit en beheer. Vaste rituele gaan ook gepaard met 'n bepaalde vorm van gedissiplineerdheid. Selfdissipline is 'n deug waaraan die moderne mens nie genoegsame aandag skenk nie. Ons hedendaagse oombliklike bevrediging ("instant gratification") mentaliteit veroorsaak dat ons gewoond geraak het daaraan om alles vinnig te bekom. Wanneer iets dan nié vinnig en maklik na ons kant toe kom nie, verloor ons gou belangstelling daarin. Om dinge maklik en vinnig te bekom laat ons egter nie altyd met 'n gevoel van genoegdoening nie. Dit is dikwels eerder die dinge wat ons moeilik, met moeite, deur harde werk en opofferings, met selfdissipline bekom het wat ons laat met 'n gevoel van bevrediging. Selfdissipline is nie iets wat sommer vanself kom nie. Dit moet gekweek word. Dit kan net gekweek word deur vaste roetines wat oor en oor herhaal word, rituele wat vas is en gereeld herhaal word. 'n Atleet sal niks bereik sonder vaste oefentye nie – roetines en rituele wat dag na dag herhaal word. Die geheim is om nie ongereeld baie te doen nie maar gereeld, daagliks 'n bietjie. Dít kweek selfdissipline, roetine.

Ons leef in 'n wêreld waar alles voortdurend verander. Rituele bied vastigheid, stabiliteit. As geloofsgemeenskap het ons iets om te bied deur middel van ons geloofsrituele – 'n vastigheid te midde van voortdurende verandering. Selfdissipline, vaste roetine, gebede, Bybelstudie, kan 'n kontra kultuur bied op die huidige verbruikerskultuur ("instant gratification" mentaliteit). Deur selfdissipline te beoefen dra ek ook by tot die welstand van andere. Dit mag lyk soos self fokus maar kan juis geskied tot voordeel van diegene rondom ons. Ons kan nie omgee vir andere en goed na hulle kyk as ons nie eers vir ons self kan omgee en vir onsself goed kan wees nie. Jesus het ons geleer dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself (Matteus 19:19; Matteus 22:39). Rituele het 'n sosiale dimensie. Dit maak 'n bepaalde kollektiwiteit wakker tussen mense (Wepener en Van der Merwe 2009:208).

Wepener en Van der Merwe (2009:195-196) noem dat postmoderne mense ŉ hunkering beleef na die meer misterieuse kant, die mistieke kant, die nie-rasionele en simboliese kant van die lewe. Hier speel rituele ŉ belangrike rol. Gemeentes gaan terug op ou vorms van die erediens en nuwe rituele word ontwerp rondom die groot oorgange in die lewe. Mense het ŉ toenemende behoefte om nie net kognitief aangespreek te word en deel te neem aan aanbidding nie. ŉ Klemverskuiwing vanaf ŉ rasionele godsbelewing na ŉ behoefte aan ŉ belewing deur middel van alle sintuie word aangetref. Rituele betrek die hele mens in sy of haar volle sintuiglikheid (Wepener en Van der Merwe 2009: 204).

Soos ons reeds gesien het, is rituele deel van ons Joods-Christelike identiteit en tradisie. Dit help ons om Christus se heilswerk vir ons toe te eien en ons aan Hom te verbind. Voorbeelde van rituele wat vir ons as geloofsgemeenskap belangrik is, is die doop en nagmaal. Rituele het die vermoë om gewone dinge besonders te maak. Binne die ritueel van die doop word gewone water *doopwater*. Tydens die nagmaal kry gewone brood en wyn spesiale betekenis (Wepener en Van der Merwe 2009:203-204).

### 5.1.3 Fisiese kontak

Jesus doen ŉ vreemde ding. Hy raak aan ŉ melaatse (Matteus 8:3; Markus 1:41; Lukas 5:13). Wat ŉ ongehoorde ding om te doen. Melaatsheid was ŉ gevreesde siekte in die antieke wêreld. ŉ Persoon wat aan melaatsheid gely het, is uit die samelewing verban. So ŉ persoon was so goed as dood. Hierdie lewende dooies is beskou as mense wat onder God se oordeel gekom het (vgl. 2 Kronieke 26:20). Aangesien hulle beskou is as seremonieel onrein en aansteeklik, het hulle weg van die gemeenskap af gebly. Wanneer hulle in 'n omgewing geloop het waar daar moontlik ander mense kon wees moes hulle die woorde "onrein, onrein!" uitskreeu om hul teenwoordigheid aan te kondig. Hierdie vervloekte, onrein, onaanraakbares het 'n hopelose bestaan gevoer. Dit is dan ook juis hierdie feit dat hulle ten alle koste vermy moes word as gevolg van die vrees vir aansteeklikheid wat Jesus se uitreik en aanraking van die melaatse man soveel te meer verbasend maak. Jesus raak nie net nie, Hy reik uit en raak aan ἐκτείνας τὴν χεῖρα ("strek sy hand uit"). Jesus kon die

melaatse met ’n woord gesond gemaak het. Tog kies Hy om uit te reik na die man en hom aan te raak ἥψατο αὐτοῦ (Hagner 2002:198). Swanson (1997:721) vertaal hierdie “aanraak” met “aanraak deur relatiewe ferm kontak”. Jesus raak hom dus nie maar net so terloops, so versigtig met ’n vinger of twee aan nie. Hy raak aan hom soos een wat nie bang is om aan hom te vat nie. Dit terwyl Jesus deeglik bewus moes gewees het daarvan dat dit teen die wet was om ’n onrein persoon aan te raak (vgl. Lev 5:3).

Buiten die aanraking van die melaatse, wat werklik ongewoon was, sien ons dat Jesus by verskeie geleenthede aan mense raak: Matteus 8:15; 9:29; 17:7; 20:34; Markus 1:41; 7:33; 8:22-23; Lukus 5:13; 22:51. Dit wil lyk of Jesus iets verstaan het van die belangrikheid van aanraking.

Daar was dan ook verskeie mense wat van Jesus en sy genesing en wonderwerke gehoor het. Hulle wou net aan Hom raak want hulle het geglo dat deur dit te doen sou hulle genees word. Jesus laat hulle toe om aan Hom te raak. Voorbeelde hiervan kry ons in: Matteus 9:20-21; 14:36; Markus 3:10; 5:27-28, 30; 6:56; 10:13; Lukus 6:19; 8:44-47; 18:15.

In Handelinge 3:1-10 sien ons dat Petrus en Johannes Jesus se werk voort sit. Hulle gee genesing aan ’n kreupel gebore man. Ook hier spreek hulle nie maar net ’n woord nie. Petrus neem die man aan sy regterhand καὶ πιάσας αὐτὸν τῆς δεξιᾶς χειρὸς·[16] Petrus en Johannes was Jesus se verteenwoordigers en doen soos hulle Jesus sien doen het.

Die belangrikheid van aanraking kan dus nie sonder meer geïgnoreer word nie.

Ons het in hoofstukke drie en vier gesien dat die hedendaagse mens steeds ’n behoefte aan aanraking het. Ons het gesien hoe belangrik Jesus aanraking beskou het. Ons is veronderstel om Jesus se liggaam hier op aarde te verteenwoordig. Ons

[16]Aland, B., et al. 1993. *The Greek New Testament* (4th ed). Federal Republic of Germany: United Bible Societies.

is sy hande, voete, oë, ore, ensovoorts. As ons nie namens God kan uitreik en aan mekaar raak nie, wie raak dan aan hulle wat op geen ander manier enige fisiese kontak kan beleef nie. So het byvoorbeeld bejaardes wat op hul eie woon bitter min kontak met ander mense buiten op ŉ Sondag tydens die erediens. Hoe kan God aan hulle raak anders as daar waar sy kinders byeen kom? Burger (2009:26) stel dit baie mooi: "In die diens word die glimlag van ŉ broer of suster die glimlag van God, word ŉ hand wat uitreik of ŉ woord van vriendelikheid die hande en die woorde van God self."

Aanraking kan vir gemeentelede van ontsettende waarde kan wees. God daag op en Hy raak aan my (deur gebruik te maak van lede van sy liggaam). Dit mag ook toenemend belangrik raak en ons moet bewus wees hiervan. Sweet (2009:location 507, 519) sê dat EPIC (*experiental, participatory, image-rich, connectional*) die belangrikste wyse van interaksie was gedurende die negentigerjare. In die hedendaagse Google kultuur, waar mense bekend sou kon staan as "mense van die skerm", speel EPIC steeds ŉ belangrike rol. EPIC is egter nie die interaksie wat God in gedagte het nie. Dit mag nog vir ŉ rukkie werk en dan mag dit moontlik vervang word met ŉ meer relevante tipe interaksie. Sweet (2009:location 519) voorspel dat aanraking in ŉ post-Google wêreld net so belangrik mag wees as wat beelde ("image") vandag is. Die vraag is of ons as geloofsgemeenskap gereed is om in hierdie behoefte te voorsien? Sou ons bereid wees om Sy hande te wees as dit is wat die wêreld nodig het om Sy liefde te ervaar?

### 5.1.4 "Tribal and together"

Ons individualistiese kultuur bemoeilik ware gemeenskap. Tog wil dit lyk asof mense (al besef hulle dit moontlik nie eers altyd nie) ŉ behoefte het aan saamwees, om te behoort aan. As ons na sport kyk en hoe hierdie behoeftes na vore kom, kan die kerk dit nie maar net ignoreer nie. Na my mening kan die kerk hier ŉ groot bydrae lewer, wat sy ongelukkig nie altyd doen nie. Ons lewe as individue. Tog is dit nie hoe dit bedoel is, hoe ons inherent geskape is nie. Die mens wil binne groepsverband deel hê aan ŉ missie buite hulself. Die mens hunker na avontuur (Hirsch 2009:34). Ons sien iets hiervan aan die wyse waarop vreemde mense wat mekaar nie ken nie as

toeskouers by 'n sportstadium sáám hul span ondersteun asof hulle ou en bekende vriende is. Hier deel hulle die missie buite hulself – om hul span aan te moedig en te help tot 'n oorwinning. Ek verwys terug na die verskillende teorieë hier rondom soos in hoofstuk vier bespreek.

Hoe lyk ons identiteit as 'n geloofsgemeenskap? Maak dit mense binne ons gemeenskappe wat nie deel hiervan is nie, so opgewonde dat hulle na ons toe kom, dat hulle kom vra om deel hiervan te mag wees sodat hulle kan deel in hierdie gevoel van "tribal and together" wat hulle by ons waarneem? Soos ons by Kori Lee in hoofstuk drie gesien het, wat vertel het van sy jaloesie op die Italianers wie se groepsidentiteit hy op so 'n besondere wyse ervaar het na hul wen van 'n sokker wêreldbeker. Ongelukkig is dit nie aan die orde van die dag binne ons hedendaagse geloofsgemeenskappe nie. Tog was iets hiervan waar by die vroeë kerk. Iets van hulle gemeenskaplikheid moes mense na hulle toe aangetrek het. Dit wys die statistieke vir ons. In 100 n.C. was daar ongeveer 25 000 Christene. In 310 n.C. was daar ongeveer 20 000 000! (Hirsch 2009:28). Dit te midde van erge vervolging in die vroeë jare van die Christendom! Hulle moes iets verstaan het van hierdie "tribal and together" wees, wat mense na hulle aangetrek het. 'n Mens wil nie die vroeë kerk oor-idealiseer nie want hulle het ook hul probleme en uitdagings gehad. Hulle moes egter ten opsigte van hierdie moment van "tribal and together" iets reg gedoen het want mense wou deel wees van hierdie beweging ten spyte van vervolging.

Liturgie en lewe kan nie van mekaar geskei word nie. Daar behoort nie 'n onderskeid te wees tussen die heilige (gewyde) en die sekulêre nie. Aanbidding gebeur op alle terreine van die lewe, nie net vir 'n paar ure per week binne 'n kerkgebou nie. Ons hele lewe behoort aan God en ware aanbidding beteken dat ons elke aspek van ons lewe aan Hom wy (Hirsch 2009:47-52). As ons dit kan verstaan sal ons besef dat ons God net so aanbid op die rugbyveld, binne die sportstadion, by die werk as binne die erediens. Ons bring wie ons is, ons hele menswees en kultuur saam met ons waar ons ook al aanbid, dit is deel van ons menswees. Wat ons in ons alledaagse lewe doen, hoe ons ons geloof dáár uitleef, is wat mense raaksien. So was dit ook by die vroeë kerk. Tertullianus meld in sy *Apologie* (Tertullian 1931:84) in hoofstuk 39 die kommentaar van die gemeenskap op die vroeë Christene se lewenswyse en hul

omgee vir mekaar. Hulle het gesê: "Kyk hoe lief het hulle mekaar!" Viola & Barna (2008:254) sluit hierby aan as hulle ons wys op die Nuwe Testament se prentjie van aanbidding. Aangesien aanbidding vir God belangrik is, moet dit 'n leefstyl wees en nie 'n gebeurtenis nie (Romeine 12:1). Viola & Barna (2008:254) wys ook daarop dat aanbidding in die Ou Testament en reg deur die Nuwe Testamentiese era 'n korporatiewe, 'n gemeenskaplike aangeleentheid was. In die Israeliete se geval was dit juis die feit dat hulle Jahwe saam aanbid het, wat hulle saamgebind het en hulle beskerm het daarvan om geabsorbeer te word deur die Kanaänitiese kultuur wat hulle omring het. Hulle aanbidding as 'n gemeenskap het hul self-identiteit bepaal.

Die profete het hul male sonder tal uitgespreek daaroor dat aanbidding 'n bespotting was en niks beteken het as hulle nie vir hul mede gelowiges omgegee het nie. Sosiale geregtigheid binne hul gemeenskappe was van die uiterste belang. Aanbidding was net 'n verlengstuk van hul lewe as gemeenskap, in die teenwoordigheid van Jahwe. Ware aanbidding was slegs moontlik waar werklik onderlinge gemeenskap bestaan het (Cooke 1966:339-342).

Aanbidding was nie die domein van die individu nie. Vandag word mense aangemoedig om Jesus aan te neem as hul *persoonlike Verlosser*, wat 'n hoogs individualistiese Christelike godsdiens versterk. Die Nuwe Testament ken nie iets soos 'n "Net-ek-en-Jesus" nie. Die Christelike geloof is uitgeleef as 'n liggaam van gelowiges wat Christus gesamentlik geken het as Heer en Verlosser (Viola & Barna 2008:191). Jesus het 'n *gemeenskap* van twaalf manne en 'n klompie vroue bemagtig en geleer hoe om vir God te leef. Hierdie gemeenskap het uitgebrei tot gemeenskappe reg oor die Romeinse wêreld (Viola & Barna 2008:256). Gemeenskappe was dus aan die hart van die Christelike geloof. Burger (2009:19) sê ook iets hieroor as hy daarop wys dat van die eerste boek van die Bybel tot die laaste daar vir ons gesê word dat ons nie ons verhouding met God kan losmaak van ons verhouding met ander nie. Die Bybel handel nie oor individue wat op hul eie kan leef nie. "Jesus never wrote a book; He formed a community" (Newbigin soos aangehaal deur Burger 2009:19).

In sy boek *Jesus Today – A Spirituality of Radical Freedom* meen Albert Nolan[17] dat Westerlinge aan ’n sterk individualisme ly. Dit bemoeilik egte gemeenskap, maar versterk ook die behoefte om te kan behoort.

Dit lyk asof mense iets van hierdie gemeenskaplikheid terug vind in sportbyeenkomste, as deel van sportspanne, van sport gemeenskappe. Hirsch (2009:49) sê: “We would do well to remember that people are motivated by their deepest pleasures, and if we can connect these to God, we will have established a vital bridge into the lives of those around us. Pleasure can be a great motivator for God.” Dit bring ons terug by die belangrikheid dat ons hele lewe aanbidding van God moet insluit. Dan kan ons as ’n geloofsgemeenskap ook as deel van ons “aanbidding”, gemeenskap van Christus wees waar ons sport beoefen en waar ons toeskouers is by ’n sportbyeenkoms. Kan ons ook dáár Sy liefde en omgee deel met diegene rondom ons, en is ons ook dáár liggaam van Christus - Sy arms, Sy mond, Sy hande, Sy voete, word ons ’n brug, ’n getuienis dat God Hom **wil** bemoei met elke aspek van ons lewens!

### 5.1.5 Simbole

Daar is tye in ons lewens wanneer ons nie ons gevoelens met woorde kan uitdruk nie. Ons sal byvoorbeeld vir iemand wat baie hartseer is blomme neem omdat ons nie weet wat om in woorde te sê om ons simpatie te betuig nie. Ons sou ook blomme kon neem na ’n plek waar ons ons hartseer en liefde wou uitdruk, byvoorbeeld na die graf van ’n geliefde (Mead 2008:6).

Ek verwys graag terug na die verduideliking van tekens en simbole in hoofstuk twee. Ons het gesien dat daar ’n noue verband is tussen tekens en simbole. In die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament sien ons telkens hoe God sy wil openbaar deur tekens. Voorbeelde hiervan is die reënboog na die vloed, die brandende bos waaruit Hy met Moses gepraat het, die oop kloof van die Skelfsee, die wolkkolom en vuurkolom wat die Israeliete deur die woestyn gelei het, die manna

[17] Artikel in Beeld van 10/6/2011 – geen outeur nie. Titel van artikel: “Ons almal is van een Gees.” Beskikbaar by: http://www.beeld.com/Opinie/HoofArtikels/Ons-almal-is-van-een-Gees-20110610

wat die Israeliete daagliks gevoed het, die bitter water van Mara wat soet geword het, die water uit die rots, die water wat in wyn verander het in Kanaän, die sakramente as teken van God se teenwoordigheid by ons (Old 2002:116-120).

Liturgie kan gebruik maak van tekens en simbole op so 'n wyse dat dit ons by bly waar ons ookal in die lewe rondbeweeg. Dit het die vermoë om by ons herinneringe op te roep met spesiale betekenisse. Dit kan ook ons geloof versterk. So is die sakramente juis "sigbare tekens en seëls om die evangelie beter te verstaan" (Barnard 2009:114). Die nagmaal tafel met die brood en die wyn is simbool van Jesus se soendood vir mense op aarde. Dit het 'n impak op ons vertikale verhouding met God sowel as met ons horisontale verhoudings met mekaar (Wepener 2010:7). Bedien ons hierdie simbole so dat ons mense herinner aan Christus se solidariteit met hulle wat swaarkry? Herinner ons mekaar dat ons solidêr met Christus is en word soos wat ons die brood en wyn van die nagmaal gebruik, en daarmee vereenselwig ons ons ook, soos Hy, met mense in nood. Deur ons deelname in Christus en deur die werking van die Heilige Gees word ons al meer wat ons is – die liggaam van Christus hier op aarde. Soos wat ons die gebreekte brood en uitgestorte wyn tydens die nagmaal oor ons lippe neem, word ons al meer Jesus die Gekruisigde deelagtig. Ons wie gebreekte brood eet moet al hoe meer gebreekte brood word wat deur mense in nood "geëet" kan word (Wepener 2010:77). Ons behoort die nagmaalsdiens só in te rig dat ons al die gemeentelede se sintuie inspan sodat almal die gebeure so goed moontlik sal onthou (Wepener 2010:79).

Jesus het op 'n verrassend ander wyse met die simbole en etiket van sy tyd omgegaan. Dit het Hom sy dood gekos. Jesus Christus het dramatiese veranderinge teweeg gebring. Hy het verandering gebring in mense se denke oor God, mense se denke oor hoe God oor die mens dink, mense se denke oor vroue en ander gemarginaliseerdes in die samelewing. Hy het gekom om 'n nuwe verbond, 'n nuwe Koninkryk, 'n nuwe geboorte, 'n nuwe ras, 'n nuwe spesie, 'n nuwe kultuur, 'n nuwe beskawing teweeg te bring (Viola & Barna 2008:245). Gaan ons op 'n nuwe manier met ou simbole om? Kan die wêreld God se liefde en sorg herken in ons simbole? Kan hulle Sy solidariteit met hulle deur ons en ons simbole ervaar? Roep ons simbole en gebruik daarvan 'n gevoel van trots op, 'n emosionele reaksie, sonder

enige verbale kommunikasie, by ons as liggaam van Christus, as geloofsgemeenskap?

### 5.1.6 Rolmodelle

Rol modelle is nie 'n vreemde verskynsel in die Bybel en ook in die kerk nie. Frijhoff sê dat niemand die lewe heeltemal op sy eie uitvind nie. Ons almal volg maar op een of ander manier 'n voorbeeld na. Hy (Frijhoff 1998:80) skryf oor heiliges, afgode ("idols") en ikone en wys daarop dat die groot figure in die Bybel, nie geteken word as heiliges nie. Hulle mensheid word duidelik aan ons getoon. Die Bybel wys hulle foute uit. Ons besef dat ons hulle nie kan verafgod nie omdat hulle net soos ons, ook maar voete van klei gehad het. Vir Frijhoff (1998:80) gaan heiligheid nie oor volmaaktheid nie. Dit gaan juis daaroor om jou eie onvolmaakte gedrag te kan raaksien en om dan op 'n gepaste wyse op te tree om jou berou daaroor te toon. Heilige gedrag sou dan byvoorbeeld wees om jou foute in die openbaar reg te stel, om onreg wat jy gepleeg het persoonlik reg te stel en om andere te laat sien dat jy van jou eie onvolmaaktheid bewus is. Die Bybelse voorbeelde wat Frijhoff (1998:80) hiervoor voorhou is Simson, Dawid en Petrus.

Die Bybel hou ook ander voorbeelde aan ons voor. As ons maar net na Hebreërs 11 gaan kyk, is daar 'n lang lys name van geloofshelde wat vir ons kan dien as rolmodelle. Hulle dien as voorgangers en voorbeelde vir almal wat na hulle gekom het. Ons word in Hebreërs 13:7 opgeroep om hulle lewenswandel en geloof na te volg. Met hulle voorbeeld in die oog kan ons ook ons wedloop met volharding voltooi (Heb 12:1). Verhale oor hierdie helde se lewens en ook verhale oor martelare en ander groot geeste deur die kerkgeskiedenis heen, het al vir menige gelowiges as bron van inspirasie gedien (Schuman 1998:144-148).

Dit is egter nie net altyd mense wat as rolmodelle dien nie. Instellings en bewegings word ook dopgehou om te dien as rigtinggewend. Ek het dit veral besef na 'n interessante berig wat 'n dame in die *Beeld* (2010-12-10) geskryf het. Ek wil graag die berig hier voorhou, sowel as twee antwoorde hierop, wat ook in *Beeld* verskyn het. Dit laat mens net weer besef watter verantwoordelikheid die kerk as rolmodel in

mense se lewens het. Dit gee mens ook hoop, dat waar sommige mense dink die kerk se rol is uitgedien, daar tog ook bewyse vir die teendeel is.

## EN OP DIE SEWENDE DAG... IS DAAR STILTE?

BEELD 2010-12-10 22:23

**Dié handelsmerk het my verloor**

Fanta is my gunsteling-gaskoeldrank. Sedert st. 3 simboliseer dit vir my verligting, hoop, vreugde en oorvloed. Hoekom?




Want 'n oranje vragmotor het een keer per kwartaal na ons armsalig asbesskooltjie, waar stof en fabriekrook ons speelterrein was, vir ons elkeen 'n gratis botteltjie Fanta en 'n oranje woer-woer gebring en ons laat glo daar is 'n toekoms en hy's oranje. Aan bemarkingskoste het Fanta seker net R100 aan my bestee en daarmee my lewenslange lojaliteit gekoop. Dieselfde geld Ster-Kinekor, Cadbury, All Gold, Toyota, Wimpy, Firestone, Aventura. Dié handelsmerke al ek weens aangename konnotasies uit my grootword jare my lewe lank liefhê, vertrou en, meer belangrik, koop.

Hoekom is die NG Kerk nie een van hulle nie? Die Fanta-vragmotor het immers net een keer per kwartaal gekom, Ster-Kinekor het ons net een keer per jaar gesien en Wimpy het net met verjaardae gebeur.

Maar die NG Kerk het onbeperkte toegang tot my ontvanklike kinderpsige gehad: Eers in die moederskamer, toe kinderkrans en daarna twaalf jaar van kerk én Sondagskool. Voeg daarby kampe, staptoere, ACSV, JKJA, die studentekerk...

Dit is die soort handelsmerkblootstelling wat géén geld kan koop nie. Stel jou voor Coke, die magtigste handelsmerk op aarde, het dié soort toegang gehad. Die volk sou nooit weer water drink nie.

En tog, ná die kans wat die handelsmerk van die NG Kerk met my gehad het, het dit nie gewerk nie. Ná dekades se indringende bo-die-lyn- en onder-die-lyn-advertering, is die NG Kerk-handelsmerk nie iets wat ek wil koop, sien, dra of besoek nie.

Die meer as 10 500 lidmate wat die NG Kerk in die afgelope jaar verloor het, is waarskynlik, soos ek, in die kerk gedoop, aangeneem en getrou. Maar nie een van hulle wil meer soontoe gaan of daaraan behoort of hul tiende daarvoor gee nie. Hoekom nie?

Die NG Kerk het my geen trauma of verdriet besorg nie. Ek is nie gay nie en die kerk moes nooit konferensies hou oor of ek hel toe gaan al dan nie. Ek is nie swart of bruin nie.

Ek was nooit terselfdertyd ongetroud en swanger nie. Ek was nie in die jare tagtig oud genoeg om egbreuk te pleeg nie. Ek is nog nooit verbied om nagmaal te neem nie. Niemand het ooit onsedelik aan my geraak tydens Sondagskoolkampe nie.

Ek het eintlik gelukkige herinneringe aan die kerk: my ma se blinkleerhandsak wat na pepermente en Red Door ruik, my pa wat so mooi in die ouderlingsbank lyk. Kinderdankoffer, kerkbasaars, middernagdienste op Oujaarsaand.

Maar dalk, toe ek groter word, het ek genoeg mense geken wat wel gay was, bruin was, swanger was, geskei was ... Dalk het ek, toe ek die eerste keer vriende word met ’n Moslem, hard gesluk aan die teorie dat hy hel toe gaan.

Dalk het die uittog uit die NG Kerk iets met vrees te doen. Met die feit dat ek te bang is om dié rubriek onder my regte naam te plaas.

Want van my arme ma. Wat sal die familie sê? Wat sal my baas sê? Wat sal kerkgangers op die internet sê?

As ek eendag ophou Fanta drink, sal niemand omgee nie. Ek kan net ophou – sonder vrees vir die internet of die hel. En dalk is dit hoekom meer as 10 500 eks-lidmate deesdae op ’n Sondag eerder Menlyn as kerk toe gaan. Omdat niks in Menlyn hulle bang maak nie.

Die kerk het in sy bestaan meer goed as kwaad gedoen, maar dalk is dit die vrees en oordeel wat hy tussendeur saai, wat nou so dorstig onder sy lidmate maai. Dalk het vrees – eens die kerk se grootste vriend – sy grootste vyand geword. Dalk is daar vandag genoeg ander goed wat mense bang maak.

Die NG Kerk sal wys wees as hy meer aandag aan dié vraagstuk gee as aan debatte oor of gays die preekstoel en die hemel waardig is.

Anders kan die kerk altyd begin koeldrank en woer-woers by laerskole uitdeel.

- Nina Steyn (skuilnaam), die skrywer van dié stuk, is Afrikaans, in haar dertigs en ’n joernalis.

Die eerste antwoord op haar brief kom van Guillaume Smit:

**’n Anderse koorspen vir die kerk**

Die gesegde lui dat mense ’n leuen begin glo as dit lank genoeg verkondig word. Die dilemma is dat dié gesegde gedra word deur ’n ander een: Waar daar ’n rokie trek, móét daar ’n vuurtjie brand.

Sou ’n mens die stories glo wat oor kerke die rondte doen, is die kerk in groot moeilikheid: Mense verlaat die kerk glo op ’n streep.

Maar as daar oor die lewenskragtigheid of doodsnikke van ’n kerk gepraat word, moet ons eers duidelikheid kry oor wat met die woord “kerk” bedoel word.
Die kerk is vir lank as ’n oorkoepelende organisasie, ’n kollektiewe entiteit, beskou. Die mense bo-aan die hiërargie sou die reëls maak en die lidmate sou dit bloot uitvoer en navolg.

Tog vergeet mense dat die kerk sy oorsprong in ’n geloofsbesluit vind. Mense wat “tot bekering kom” in die God van die Bybel, word deel van die kerk. Hulle word deel van ’n gemeente in die gemeenskap waar hulle bly.
Die kerk is dus eerstens ’n samevoeging van mense wat naby aan mekaar woon en byeenkom om Christus se saak in hul gemeenskap te bevorder.

Kerke se reëls het mense voorheen verplig om aan ’n spesifieke gemeente te behoort. Dié kunsmatige begrensing het gemeentes aan die gang gehou, want mense kon nie betrokke raak by ’n gemeente waarvan hulle nie ’n lidmaat was nie.

Maar deesdae skakel mense eerder in by ’n gemeente waarmee hulle aanklank vind – ongeag dié gemeente se kerkverband of belydenisgrondslag. Kerklike lojaliteit het dus ’n stille dood gesterf. Dit verklaar waarom sommige gemeentes groei, terwyl hul buurgemeentes doodloop.

Waaraan sal ’n mens dan die kerk se lewenskragtigheid meet?
Dit wil voorkom asof gemeentes doodgaan waar gemeenteleiers nie vorentoe kyk en strategies oor die gemeente se roeping nadink nie. Dié gemeentes is nie gereed of gerat vir veranderinge in hul gemeenskap nie.

Die meeste gemeentes oefen ’n strategiese keuse uit om verskeidenheid te akkommodeer. Daar waar gemeentes byvoorbeeld net een styl van aanbidding volg, sterf hulle soms ’n stadige dood.

’n Tweede maatstaf om die kerk se lewenskragtigheid te meet, is die vermoë van ’n gemeente om God as ’n werklikheid aan gemeentelede voor te stel – gemeentelede kan dus sien en ervaar dat God in hulle midde aan die werk is.
Dié geloofslewe gaan dikwels gepaard met ’n beklemtoning van bonatuurlike goed soos genesings, wonderwerke en openbarings – dit verklaar die fenomenale groei van charismatiese kerke. Daar waar Jesus as ’n antieke, wyse man beskou word, word geloof soms deur logika oorskadu en sterf die gemeente.

Nog ’n moontlike maatstaf is gemeentelede se ywer om oor hul geloof te praat en mense met die boodskap van Jesus te bedien.
Mense word dikwels na gemeentes gelok waar gelowiges besorg is oor die nood van ander.
Heelwat gemeentes van die NG Kerk het in die afgelope tyd saamgesmelt. In dieselfde tyd het nuwe bedieningspunte as sendingprojekte in bestaande woonbuurte ontstaan. Sommige van hulle funksioneer nou as volwaardige gemeentes en dié gemeentes beskou hulself al meer as gemeenskapskerke.

Terwyl sommige predikante bekendheid verwerf vir hul “liberale” teologiese uitsprake, jaag ander wonderwerke na omdat hulle meer charismaties is. Ander is weer teologies behoudend.
Die meerderheid dominees bevind hulle iewers in die middel omdat lidmate ’n verskeidenheid van sienings huldig en die Bybel juis leer dat die kerk ’n plek is waar mense wat van mekaar verskil, kan tuis kom in Christus. As ’n mens dink die kerk moet noodwendig een ding verkondig, mis jy die Bybelse punt van eenheid-in-verskeidenheid.

Die gehalte en gesondheid van ’n gemeente word bepaal deur haar vermoë om mense te help om hul verhouding met Christus so uit te leef dat die samelewing iets van God se hart by hulle kan sien.

Is my kerk, die NG Kerk, aan die sterf? As ek na my gemeente kyk, sien ek ’n groep gelowiges wat biddend soek na God se wil vir ons gemeenskap. As ek na my kerkverband kyk, sien ek gemeentes wat floreer, sowel as gemeentes wat sukkel. En tussendeur die gebrokenheid sien ek veral God aan die werk.

As jy glo die kerk sterf, wys jy eintlik die vinger na jou eie gemeente. En omdat jy deel is van dié gemeente, wys jy ’n vinger na jouself. Wat doen jy om die gat wat jy vir jou kerk grawe, toe te gooi eerder as om dit dieper te maak?

- Guillaume Smit is ’n predikant in die NG Kerk Brackenfell-Wes.

Die tweede brief kom van Frits Gaum:

**Lê die Christendom op sy sterfbed?**

Meer as veertig jaar gelede het wyle Johan Heyns in sy boek Sterwende Christendom? die vrees uitgespreek dat die Christelike geloof – veral in Europa – aan die sterf is omdat teoloë soos Rudolph Bultmann en J.A.T. Robinson dit met hul sekulêre idees in sy kern aangetas het.

Amper 'n halfeeu later is die vraag of sy vrese toe bewaarheid is – nie net in Europa nie, maar wêreldwyd?

In die 4de eeu ná Christus het keiser Konstantyn die Christelike godsdiens as 'n wettige godsdiens verklaar, en later het dit die staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk geword. Kerk en staat het één geword.

Die funksies van die samelewing het die taak van die kerk geword: om 'n dokter te wees, moes jy kerk toe gaan; om onderrig te ontvang, moes jy kerk toe gaan; om na te dink oor die natuur, moes jy kerk toe gaan.

Selfs die Kerkhervorming van die 16de eeu het nie die magsposisie van die kerk in die samelewing ongedaan gemaak nie. Die Christelike verhaal het alles bepaal.
In die afgelope twee eeue het dié omstandighede ingrypend verander. In sekere wêrelddele het die kerk na die periferie van die samelewing geskuif.

Volgens Operation World was sowat 'n derde van die wêreld- bevolking, 1 973 miljoen uit 'n moontlike 6 065 miljoen mense, teen 2001 nominaal Christene. Van Afrika se destydse 784 miljoen mense was 48,4% in daardie stadium Christene. Die Christendom was toe – en is steeds – die grootste godsdiens op aarde. Islam was tweede (21,1% van die bevolking) en die Hindoeisme derde (13,6% van die bevolking).

Volgens inligting wat in November vanjaar deur Markdata ingesamel is, tel die gereformeerde kerkfamilie (wat die NG Kerk, die Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk insluit) nou slegs 46% van Afrikaanssprekendes onder hul lidmate. Tot 28% van Afrikaanssprekendes behoort aan Pinkster- en charismatiese kerke, terwyl meer as 6% van Afrikaanssprekendes aan geen kerk of geloof behoort nie.

Syfers soos dié moet natuurlik met groot omsigtigheid hanteer word. Al sou die syfers korrek wees, is daar dikwels allerlei vreemde redes waarom mense aandui hulle is aanhangers van 'n bepaalde godsdiens of kerk. Boonop beteken 'n formele verbintenis aan 'n geloof en kerk min as dit nie vir die betrokkenes regtig waarde het nie. Die ouens wat net naby die kerk kom as daar iets op hulle gegooi moet word – water, konfetti of kluite – se kerklidmaatskap beteken feitlik niks en hul geloofsverbintenis is verdag.

Operation World se beraming dat meer as 70% van Europeërs nog tot die Christendom behoort, laat 'n mens met ernstige vrae. Die Nederlandse koerant Trouw berig onlangs onder die opskrif "God wijkt, maar religiositeit blijft" oor die uitslag van 'n opname oor spiritualiteit. Die meeste respondente beoefen blykbaar 'n soort "geestelikheid" en baie glo in 'n "hoogste wese", maar min glo in 'n "persoonlike God". En van 'n kerklike verbintenis is daar by die meeste min sprake. Volgens die Biskoppe-konferensie van Frankryk gaan net 2 miljoen van die 42 miljoen Katolieke in dié land gereeld na die mis.

In sommige wêrelddele toon die Christendom wel onverwagte groeikrag: In China, 'n land met nagenoeg 1,3 miljard mense, het die Christelike geloof in die afgelope

dekades wortelgeskiet en ontwikkel tot ’n egte Chinese godsdiens. Sommige waarnemers meen Christene het in 2006 sowat 5% van die Chinese bevolking uitgemaak – tot 65 miljoen mense.

Afrika is die vasteland waar die Christendom die meeste groei. Volgens ’n verslag wat in 2010 deur die Pew Forum on Religion and Public Life uitgereik is, bevat Afrika suid van die Sahara een uit elke vyf van die wêreld se Christene en een uit elke sewe van die wêreld se Moslems.

Die demokratisering van Suid-Afrika en die gepaardgaande transformasie het onvermydelik tot groot onsekerheid, selfs vertwyfeling, by wit mense, by name Afrikaners, gelei. In die anderhalwe dekade wat op die euforie van 1994 gevolg het, het nagenoeg ’n miljoen mense – hoofsaaklik wit mense en baie van hulle Afrikaners – die land permanent verlaat.

Die geloofwaardigheid van die Afrikaanse kerke het vanweë hul ondersteuning van apartheid by baie onder verdenking gekom. Jong Afrikaners se prioritisering van waardes het in post-apartheid Suid-Afrika drasties verander, blyk uit Jan van der Merwe se doktorsgraadtesis, *Afrikaners in Post-apartheid Suid-Afrika: ’n Antropologiese Perspektief.*

Oor godsdiens het hulle uiteenlopende sienings: Aan die een kant het hulle ’n behoefte aan groter individualiteit en vrye denke, en het hulle afgesien van ’n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing; aan die ander kant, is daar ’n groeiende behoefte aan geestelike warmte, Godvresenheid en godsdienstige geborgenheid.

Dit is sekerlik waar dat sommige Afrikaners losgeraak het van die Christelike geloof, ook vanweë die sekulêre tydgees wat die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika die afgelope jare met mening getref het. Maar die teoloog Christina Landman het waarskynlik reg as sy sê daar is by baie ’n behoefte om “terug te keer na God” – al beteken dit nie ’n stormloop terug na die hoofstroom-kerke nie.

Die reaksie op Angus Buchan se “back to the basics”-prediking is die beste voorbeeld hiervan. Dit is immers veral Afrikanermans, honderdduisende van hulle, wat tydens reuse-saamtrekke deur dié lekeprediker aangegryp word. Vir baie lê die bekoring van sy prediking juis in die eenvoud, direktheid en emosionele impak daarvan.

Is die Christendom wêreldwyd aan die sterf? In sy geheel gesien, het die “getallesterkte” van mense wat hulself Christene noem, nie in die afgelope halfeeu verminder nie. Inteendeel, die Christendom het plek-plek gegroei. Of die persentasie “oortuigde Christene” dieselfde of meer is as ’n halfeeu gelede, is onmoontlik om te bepaal.
Maar die Christelike geloof lê beslis nie op sy sterfbed nie. Al kwyn dié geloof blykbaar in ’n tradisioneel “Christelike” vasteland soos Europa en in ander gesekulariseerde (of sekulariserende) gemeenskappe, toon die geloof in die Jesus wat twee millennia gelede in Betlehem gebore is, op ander plekke – van China tot Afrika – ’n verrassende groeikrag.

- Frits Gaum is hoofredakteur van die Christelike Kernensiklopedie.

### 5.1.7 Prestasie

Ons leef in ’n wêreld wat prestasie gedrewe is. Dit is moontlik die gevolg van die verbruikerskultuur waarin ons leef. Alles draai om glans en vertoonvensters na buite

maar van binne is dit leeg. Die ware is uitverkoop (Conradie 2009:18). Almal wil lyk of hulle suksesvol en vooruitstrewend is. Die industriële omwenteling en die markekonomie het gelei tot die skep van merkwaardige welvaart oor die afgelope twee eeue. Dit het daartoe gelei dat talle mense se lewensverwagting verhoog is, hul lewenskwaliteit verhoog is en dat basiese menswaardigheid moontlik gemaak is (Conradie 2009:22).

Hierdie verbruikerskultuur het ook die kerk binnegesypel. "Die evangelie word verpak, bemark en te koop aangebied aan enige godsdienstige verbruikers wat daarin sou belangstel en wat graag hulle godsdienstige behoeftes met dié produk sou wou probeer bevredig" (Conradie 2009:19). Talle kerke verkondig 'n evangelie van welvaart. Volgens hulle is welvaart 'n teken van God se seën. Hierdie evangelie van welvaart is uiters gewild in Suid-Afrika. Vanuit 'n kritiese beoordeling van die verbruikerskultuur kan ons nie anders as om hierdie godsdiens ook krities te beoordeel nie. Die Bybel en die Christelike tradisie bied 'n rykdom van gegewens wat as 'n alternatief hierop voorgehou kan word. As geloofsgemeenskap behoort ons te weet wat om te doen om die versoekings van 'n verbruikerskultuur te kan weerstaan (Conradie 2009:32-33).

Ons prestasie en sukses behoort nié gekoppel te wees aan die handelsmerke wat ons dra en waarmee ons ons omring nie. Ons kan so opgaan in wat ons het en wat ons bymekaarmaak dat ons vergeet dat die Here ons Herder is en dat ons in Hom niks kort kom van die dinge waaroor dit regtig gaan nie[18]. Ons word ook in Matteus 6:19-21 en 24b geleer dat ons nie vir ons skatte op aarde moet bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Ons moet vir ons skatte in die hemel bymekaarmaak, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Want waar ons skat is, daar sal ons hart ook wees. Ons kan nie God en Mammon dien nie. In 1 Timoteus 6:17-19 skryf Paulus aan Timoteus die volgende: "Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan

[18] Psalm 23:1 Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.

om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry".[19] Dit is advies waarna ons gerus weer kan kyk en vir mekaar kan leer.

In teenstelling hiermee is die boodskappe wat ons daagliks vanaf televisie, tydskrifte, koerante, plakkate, winkels, helde en sommige ander rolmodelle kry dat dit vir ons beste gewin is om te verbruik. Elaine Storkey (Conradie 2009:194) beskryf dit as "beatitudiness" wat sê: "Blessed are they who buy cars, perfume, holidays, furniture". Dit word dan bevestig met heuningsoet musiek, beloofde intimiteit, glimlaggende gesigte en advertensies wat die eindresultate van ons koop laat lyk na iets net skuins duskant die hemel.

Die vraag wat weer binne geloofsgemeenskappe aan die orde moet kom is: "Waarin stel ons ons vertroue?" Martin Luther het in sy Groot Kategismus voorgestel dat die dinge waarin mense hulle vertroue stel, inderwaarheid hulle god is (Conradie 2009:196). Dit kan dan dinge wees soos ons materiële besittings, ons prestasies, ons status, ons plesier, ons sekuriteit, selfs ons sport. Alles waarvoor ons bereid is om groot opofferings te maak. Dit word ons afgode. Ekonomiese groei word voorgehou as 'n vorm van verlossing. Dit kan armoede en maatskaplike probleme oplos en geluk verseker. Die waarde van alles word in terme van die prys van kommoditeite gemeet. Mammon word 'n alomteenwoordige en almagtige god wat die oorsprong vorm van alles wat waardevol is. Kapitaal het die funksie van God in ons alledaagse lewe begin vervul. Geld vorm 'n onsigbare hand wat alles reguleer. Gemeenskappe word hier rondom georganiseer. Geld word die waarde waaraan 'n persoon se menswaardigheid gemeet word. Dit veroorsaak dat armes nie net as arm beskou word nie maar ook as moreel minderwaardig. Wanneer hulle sterf word hulle gou-gou vergeet. Hulle laat min na (Conradie 2009:197-199).

As Christen gelowiges mag ons ons nie aan die kant skaar van geld, mag, bevoorregting en plesier nie. Hierdie vorm van afgodery veroorsaak dat dinge

[19] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (1 Timoteus 6:17-19). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

belangriker raak as mense. Geld opsigself is nie nét sleg nie. Dit kan aangewend word om goed voort te bring. Die lyn tussen die twee is net baie dun. Ons kan arm mense help, bemagtig, lei en leer om op 'n nuwe manier te leef. Mense wat drank, sigarette, dobbel en prostitute laat staan en 'n etos van soberheid en hardwerkendheid aankweek, sal vind dat dit met hulle finansieel beter gaan. Deur hulle kwalifikasies te verbeter kan hulle ook vir hulself 'n beter lewe verseker. 'n Hele gemeenskap kan gehelp word om uit die moeras van armoede, dronkenskap, bendes, dwelms, TIK en ander euwels te ontsnap (Conradie 2009:199-202). Dít is omgee vir andere. Solank ons hulle help om 'n gesonde balans te behou en hulle nie dan maar net ook begelei na 'n lewe van geldgierigheid, en 'n najaag van voorspoed en vooruitgang nie. Iets wat maklik gebeur as mens eers die sukses daarvan geproe het. Aandag kan geskenk word aan die deug van matigheid. Dit staan lynreg teenoor die ingesteldheid van gierigheid en vraatsug. Ons kan weer leer om byvoorbeeld genoeg te eet – nie te veel of te min nie, lank genoeg by iemand te kuier – nie te kort of te lank nie, hard genoeg te werk – nie te min of te veel nie, genoeg aandag te gee aan sport – nie te veel of te min nie, onsself genoegsaam te versorg – nie te veel of te min nie (Conradie 2009:138).

Ander deugde wat ook weer opnuut aandag kan kry en wat sal help om die verbruikerskultuur teen te werk, is:

- Soberheid – teenoor misbruik of oormatigheid
- Selfbeheersing – teenoor vrye teuels gee aan impulse vir seks, kos, drank en humeur
- Nederigheid – teenoor oorheersing en uitbuiting
- Dankbaarheid vir wat 'n mens ontvang het – teenoor 'n gedurige ontevredenheid met wat jy het
- Geduld en lankmoedigheid – teenoor om te vinnig te reageer en om aan te dring op die onmiddellike bevrediging van jou behoeftes

- Mildheid en vriendelikheid – teenoor die neiging om alles vir jouself te wil opeis

- Welwillendheid en gasvryheid – teenoor nydigheid

- Eenvoud

(Conradie 2009:138)

Ons kan weer leer dat daar geen noodwendige verband is tussen welvaart en welsyn nie. Ons kan ons standaard van liefhê verhoog en nie ons lewenstandaard nie. Ons kan weer leer om die eenvoudige dinge in die lewe te geniet. Dit wat geen geld kan koop of enige van ons prestasies vir ons kan verseker nie. Dit is dinge soos liefde, vriendskap, skoon lug, ŉ gesonde liggaam, om te kan stap vir oefening, die vermoë om die dinge wat die lewe bied te kan waardeer te midde van swaarkry, siekte, dood, ongeregtigheid en die begrensdheid van die lewe. Die deug van eenvoud bring ŉ nuwe tevredenheid mee. Dit staan teenoor die aandrang op onmiddellike bevrediging van die verbruikerskultuur. Ons kan die vermoë ontwikkel om te weet wanneer genoeg genoeg is. Eenvoud kan ons vry maak van die kunsmatige vaalheid en eentonigheid van die verbruikerskultuur. Energie kan uit eenvoud getap word om die kapasiteit te ontwikkel vir gemeenskap, ontferming en onderlinge sorg (Conradie 2009:139-143). Charles Birch het gesê: "The rich must live more simply so that the poor may simply live" (Conradie 2009:143) en Ghandi het gesê: "The earth satisfies the needs of all, but not the greed of those bent on insane consumption" (Conradie 2009:144). Meer as ŉ biljoen mense wêreldwyd leef in volslae armoede. Miljoene Christene geniet luukses wat deur modernisering en tegnologiese vooruitgang teweeg gebring is. In die lig van God se sorg en ontferming vir die armes het Christene ŉ verantwoordelikheid om ŉ eenvoudiger leefstyl aan te leer. Ons kan ook leer om op ŉ verantwoordelike wyse vrygewig te wees. Ons mag egter nooit gee op so ŉ wyse dat ons dit gebruik as ŉ manier om in beheer te bly nie (Conradie 2009:144).

In die studies en teorieë rondom die motivering vir menslike gedrag (hoofstuk vier), het ons gesien dat wanneer spanlede in 'n sportspan mekaar ondersteun, dit hulle help om die druk van prestasie beter te kan verwerk en dit selfs verminder. So kan ons as geloofsgemeenskap mekaar ook ondersteun om die druk van die wêreld op ons om te presteer en ook die druk van die verbruikerskultuur, saam teen te werk. Hierdie druk kan ook teen gewerk word deur 'n eenvoudiger leefstyl aan te kweek en ons fokus te verskuif, weg van onsself na andere rondom ons.

Ons kan weer te leer om te fokus op God se genade en dankbaar te wees vir alles wat ons wel het, sonder om onvergenoegd te wees oor dit wat ons nie het nie. Ons kan rustigheid in ons lewens inbou deur weer te begin om van Sondag 'n dag van rus en fokus op andere te maak. Deur die beginsel van 'n tiende van ons inkomste weg te gee weer in ons lewens in te bou, vestig ons 'n weggee mentaliteit eerder as 'n hou alles en soveel as moontlik vir myself (Conradie 2009:148-150).

### 5.1.8 Ruimte van ontmoeting

As geloofsgemeenskap ontmoet ons in die erediens maar ook in die lewe. In Romeine12:1 doen Paulus 'n oproep dat daar geen skeiding tussen erediens en lewe moet wees nie. Van die Jode en die heidene is verwag dat hulle offerandes na hul tempeldiens sou neem. As Christene behoort ons lewens die "lewende offer" te wees wat elke dag by ons gevind kan word in die erediens van die lewe. Calvyn het ons lewe die "hostie van God" genoem (Van der Merwe 2001:3). Van der Merwe (2001:3) wys daarop dat hierdie siening dat ons lewe 'n "lewende offer" moet wees, nie maar net 'n Nuwe Testamentiese siening is nie. Ons kry dit ook in die Ou Testament, byvoorbeeld by Amos. Ons lees in Amos 5:22-24 dat God sê: "Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie. Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! Maar laat die reg en die

geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos ’n standhoudende stroom.” [20]

Daar moet ’n balans wees tussen ons lewe en die erediens. Van der Merwe (2001:3) wys daarop dat “waar die klem eensydig op die samekoms as primêre lokus van erediens val, dreig die gevaar om aan die Christelike erediens weer kultiese funksies toe te ken, wat gewis wesenlik vreemd is. Waar die klem daarenteen uitsluitlik op die alledaagse lewe val, is 'n onderwaardering van die erediens as samekoms weer moontlik”. Luther (Van der Merwe 2001:3 ) het daarop gewys dat die begrip “Gottesdienst” beteken dat God in die lewe, dus daar waar ons elke dag leef, beweeg, werk, speel, gedien moet word. Wanneer mense die woord “Gottesdienst” hoor moet hulle aan die lewe dink en nie net aan die gelui van klokke en die klip en hout van kerke nie. Hierdie “twee gestaltes van liturgie móét ’n analogie vertoon. Ons kan nie in die erediens vier dat God in Christus sy Koninkryk van vrede en geregtigheid in ons gebroke werklikheid laat aanbreek het en dan uitgaan en ja sê vir die *status quo* van haat en onderdrukking in die alledaagse lewe nie” (Van der Merwe 2001:3-4).

Die erediens mag nie maar net ’n ontvlugtingsoord word nie.

> Die emosionele druk wat die gebrokenheid van die lewe op mense plaas, kan daartoe lei dat die erediens onwetend beskou word as die “blaaskansie”, waar van alle probleme en nood vergeet kan word, ’n soort ont-spanning te midde van die in-spanning van elke dag. Die erediens word dan ’n oase in die woestyn, ’n eiland van sin te midde van die alledaagse oseaan van sinloosheid of soos Noag se ark in die storm van die sondvloed waar ons beskerm word teen ons onmenslike wêreld en ons verantwoordelikheid daarvoor kan ontkom.
>
> (Van der Merwe 2001:5)

Ons het in hoofstuk vier gesien dat sportbyeenkomste ’n tipe “ontvlugting” van die werklikheid word. Ons wil graag raaksien wat sportbyeenkomste aan mense bied, omdat ons as geloofsgemeenskap bewus moet wees van mense se behoeftes. Om

---

[20] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998 (electronic ed.) (Amos 5:22-24). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

relevant te wees vir mense se behoeftes moet ons weet wat dit is. Die erediens mag egter nie maar net vervlak word tot 'n uur se "ontvlugting" een maal per week nie! Binne die erediens word ons herinner aan die groot dade van God in die verlede maar is ons ook intens bewus van Sy werking in ons lewe in die hede. Ons kan ook nie anders as om te hoop op die toekoms wat Hy reeds vir ons voorberei nie. Hier wil ek weer die beeld gebruik van wanneer ons roei. Ons beweeg vorentoe (hoop) maar ons kyk agtertoe (tradisie en Skrif).

Rondom sport kry ons "gemeenskappe" wat vorm met 'n gesamentlike doel. As lid van 'n sportspan is die doel om saam deel te neem, saam te poog om oorwinning te behaal. As sport toeskouers is die gemeenskaplike doel om die span te ondersteun en mee te help aan die oorwinning. Hierdie "avontuur", hierdie saam reis in die rigting van die gemeenskaplike doel, skep *communitas*. As geloofsgemeenskappe behoort ons ook 'n gesamentlike visie te hê, 'n doel om uit te reik en saam te werk aan 'n gemeenskaplike missie. Die "avontuur" sal ons help om *communitas* te wees, eerder as om net saam te kom om mekaar warm te broei. Hirsch (2009:171-172) wys daarop dat die Bybel deurgaans aan ons *liminaliteit* en *communitas* voorhou. Abraham en sy familie, Samuel, Elia, Simson, Dawid, was voortdurend aan die beweeg. Jesus het nie 'n vaste plek gehad om sy hoof neer te lê nie. Sy missie het Hom deur die land heen laat beweeg. Dieselfde sien ons by Paulus. Die boek Handelinge getuig ook van liminaliteit en communitas.

Die mens het 'n behoefte diep binne aan avontuur, reis en kameraadskap. As ons 'n gesamentlike missie buite die kerk het, 'n gesamentlike reis, 'n avontuur, wat ons aanpas in ooreenstemming met God se *missio dei* kan ons *communitas* wees en kan ons 'n verskil maak. God is reeds aan die werk binne en buite die kerk. Ons moet net ons posisie aanpas om saam met Hom te werk. Die reis is belangrik. Saamwees, liefde en omgee is te vinde waar ons 'n gemeenskaplike missie van ontdekking en gevaar aanpak, waar ons mekaar ook moet vind binne die hele proses, die reis. Ons is mense van die Weg en ons pad lê voor ons... (Hirsch 2009:172-175).

'n Verdere voordeel van *communitas* is dat sosiale klas wegval. 'n Mens sien dit in sportspanne en ook by sport toeskouers. In een span kan daar mense wees uit

verskillende lae van die samelewing, byvoorbeeld studente, ambagsmanne, dokters, onderwyseresse, verkoopsmense, werkloses. Hier is almal gelyk. Wat jy doen wanneer jy nie deelneem nie is vir die duur van die kompetisie, van die saam reis, nie belangrik nie. Julle het 'n gemeenskaplike doel, julle is op dieselfde vlak, saamgebind deur julle missie. Hierdie "gelykheid" is ook nodig binne geloofsgemeenskappe. Dit wil lyk of dit moontlik gemaak sal kan word as ons saam fokus op ons na buite gerigte missie.

Die strukture wat ons binne ons *societas* het, sou ons kon gebruik tot voordeel van ons missie. Ons mag net nooit binne hierdie strukture vasval nie. Alle strukture is egter nie noodwendig sleg nie. Dit kan tot voordeel van almal ingespan word. Ons moet net onthou, soos Wepener (2009:78) dit baie mooi stel, dat ons as Christene se hele lewe 'n liminale periode is. Ons leef tussen die "alreeds" en die "nog nie" van God se Koninkryk. Ons is voortdurend op reis na die *societas* van die Bybelse beloftes.

### 5.1.9 Goddelike rol

Ons as Westerse mense is geneig om ons lewens in netjiese kompartemente in te deel. Ons lewe bestaan uit verskillende "dele" – werk, gesin, familie, sport, godsdiens, ensovoorts. Dit herinner aan die antieke wêreld vóór monoteïsme. Daar was toe 'n god vir elke aspek van die menslike lewe. Met Israel se aanvaarding van monoteïsme het hulle Jahwe aanvaar as Here. Jahwe is die EEN God wat regeer of heers oor elke aspek van die lewe. Hy is die Here van die huis, die politiek, die veld, die werk, ensovoorts. Die godsdienstige taak was nou om hierdie EEN God te eer in en deur elke aspek van jou lewe. Soos ons sien in Deut. 6:4-9:

> 4"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. 6"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit

> moet 'n merk op jou voorkop wees. [9]Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.[21]

Hierdie is Israel se basiese geloofsbelydenis, die *Shema Jisrael* (Hoor, O Israel). Elke Israeliet is opgeroep om sy of haar lewe onder die heerskappy van een God te leef en nie langer onder die tirannie van baie gode nie. Daar is net één God en hy is die Heer van alles. God is dus betrokke by elke aspek van die mens se lewe en nie nét by sogenaamde geestelike aspekte nie. Hier sien ons dat daar nie iets is soos 'n heilige en 'n sekulêre wêreldbeskouing nie. Alles is 'n integrale geheel (Hirsch 2009:39-40).

Die vroeë Christene het Jesus op dieselfde wyse as Heer erken as wat Israel God as Heer erken in die *Sj'ma*. Met tyd het die dualisme van heilige en sekulêre weer in die kerk ingekruip. As die wêreld en alles daarin aan God behoort, kan daar tog nie 'n sfeer wees waaroor God nie heers nie. Daar behoort dan nie 'n nie-Goddelike area in ons lewens of kultuur te wees nie (Hirsch 2009:40).

As God dan deel is van alles in ons lewe en ons in volle afhanklikheid van Hom funksioneer in alles wat ons doen, sal ons lewens tog daarvan getuig en hoef ons nie so hard te probeer om andere daarvan te oortuig met ons woorde nie. Bring die hard en sigbaar bid vóór 'n wedstryd en die hard en sigbaar eer aan die Here gee vir talente ontvang ná die wedstryd, dan werklik eer aan God? Dan laat dit my dink aan Jesus se waarskuwing in Matteus 6:5-6:

> [5]"Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. [6]Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.[22]

---

[21] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (Deuteronomium 6:4-9). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

[22] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (Matteus 6:5-6). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Dit is juis hierdie sigbare gebede op byvoorbeeld die rugbyveld wat vrae ontlok by mense soos hierdie berig in Beeld[23] van getuig:

### Om te bid voor 'n wedstryd

Beeld 2011-03-24 22:04 Dana Snyman

Beste Bakkies,

Ek het gesien jy het dit Saterdag weer gedoen: Jy het saam met jou Bulls-spanmaats op Loftus op die veld gedraf en toe, net voor die afskop, toe sak jy op jou een knie af en jy bid.

Of dit het gelyk of jy bid.

Dit is jou persoonlike saak, ek weet, maar ek dink nie dis onbillik as ek daaroor wonder nie – jy doen dit immers in die openbaar, voor 'n vol stadion mense en miljoene TV-kykers.

Verstaan mooi, ek het niks teen gebed nie. Ek glo ook aan God en aan gebed. Maar soms wonder ek: Is dit vanpas om voor 'n rugbywedstryd te bid? Ek glo so, ja, maar soms twyfel ek tog 'n bietjie daaroor.

Ek het net tot my skool se vierdes gevorder, maar ou Flippie Momsen, ons kaptein, het ook altyd voor 'n wedstryd vir ons gebid wanneer ons in 'n kringetjie daar iewers langs 'n C-veld gestaan het met die Deep Heat-walms wat om ons hang.

Ek hoor hom nog:

"Liewe Jesus, wees asseblief vandag saam met ons op die veld. Help ons dat ons onsself goed op die veld sal gedra. Gee ook dat die beste span wen. Laat asseblief die beste span wen. Gee ook asseblief dat daar nie ernstige beserings sal wees nie. Amen."

Daar was vir my iets diep gerusstellends aan daardie vierdes-gebed – en dit was respekvol van Momsen dat hy Jesus nie met ligte beserings en grass burns wou opsaal nie.

Ek het iewers gelees julle as 'n Bulls-span bid ook saam voordat julle op die veld draf. Die vraag is natuurlik: As julle as 'n span voor die tyd saam bid, is dit nodig vir iemand om weer op die veld te bid? Ek vermoed dit is eerder 'n soort persoonlike getuienis wat jy wil bring.

Nie ver nie van hier waar ek aan die Weskus woon, is 'n deel van 'n heuwel wat uit 'n enorme rotsformasie bestaan. Jy sien dit wanneer jy van Saldanha na Vredenburg ry.

---

23 http://www.beeld.com/Rubrieke/Dana-Snyman/Om-te-bid-voor-n-wedstryd-20110324

> ’n Ruk gelede het iemand met moeite teen daardie rots uitgeklouter en in tamaai, rooi letters daarteen geverf: JESUS.
> Elke keer wanneer ek daar verby ry, wonder ek:
> Dra jy regtig die boodskap van Jesus uit deur Sy naam op so ’n indrukwekkende, ou rots te verf?
> Sou Jesus self Sy naam daarop wou gesien het?
> Sou Hy dit nie verkies het dat mense bloot na die rots kyk en tot ’n besef kom van die grootsheid en onpeilbaarheid van die skepping nie?
> Dis ook nie asof iemand daar verby gaan ry, die naam op die rots sien en begin wonder wie is hierdie Jesus-kêrel nie.
> Almal weet van Hom.
>
> Wat probeer ek eintlik sê, Bakkies? Ek wil net hê dat jy weet jou gebede op die veld laat my baie vrae oor my eie Christenskap vra.
> Is daardie desperate woorde op ’n bedelaar se plakkaat by ’n verkeerslig nie ook ’n gebed nie? wonder ek soms. En het gebed nie ook baie te doen met stilte nie?
> Is gebed nie om in kalmte bewus te probeer raak van die broosheid van menslike verhoudings nie?
> Is dit nie ook daardie oomblikke wanneer jy in die donker onder die sterre sit en die misterie van die lewe in die stilte rondom jou voel nie?
> Groete
> Dana

Nou weet ons almal wat in rugby belangstel en daarna kyk dat hierdie einste Bakkies soms so optree tydens ’n wedstryd dat mense dit ervaar as in stryd te wees met dit wat hy klaarblyklik met sy sigbare gebede wil uitdruk. Doen dit dan nie meer skade as goed om in die openbaar ten aansien van almal te bid nie? Ja, ’n mens het begrip en waardering daarvoor dat hy wil hê almal moet weet dat hy in ’n persoonlike verhouding met die Here staan en tog...

As die Here in elk geval deel van ons hele lewe is, los ons Hom tog nie dáár waar ons gebid het nie. Gaan Hy saam met ons, neem Hy deel saam met ons en dan nie net saam met my wie in die openbaar gebid het en Hom erken het as my Heer nie, maar saam met elkeen van wie se lewe Hy deel is, in wie se hele, totale lewe Hy Heer is. Dan sal ek tog ook só speel, só deelneem dat dit ook sigbaar word deur my spel. Sal ek respek betoon teenoor my medespelers as mede-geskapenes na sy Beeld. Sal ek bewus wees daarvan dat ook hulle, hul talente van Hom ontvang het.

Sal dit dalk nie meer nodig wees dat ek met my mond dit hoef te bely ten aanhore van die hele wêreld, dat ek Hom met my mond in die openbaar hoef te bedank vir my talente nie. Sal ek in stille tevredenheid kan weet dat ek vandag weereens só deelgeneem het, só gespeel het, dat die wêreld deur my spel kon sien ek verheerlik Hom deur my lewe, deur my totale menswees... Sal dít my getuienis word.

Ons kan egter nie mense se behoefte om op een of ander wyse in die openbaar uitdrukking te gee aan hulle geloof miskyk nie. As ons nie binne die erediens hiervoor ruimte skep nie is dit vir mense nodig om op rugbypale te klim om dit te doen, soos ons gesien het in die geval van Jaco van der Westhuizen wat dit nodig gevind het om met sy Jesus T-hemp op die rugbypaal te klim. Hier kom die belangrikheid ook in om mense opnuut weer te onderrig in hoe ons kan leef in die erediens van die lewe. Hoe getuig ek met my hele lewe? As ons dit begryp sal ons moontlik ook nie die behoefte daaraan hê om dit bo-op ’n rugbypaal te wil doen nie. Maar dan sal ons weer moet terugkeer na die opdrag in Deuteronomium 6:6-7:

> 6“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.[24]

Dan moet hoe ons die Here dien (ons “Gottesdienst”) weer deel word van ons totale lewe sodat dit ’n natuurlike deel vorm van ons alledaagse gesprekke, deel wees van elke aspek van ons lewens en nie maar net iets wat ons beoefen wanneer mense ons kan sien of vir ’n uur of wat op ’n Sondag in die erediens van die kerk nie.

### 5.1.10 Fnuiking van die dood

> Ek werk baie hard aan my *body*. Elke dag *gym*, ’n uur en ’n half, behalwe Sondae, want dis God se dag. Behalwe my kasteel en my kar hou ek die meeste daarvan om in die *gym* te wees. Ek *train* by Groenkloof saam met Marie, my beste *pal* van *varsity*, wat ook later na ons kerk gekom het... Die beste deel van die *gym* is daai *high* wat jy kry as jy spin... jy voel *great*. Jy voel of jy heel bo is, met jou *body* en jou *spirit* en jou *mind* wat *soar*. Dis baie soos wanneer ons *worship*, net in ’n ander

---

[24] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (Deuteronomium 6:6-7). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

> *way*. Partykeer huil ek as dit gebeur, want op 'n *weird* manier voel ek *close* aan God as ek so 'n *body high* het. Dit is lekker maar dit bly harde werk en *heavy* dissipline om jou *body* te kry soos jy hom wil hê. Dit is ook vir my 'n *way* om te wys God se *Spirit* is in my, en hoe Hy my *bless*... Die deel van om in *shape* te bly waarvan ek nie so baie hou nie, is die *supplements* wat ek moet drink.
>
> (Rossouw 2007:96-97)

Rossouw (2007:74-75) skryf verder oor die verskynsel van die gimnasium:

> Met ander woorde, die gimnasium is geensins 'n speelplek, 'n kuierplek of 'n flirtasieplek as sodanig nie, maar allereers 'n plek van *die beliggaming van 'n eksistensiële oortuiging*. Hier kan die gnossie[25] dag na dag beeldhou aan die beeld wat sy moet voorhou. Dit sluit wel aan by die ou Griekse ideaal wat jong Afrikaners ook eens op skool geleer is – 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees – máár die aansluiting is van so 'n aard dat die ideaal verteken word, en verander na ''n oorgesonde liggaam huisves 'n spookgees', want die gees wat hier ter sprake is, is lankal verdryf.

Ons sien hier dat die "'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees" beginsel ook te ver gevoer kan word. Ons kan en ons moet en ons mag ons liggame versorg maar ons mag dit nie vóór alles anders stel en selfs ten koste van ander verhoudings nie. Conradie (2009:199) sê dat rykes dink hulle kan vir hulself 'n soort onsterflikheid koop deur geboue, geld, instellings en groot grafstene na te laat. Geld maak jou dan nie net skaflik nie maar ook onsterflik.

Ons moet ons verganklikheid besef. Ons is maar brose mense. Ons kán nie vir ewig lewe nie. Dit is goed en reg om na ons liggame om te sien maar ons kan nie al ons tyd en energie daarop spandeer nie. Paulus herinner ons in 1 Korintiërs 6:19-20:

---

[25] 'n Gnossie is 'n Afrikaner wat vandag (waarskynlik sonder om dit te weet) 'n afgeleide vorm van die gnostiek beoefen. Dit gaan hier oor die sug na suiwerheid, die geloof in kennis wat regstreeks deur die individu verwerf kan word, die afkeer aan 'n tradisie en die inspan van daardie tegniese middele wat dit moontlik maak om dit na te jaag – soos die internet ("regstreekse" toegang tot kennis); 'n sportmotor (spoed is die sug om te vergeet); of die gimnasium (waar die liggaam gesuiwer en omvorm word). Gnossies vind geestelike regverdiging in die charismatiese "godsdiens" (Rossouw 2007:5-6)

> [19]Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: [20]julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.[26]

Ons behoort gebalanseerde lewens te lewe. As ons ewe veel tyd sal spandeer aan omgee vir andere as wat sommiges aan hul liggame spandeer, sal ons gemeenskappe moontlik heel anders daarna uitsien. Oefen en sportbeoefening het die voordeel dat dit ons help om dissipline in ons lewens te vestig. Paulus gee ook erkenning hieraan en moedig ons aan om hierdie selfde dissipline wat ons in sport raaksien, in ons geestelike lewe in te bou. Ons lees die volgende in 1 Korintiërs 9:24-27:

> [24]Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen.
> [25]Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. [26]Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. [27]Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.[27]

'n Atleet wat 'n wedloop wil wen, moet gedissiplineerd en doelgerig wees. Net só vereis die Christelike lewe ook harde werk, dissipline en doelgerigtheid. Ons het geestelike stamina nodig. 'n Atleet wat op die paviljoen sit en vir andere kyk en elke dag net 'n entjie gaan draf, kan nie eers begin droom om 'n belangrike wedloop te wen nie. Dit vereis baie meer toewyding en gereelde, getroue oefening. Volharding en doelgerigtheid bring egter bepaalde belonings met dit mee. Daar is heelwat positiewe lesse wat oefening in ons lewens kan inbou. Ons dissiplineer ons liggame deur te oefen. Ons leer om te volhard, nie gou moedeloos te word en tou op te gooi nie. Ons leer om aan te hou, deur te druk tot by die wenstreep. Lesse wat waardevol aangewend kan word binne ons geloofslewe.

---

[26] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (1 Kor 6:19-20). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
[27] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (1 Korintiërs 9:24-27). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons moet egter weet dat al is ons hóé fiks, hóé gesond, ons kán die dood nie fnuik nie. Ek wil 1 Korintiërs 15:35-58 voorhou as teenstelling teenoor die *gnossies* se beheptheid met hulle lywe:

*Die opstandingsliggaam*

[35]Maar iemand kan vra: Hoe word die dooies opgewek? Watter soort liggaam sal
hulle hê?
[36]Dis ’n dom vraag! Wat jy saai, kom nie tot lewe tensy dit eers sterwe nie. [37]En wat
jy saai, saai jy nie in die toekomstige gestalte daarvan nie, maar as ’n blote
saadkorrel, of dit nou koring is of iets anders. [38]Maar God gee ’n gestalte daaraan,
soos Hy bepaal het; aan elke saadsoort gee Hy ’n eie gestalte.
[39]Die vleis van lewende wesens is nie alles eenders nie. Daar is ‘n verskil tussen
die vleis van mense, van diere, van voëls en van visse.
[40]Daar is hemelliggame en daar is aardse liggame. Die glans van die
hemelliggame is anders as dié van die aardse liggame. [41]Die glans van die son is
anders as dié van die maan of dié van die sterre. Ook verskil die een ster se glans
van dié van die ander.
[42]So is dit ook met die opstanding van die dooies; wat gesaai word, is verganklik
en word in onverganklikheid opgewek; [43]wat gesaai word, is gering en word in
heerlikheid opgewek; wat gesaai word, is swak en word in krag opgewek. [44]’n
Natuurlike liggaam word gesaai, ’n geestelike liggaam word opgewek. Aangesien
daar ’n natuurlike liggaam is, is daar ook ’n geestelike liggaam. [45]So staan daar
ook geskrywe: “Die eerste mens, Adam, het ’n lewende wese geword.” Die laaste
Adam het die lewendmakende Gees geword. [46]Die geestelike kom nie eerste nie
maar die natuurlike, en daarna die geestelike. [47]Die eerste mens is uit die aarde en
is stoflik; die tweede mens is uit die hemel. [48]Soos die stoflike mens was, so is ook
die stoflike mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.
[49]Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die
hemelse wees.
[50]Wat ek bedoel, broers, is dit: vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God
deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie. [51]Kyk, ek
maak ’n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal
almal verander word. [52]By die laaste trompet sal dit in ’n oomblik, in ’n oogknip
gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes
opgewek word, en ons sal verander word. [53]Hierdie verganklike liggaam moet met
die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. [54]En
wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie

sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word:
"Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal."
55"Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?"
56Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van
God. 57Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here
Jesus Christus.
58Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie. [28]

## 5.2 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan die hand van Osmer se derde taak (die normatiewe taak) van praktiese teologiese interpretasie die vraag: "Wat behoort aan te gaan" te beantwoord. Die tien momente wat aan die hand van hoofstuk drie geïdentifiseer is in hoofstuk vier, is hier bespreek vanuit 'n teologiese perspektief. In hoofstuk vier is hierdie tien momente bespreek vanuit die perspektief van verskillende wetenskappe (teologie uitgesluit). In hierdie hoofstuk is die momente belig vanuit 'n teologiese perspektief en waar moontlik en relevant ook vanuit 'n Bybelse perspektief. In hoofstuk ses sal daar gekyk word na Osmer se vierde taak (die pragmatiese taak) van praktiese teologiese interpretasie. Hier kom die vraag: "Hoe kan ons reageer?" aan die orde. Hier sal daar graag so prakties as moontlik gekyk word hoe ons dit wat vanuit die liturgie van die (sport) lewe waargeneem is, kan inkultureer in die liturgie.

---

[28] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (1 Korintiërs 15:35-58). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

# HOOFSTUK 6

## DIE PRAGMATIESE TAAK

Die vierde van Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie is die pragmatiese taak. Die vraag wat hier beantwoord moet word is: "Hoe kan ons reageer?" Hier gaan dit oor praktiese strategieë en aksies ten einde situasies of kwessies op gewenste wyses te beïnvloed. Hoe kan ons nou al drie die vorige take van praktiese teologiese interpretasie byeenbring en benut op 'n praktiese wyse wat van waarde kan wees tydens die liturgie van die erediens? Ons wil hier op 'n hermeneutiese wyse van die liturgie van die lewe, die "erediens" van die lewe, beweeg na die erediens soos wat dit op 'n Sondag plaasvind. Die liturgiese momente wat ons waargeneem het in die erediens van die lewe, en dan veral binne die liturgie van sport, sal in ag geneem word in 'n voorstel tot 'n geïnkultureerde liturgie. 'n Voorstel sal aangebied word van hoe so 'n liturgie daar kan uitsien. Hoe die verskillende momente wat bespreek is in die vorige hoofstukke, hierby ingewerk/geïnkultureer kan word, sal telkens aangedui word. Soos wat die momente relevant is tydens 'n bepaalde moment in die erediens, sal dit in rooi aangedui word.

### 6.1 DIE EREDIENS

Ten einde voorstelle te maak oor hóé die erediens moontlik daar kan uitsien as liturgiese momente vanuit die "erediens van die lewe" daarin geïnkultureer word, is dit belangrik om net eers uitdrukking te gee aan ons hedendaagse verstaan van die erediens. Hiervoor sou dit nodig wees om 'n kort voëlvlug te neem deur die geskiedenis van die erediens. Leuschner & De Klerk (2007:66-87) gee 'n goeie opsomming. Hulle kyk na die "atmosfeer in die erediens" deur die loop van die geskiedenis. Ek gaan net hoofmomente uit hulle opsomming uitlig. My doel hiermee is nie om die volle en ryke geskiedenis van die erediens weer te gee nie. Dit is eerder om uit te lig dat die erediens deur die eeue talle ontwikkelings en veranderings ondergaan het. Daar is dikwels weerstand vanuit die gemeente wanneer "nuwe" elemente in die erediens ingebring of bestaande elemente gewysig word. Deur na die geskiedenis van die erediens te kyk, besef 'n mens dat min dinge werklik "nuut" is.

Dikwels is "nuwe" elemente in der waarheid "ou" elemente wat in onbruik verval het. Dit mag gemeentelede dalk troos om te weet dat daar nie as sodanig "nuwe" elemente in die erediens ingebring word nie. In werklikheid word behoeftes aangespreek wat al vantevore in die geskiedenis bestaan het en nou weer na vore tree. Elemente wat vantevore binne die erediens aan die orde was en mettertyd in onbruik verval het, word nou weer "afgestof" en benut. Soos die Prediker tereg gesê het: "daar is glad niks nuuts onder die son nie".[29]

### 6.1.1 Atmosfeer in die erediens van die Nuwe Testamentiese tyd tot die einde van die tweede eeu

Die erediens in die Nuwe Testament het spore van beïnvloeding deur die Joodse sinagogediens vertoon. Die Jode het daagliks in die tempel en by huise bymekaar gekom om te bid, hulle het weekliks (op die Sabbat) in die sinagoge bymekaar gekom vir Skriflesing en jaarliks vir die Paasmaal. Hierteenoor het die Christene weekliks op Sondae bymekaar gekom. Al drie elemente het weekliks plaasgevind – gemeenskaplike gebed, Skriflesing met uitleg en die Nagmaal. Die erediens was gekenmerk deur feesviering. Dit was 'n vrolike geleentheid waaraan alle gelowiges deelgeneem het. Woordverkondiging en Nagmaalsviering was belangrik. Groot klem is geplaas op gebede. Daar is vir mekaar maar ook vir hulle buite die gemeente gebid. Die oorgang van die Woorddiens na die Nagmaalsdiens is aangedui deur die vredeskus. Horisontale sowel as vertikale koinonia was belangrik. Gelowiges het 'n groot rol in die erediens gespeel. Deelname was meer korporatief as individualisties.

Die doel van die erediens was om lewens te verander. Die atmosfeer van opregte deelname het ten doel gehad om vreemdelinge en buitestanders te laat tuis en welkom voel. Die mees algemene liggaamshouding tydens sang en gebed was met uitgestrekte hande. Fisieke liggaamsuitinge was aanvanklik deel van die erediens en het ingepas by die feestelike karakter daarvan (Leuschner & De Klerk 2007:67-69).

---

[29] *Die Bybel Ou Vertaling*. 1996, c1954. (Prediker 1:9). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

In die laat tweede eeu sien ons dat Klemens van Aleksandrië gekant was teen die gebruik van musiekinstrumente in die erediens. Volgens hom was luidrugtige feesvreugde in die kerk onaanvaarbaar. Reeds so vroeg as die tweede eeu is die erediens gestroop van emosie en belewenis (Leuschner & De Klerk 2007:69).

### 6.1.2 Die erediens ten tye van die kerk as Rykskerk en die Middeleeue

In die eerste drie eeue n.C. was Christene in die minderheid en beleef hulle vervolging. Hulle het in die geheim in huise bymekaar gekom. Die jaar 313 n.C., Konstantyn en die Edik van Milaan (312 n.C.) het alles verander. Christene het nou die vryheid gehad om te aanbid soos hulle wou. Die Christelike geloof word vanaf 380 n.C. onder keiser Teodosius, die staatsgodsdiens (Wepener 2009b:75). Die massas stroom nou na die erediens. Bymekaarkomplekke was te klein en moes vergroot of nuut gebou word. Nodeloos om te sê, moes die geboue van die staatsgodsdiens en die godsdiens van die regeerders indrukwekkend en weelderig wees. Die staat verskaf finansiële steun vir die oprigting van kerke. "Ligte, goud en edelgesteentes kry ŉ belangrike plek in die kerkgeboue, saam met skilderye en mosaïek wat alles meegehelp het om ŉ atmosfeer van verwondering en majesteit te skep. Die altaar, wat vroeër ŉ beweeglike tafel vir die nagmaal was, word nou ŉ werklike altaar met ŉ vaste plek, waarop die "heilige voorwerpe" ŉ plek kry" (Leuschner & De Klerk 2007:70). Klem word daarop geplaas dat die liturgiese handelinge korrek uitgevoer moet word. Dit word al hoe meer aan die ampte oorgelaat om dit te verrig. "Die gemeente word al meer toeskouers vir wie die diens opgevoer word" (Leuschner & De Klerk 2007:71). Die erediens word iets afgesonderd, heilig en misterieus. Die priester se rol word so belangrik dat dit ŉ definitiewe skeiding bring tussen geestelikes en leke. Die priester het die bemiddelaar van heil geword. Die mees essensiële aspek van aanbidding – ontmoeting tussen God wat praat en die gemeente wat antwoord – het grotendeels verlore gegaan. Die misterieuse en God se teenwoordigheid deur die sakramente is beklemtoon. Die erediens was nie meer die ontmoeting met die ware God in die alledaagse lewe nie. Skriflesing en prediking is verdring deur die altaar. Die Nagmaal het ŉ "offer" geword. Die gemeente het al hoe minder hieraan deelgeneem omdat

gewone lidmate nie goed genoeg was om aan hierdie groot, dramatiese, ontsagwekkende gebeurtenis deel te neem nie (Leuschner & De Klerk 2007:71-72).

Teen die middel van die vierde eeu het die gemeenskaplike gebed al hoe meer verdwyn. Gebede is nie meer die gebede van die gemeente nie maar word al hoe meer die gebede van die geestelikes.

### 6.1.3 Die Reformasie

Ten tye van die Reformasie het die erediens bestaan uit twee partye wat mekaar ontmoet – God en die priester. Die gemeente het die liturgiese drama van 'n afstand aanskou. Die Reformasie het die gemeente se status as deelnemende party aan die verbond herstel en haar plek in die erediens aan haar teruggegee. Die erediens word weer gekenmerk deur God wat spreek en meedeel en die mense, die gemeente wat luister, antwoord en toeëien. Gebede en gemeentelike sang kry weer 'n plek in die erediens (Leuscher & De Klerk 2007:73). Die mense kon self voorgeskrewe liedere sing. Die altaar is in die vorm van 'n tafel naby aan die gemeente geplaas (Wepener 2002:643). Koinonia word beklemtoon. Alle gelowiges is gelyk. Die verskil tussen die ampte en die gemeente was een van funksie en nie van rang nie. God word weer uit dankbaarheid as Verlosser aanbid, in plaas daarvan dat verlossing verkry word deur offers van tussengangers. Die erediens vind weer in 'n verstaanbare taal plaas, in teenstelling met die Latyn van die Middeleeue. Aanbidding is korporatief en almal neem deel aan die Nagmaal. Die Woord staan sentraal. Christus is teenwoordig in die prediking. Liturgie is diens aan die ware God. Aanbidding word tot God gerig en Hy is ook die een wat aktief handelend is. Die liggaamlike kry weer 'n plek, veral tydens gebed. Calvyn was 'n voorstander daarvan dat daar gekniel word tydens gebed. Hy het ook die ophef van hande tydens gebed as 'n eg Bybelse simboliese gebaar beskou. Dit was 'n teken van die ophef van die hart na bo (Leuschner & De Klerk 2007:73-79).

Die Reformasie was in wese 'n reaksiebeweging, 'n poging om reg te stel wat verkeerd was. Dit het dikwels 'n oorreaksie tot gevolg gehad. So het Zwingli byvoorbeeld alle visuele kunste uit die kerkgebou verwyder. Hy het musiek uit die

kerk verban, sang weggeneem en kerkorrels verwoes. Calvyn het ook nie begeleiding van die sang deur enige musiekinstrument toegelaat nie (Leuschner & De Klerk 2007:76, 79-80). “Die verwydering van visuele en musikale kuns het die aanspraak op die meer kunssinnige kant van die brein, die regterhemisfeer, verminder.... Dit het gepaard gegaan met ŉ verlies aan emosionele belewenis, omdat die erediens hoofsaaklik die intellek en denke gestimuleer het” (Leuschner & De Klerk 2007:80). In die Middeleeue was die erediens ŉ emosionele skouspel sonder begrip. Tydens die Reformasie is die emosionele belewenis van die erediens afgeskaal en het die klem op intellektuele stimulasie en begrip geval (Leuschner & De Klerk 2007:81). By Zwingli het ons gekry dat die Woord en die sakrament uitmekaar getrek is. Dit het veroorsaak dat die nagmaal minder gereeld gevier is. Van die daaglikse mis is beweeg na nagmaalviering so min as vier keer per jaar. Calvyn het hom beywer daarvoor dat die nagmaal gereeld en minstens een maal per week bedien moes word. Hy kon egter nie hierin slaag nie (Wepener 2002:644).

### 6.1.4 Die Rasionalisme van die 19de en 20ste eeue

Die Modernisme is gekenmerk deur klem op die denke wat sy oorsprong gehad het in die woorde van die Franse filosoof René Descartes (1596-1650) “*Cogito ergo sum – ek dink, daarom is ek*”. Groot klem is geplaas op die individu (individualisme), die mens (humanisme) en die self (subjektivisme). Die bewysbaarheid van dinge, empiriese feite was belangrik. Vir die misterie was daar weinig plek. Dit alles het ook ŉ invloed op die erediens gehad. Die belangrikheid van die rasionele het veroorsaak dat die erediens ŉ rasionele, intellektuele klem gekry het. Die Bybel is op ŉ rasionele wyse gedissekteer. Prediking het grotendeels etiese rigtinggewing geword. Die affektiewe en emosionele is onderbeklemtoon omdat alles verklaarbaar en verstaanbaar moes wees. Die sakramente is steeds onderbeklemtoon en die Nagmaal is steeds net vier keer per jaar gevier. Dit is net in die diens ingevoeg en het nie meer dieselfde gewig as die prediking gedra nie. Omdat die mistieke gewantrou is, het dit min ruimte gelaat vir die werking van die Heilige Gees. ŉ Ware ontmoeting met God, deur gebruik te maak van al vyf sintuie, is bemoeilik (Leuschner & De Klerk 2007:81-82).

### 6.1.5 Die Postmodernisme

Die ontnugtering na die oorloë aan die begin van die 20ste eeu het die besef weer laat opvlam dat die mens in die diepste van sy wese tot niks goeds in staat is nie. Objektiewe waarhede en etiese reëls word betwyfel. Die geldigheid van meer as een moontlike waarheid oor dieselfde aangeleentheid word aanvaar. Daar is nie meer nét reg en verkeerd nie. Eerder geldig en óók geldig. ŉ Nuwe belangstelling in die metafisiese kom na vore.

> Die bestaan van God en die mens se inherente godsdienssin word erken. Spiritualiteit en godsdiens het weer belangrik geword omdat dit erken word as die diepste essensie van menswees. Omdat die rasionele relatief is, kan die irrasionele weer geloofwaardig wees in die arena van menslike handelinge, maar dan moet dit godsdiens wees wat die gevoels- en ervaringsveld van die mens aanspreek. Die verwagting van die postmoderne mens lê nie by die dogmatiese of intellektuele aspek van die erediens nie, maar by dit wat “die hart aanspreek.
>
> (Leuschner & De Klerk 2007:82-83)

Vaste volgorde in die erediens is nie meer belangrik nie. Afwisseling word verkies. Aktiewe deelname in die erediens word weer belangrik.

### 6.1.6 Die Liturgiese Beweging van die 20$^{ste}$ eeu

Dit is soos ŉ herontwaking van die kerk. Nuwe klem word geplaas op die eenheid tussen die Woorddiens en die Nagmaalsdiens as die twee groot dele van die erediens. Daar is ŉ herontdekking gedoen van die Vroeë Kerk as model vir die liturgie. Die kag van die Woord in die erediens word beklemtoon. ŉ Verset begin ontstaan teen individualisme. Nuwe klem word geplaas op gemeentelike deelname aan die liturgie. Die eietydse aard van aanbidding word erken en nuwe liedere word gebruik. Pluraliteit word erken, selfs binne ŉ enkele tradisie. Simbole en rituele kry groter klem. Die sakramente word opnuut waardeer en in baie kerke word Nagmaal meer gereeld gevier. Nagmaal word weer verstaan as ŉ herinnering aan die verlede, deelname in die hede en voorafskaduwing van die toekoms. Nuwe klem word ook op

die epiklese geplaas wat noodwendig 'n aanduiding is dat die belangrikheid van die Heilige Gees weer erken word (Leuschner & De Klerk 2007:83-84).


## 6.2 SPIRITUALITEITSTIPES

'n Verdere belangrike saak om in gedagte te hou tydens die erediens is dat mense God op verskillende wyses ervaar en beleef. 'n Doktorale studie wat deur Steyn (2008) gedoen is[30] gee aandag aan die uitdagings en eise wat hierdeur aan die liturg gestel word. Die verskillende persoonlikheidstipes en persoonlikheidstyle van die erediensgangers beïnvloed hoe hulle die erediens beleef (Steyn 2008:3). Daar is talle moontlike perspektiewe op persoonlikheid (Steyn 2008:326). Dit is nie die doel van hierdie studie moontlik om in diepte hierop in te gaan nie en daarom verwys ek graag na die vermelde navorsing van Steyn (2008). In hierdie studie wil ek net daarop wys dat die liturg kennis moet neem van die feit dat erediensgangers God en die erediens op verskillende wyses sal ervaar en beleef. Die benadering wat ek kies om hierdie verskillende ervarings uit te wys is *spiritualiteitstipes*. Dit is gebaseer op die boek van Corinne Ware *Discover your spiritual type* (1995) en Buvton (datum onbekend) het 'n "PowerPoint" aanbieding opgestel wat hier as basis gebruik sal word. In my liturgiese voorstel wat later volg wil ek poog om al vier spiritualiteitstipes in ag te neem. Ons kan en mag nie maar net altyd op een spiritualiteitstipe fokus nie. Ons behoort al ons lidmate in ag te neem. Ons moet ruimte maak vir mekaar. Daar behoort erns gemaak te word om tydens die erediens al vier spiritualiteitstipes aan te spreek. Dit is nie altyd honderd persent moontlik is nie maar as daar moeite gedoen word hiermee mag dit nie só onmoontlik wees om dit reg te kry nie.

Hier sal kortliks verduidelik word wat die vier spiritualiteitstipes behels. Dit kan as volg voorgestel word:

---

[30] Soos reeds vermeld in hoofstuk 2




### 6.2.1 Kopspiritualiteit

Vir hierdie spiritualiteitstipe is die volgende belangrik:

- Orde, logika en inhoud
- Sistematiese nadenke en Struktuur
- Gebed moet ordelik wees met inhoud en baie woorde
- Lees die Bybel om die volgende vraag te beantwoord en sal dit waarskynlik ook in die prediking soek: Wat sê die gedeelte oor God?

**Gevaar:** Hulle kan droog en dogmaties wees. Alles moet rigied en ordelik geskied.

### 6.2.2 Hartspiritualiteit

Vir hierdie spiritualiteitstipe is die volgende belangrik:

- Gevoelvolle uitdrukkings en interpersoonlike warmte
- Getuienis, musiek en evangelisasie
- Innerlike heiliging en persoonlike verhouding
- Gemoedelikheid en entoesiasties

- Gebed moet vry wees, 'n hart vir mense en God moet hierin tot uitdrukking kom

- Lees die Bybel om die volgende vraag te beantwoord en sal dit waarskynlik ook in die prediking soek: Wat sê God vir mý?

**Gevaar:** Hulle kan piëtisties en eksklusief – ons teen die wêreld – wees. Kan te veel klem lê op die emosionele.

### 6.2.3 Mistieke spiritualiteit

Vir hierdie spiritualiteitstipe is die volgende belangrik:

- Om aan God se voete te sit en te luister. Wil eerder hoor van God as praat van God

- Soek kontak met God, wil nadink oor Bybel

- Blokke stil tyd en meditasie is belangrik. Baie introspektief

- Kreatiewe geeste voel hier tuis - skrywers en kunstenaars, vernuwende denke

- Gebed: Fokus op God se ontsagwekkende teenwoordigheid en stilte

- Lees die Bybel om die volgende vraag te beantwoord en sal dit waarskynlik ook in die prediking soek: Hoe help die gedeelte my om God te beleef?

**Gevaar:** Hulle ontrek hulself maklik van die wêreld. Kan passief raak.

### 6.2.4 Handspiritualiteit

Vir hierdie spiritualiteitstipe is die volgende belangrik:

- Doeners en wil aktief werk vir die Here. Breek nuwe wêrelde oop
- Kerk is soos 'n gimnasium. Beplan vir werk
- Dryf aksies, gee energie, gewete van die gemeente
- Word gekenmerk aan durf en opoffering, gehoorsaamheid en ywer
- Gebed: Gerig op die wêreld, voorbidding is belangrik
- Lees die Bybel om die volgende vraag te beantwoord en sal dit waarskynlik ook in die prediking soek: Watter reaksie vra God van my?

**Gevaar:** Hulle ontwikkel maklik 'n moralistiese tonnelvisie. Hulle kan so besig raak dat dit gaan oor dinge van die Here in plaas van die Here van die dinge.

Met al bogenoemde in ag geneem, sowel as die momente wat na vore gekom het tydens my data insameling (soos bespreek in hoofstuk drie) en die insigte wat verkry is op grond hiervan (hoofstukke vier en vyf), sal daar nou bepaalde voorstelle gemaak word ten opsigte van die erediens.

## 6.3 LITURGIESE VOORSTEL

### 6.3.1 Aanvang van die erediens

Hierdie kan ook **Stilte** genoem word – wat 'n element van die erediens is soos in die *Handleiding vir die Erediens* (2010:22).

Almal is gejaagd. Johan van den Heever skryf op 20 Julie 2011 op sy Blog:

> "Dit het bykans 'n edel waarde geword om te kan verklaar dat jy besig is. Dit is deel van die sukses-kultuur van ons dag. Besige mense is suksesvolle mense, hoe meer jy het om te doen hoe meer kan jy doen! Daar is altyd nog iets wat gedoen moet word. Ons is besige mense. Is daar fout mee?
>
> Dokters wys daarop dat dit die oorsaak is van die siekte van ons tyd, spanning en stres met hoë bloeddruk en kolesterol as die simptome. Dit beroof ons om in die oomblik te kan leef, die vermoë om te kan stop, die koffie te kan ruik en dalk net die oomblik te kan geniet."

Mense jaag selfs Sondae oggende en dit is by baie gesinne 'n groot geskarrel om betyds by die kerk te wees. Ons kan mense aanmoedig om vroeër erediens toe te kom sodat hulle net eers 'n rukkie rustig kan sit en tot verhaal kom vóór die erediens begin. Nie almal gaan dit egter regkry nie en daarom sou mens die erediens kon begin met 'n rukkie van aktiewe stilte. Ons kan mense help om te fokus op rustige, diep asemhaling. Deur hulle te leer om rustig en diep asem te haal leer ons hulle om op 'n goeie, positiewe wyse die **dood te fnuik**. Diafragmatiese asemhaling is 'n rekonstruktiewe ervaring wat nuwe neurologiese roetes in die brein skep en ons help om vars interpretasies te kan maak. Dit help ons om anders te reageer op die druk van buite. Die kalmerende uitwerking wat goeie asemhaling op ons het help ons om te kan kies hoe ons wil reageer op ons omstandighede eerder as om net instinktiewe en onnadenkende reaksies toe te laat. Diafragmatiese asemhaling gaan nie ons omstandighede verander nie maar dit kan keer dat skadelike chemikalieë ons gesondheid skade aandoen terwyl ons moeilike omstandighede moet hanteer (Stockdale 2009:66-67).

Selfs al het ons geen moeilike omstandighede in ons lewe om te hanteer nie, kan hierdie paar minute op 'n Sondagoggend waar ons net rustig in die Here se teenwoordigheid sit, diep asemhaal en mediteer, bepalend wees vir die res van die erediens en die res van ons week. Nie almal sal gemaklik wees hiermee nie, veral nie die **kopspiritualiteit** nie. As mens egter die voordele vir hulle verduidelik en hulle aanmoedig om dit te probeer mag selfs hulle met tyd vind dat dit hulle help om

rustiger te wees. Hierdie begin van die erediens sal veral vir die **mistieke spiritualiteit** betekenisvol wees.

Strauss (2004) skryf 'n kort maar sinvolle artikel van drie bladsye oor *Stilte as liturgiese moment*. Hy maak verskeie voorstelle van waar in die erediens stilte orals met groot vrug gebruik kan word. Dit gaan nie maar net om stilte ter wille van stilte nie. Strauss (2004:1) sê dat stilte nie maar net 'n passiewe afwesigheid van klank is nie. Stilte het te doen met ontsagvervuldheid. Dit is soos om stil te word voor 'n verbysterend grootse natuurtoneel. Net soveel "meer nog, want in die erediens staan die mens voor God – die Skepper en Regter van alles in die hemel en op aarde" (Strauss 2004:1). Stilte is dus 'n moment gevul met aktiewe verkeer met God. Dit kan as liturgiese moment op enige plek in die erediens gebruik word (**ruimte van ontmoeting** en **Goddelike rol**).

### 6.3.2 Aanvangswoord / Votum

Hier is 'n goeie plek om van vaste **rituele en simbole** gebruik te maak. Deur dit "vas" te maak word die **kopspiritualiteit** geakkommodeer. Dit is nou nadat hulle oortuig is dat dit nie "Rooms" of anti-Gereformeerd is nie. Die **simboliek** sal vir die **mistieke spiritualiteit** van groot betekenis wees. 'n **Ritueel** het die voordeel dat dit die hele mens betrek en nie net die kognitiewe nie. Ek wil 'n baie mooi **ritueel** voorhou wat al vir baie jare by Andrew Murray gemeente in Pretoria ('n Engelse NG gemeente) gebruik word. Die hele "voorrede" is vas. Ek hou die hele voorrede voor omdat die woorde van die twee liedere wat gebruik word baie gepas is en dit ook uitwys hoe dit 'n goeie oorgang kan wees van die "stilte" moment na die res van die erediens.

**Preamble**

i. **Creator Spirit**

Creator Spirit, by whose aid the world's foundations first were laid.
Come visit every pious mind; come pour they joys on human kind. From sin and sorrow set us free and make thy temples worthy Thee.

ii. **Liturgy of lights**

iii. **Lord of Lords, King of Kings**

Lord of Lords, King of kings
Lord of lords, King of kings,
You alone are worthy;
All the earth and heaven sing
praises to your Name.
Praise the Father,
praise the Son,
praise the Spirit, everyone.
Praise the King of glory,
Praise Him for eternity!

Die **"Liturgy of lights"** behels die volgende:

Dit is 'n **simboliese** handeling wat deur die liturg uitgevoer word.
Die liturg staan agter die tafel waarop twee aangesteekte kers staan. Die liturg lig sy/haar een hand op en wys in die rigting van die eerste kers. Hy/sy sê dan die volgende woorde:

> Blessed art Thou Lord God, King of the Universe, who brings forth light out of darkness.

Die liturg gebruik dan die ander hand en wys na die tweede kers terwyl hy/sy die volgende woorde sê:

> This light represents redemption. The people who've sat in darkness have seen a great light.

Hierna wys hy/sy dan met beide hande na beide kerse en sê:

> As these lights give light to all those who dwell in God's house, so may God's Son, Jesus Christ illuminate us all with light and truth.
> And all God's people say:

(Die hele gemeente antwoord) AMEN.

'n Mens sou in plaas van **Creator Spirit** enige lied onder die rubriek "Toetrede en aanroeping" in die *Liedboek van die Kerk* kon gebruik. Lied 166 sou byvoorbeeld gepas kon wees:

i. **Kom, Heil'ge Gees**

Kom, Heil'ge Gees, wees U self teenwoordig hier by ons;
Ons is hier tesaam in Jesus Naam.
Kom! Kom van die Vader! Kom!

Kom, Heil'ge Gees, wees U self teenwoordig hier by ons;
Ons is hier tesaam in Jesus Naam.
Kom! Kom Gees van Christus! Kom!

Kom, Heil'ge Gees, wees U self teenwoordig hier by ons;
Ons is hier tesaam in Jesus Naam.
Kom! Kom in ons harte! Kom!

ii. **Liturgie van ligte/kerse**

Die liturgie van ligte/kerse is 'n baie mooi stukkie **simboliek** wat met groot vrug gebruik kan word. Die konneksie hiervan met die Skrif behoort dit, na verduideliking, vir die **kopspiritualiteit** aanvaarbaar te maak. 'n Mens sou dit maklik in Afrikaans kon vertaal en gebruik.

By die eerste kers sou daar gesê kon word:

> Hierdie kers verteenwoordig die Skepping. Geseënd is U o Heer, Koning van die heelal, U wat lig uit donkerte voortbring.

By die tweede kers:

Hierdie kers verteenwoordig Verlossing. Die volk wat in duisternis gesit het, het 'n groot lig gesien (Dit kom uit Jesaja 9:1 en Matteus 4:16)

Dan by beide kerse:

Soos hierdie kerse lig gee aan almal hier teenwoordig, mag God se seun Jesus Christus ons almal verlig met Lig en Waarheid.

En al God se mense sê: AMEN.

In plaas van **Lord of Lords, King of Kings**, sou Lied 450:1 gesing kon word:

iii. **Vader, Seun, Heil'ge Gees**

Vader, Seun, Heil'ge Gees, hoe sal ons u heerlikheid
kan verwoord, u lof besing met 'n aardse stem?
Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit, loof Hom tot in ewigheid.

### 6.3.3 Seëngroet

Hierdie is 'n geskikte plek om die gemeente te betrek deur 'n responsoriese seëngroet. Dit bied aan almal 'n geleentheid om deel te neem. Dit behoort veral vir die **handspiritualiteit** van waarde te wees. Dit mag selfs vir die **hartspiritualiteit** waardevol wees. 'n Mens kan met groot vrug Psalms en ook ander teksgedeeltes uit die Nuwe Testament hiervoor gebruik. Deur 'n aanduiding te gee van watter teksgedeelte gebruik word, behoort dit ook vir die **kopspiritualiteit** aanvaarbaar wees. Alternatiewelik kan die voorganger die seën uitspreek en die gemeente kan antwoord deur die sing van 'n gepaste lied. Daar is goeie voorbeelde hiervan in die *Handleiding vir die Erediens* (2010:16-18); in *Herontdek... nuut verwerk: 41 liturgieë* (Conradie 2002); en in *Soos 'n blom na die son draai* (Wepener 2011:42-44).

### 6.3.4 Lof en aanbidding

Long (2001:15-24) lewer ŉ waardevolle bydrae om ons te help om te verstaan waaroor dit werklik gaan in aanbidding. Hier is waar ons die maklikste in die slaggat kan trap om te probeer om lof en aanbidding "aantreklik" te maak vir die mense. Ons wil poog om te voldoen aan mense se behoeftes sonder om te verval in 'n verbruikersmentaliteit. Dit gaan nie hier maar net daaroor om te voldoen aan wat en hoe mense wil hê lof en aanbidding moet wees nie. Dan sal lof en aanbidding word soos die huidige modes wat ŉ weerspieëling is van die kultuur se huidige giere. Dit is dan voortdurend onderworpe aan verandering. Lof en aanbidding is soveel méér as dit. Dit gaan oor ŉ ontmoeting met die lewende God (**Goddelike rol**). Ware aanbidding gaan oor mense wat neerbuig in God se teenwoordigheid. Dit gaan oor ontsag en nie strategie nie. Ware aanbidding hoef dus nie gemeet te word aan hoe populêr, inspirerend, mooi, opvoedkundig, musikaal ryk, poëties of opwindend dit is nie. Die verrassende is egter dat outentieke lof en aanbidding dikwels juis al hierdie dinge bevat, sonder dat ons enigsins daarop hoef te fokus. Aanbidding gebeur wanneer mense bewus word daarvan dat hulle in die teenwoordigheid van die lewende God is. Annie Dillard (Wepener & Van der Merwe 2009:12-13) wys ook hierop as sy sê dat ons nie altyd die vaagste benul het van die krag waarmee ons te doen het in die erediens (**ruimte van ontmoeting**) nie. In die erediens werk God en ons moet ontsag hiervoor hê.

Wanneer ons bewus word van God wat reeds in die erediens aan die werk is, gee ons uitdrukking aan ons verwondering, ons vreugde, ons bewende belydenis, ons dankbaarheid (**Goddelike rol** en **ruimte van ontmoeting**). Dit is soos wanneer iemand verlief is. Bewondering (aanbidding) vloei outomaties van die verliefde na die persoon op wie hy/sy verlief is. Dit maak geen sin vir enige iemand buite hierdie verhouding nie. So kan lofprysing en aanbidding ook in die woorde van Marva Dawn (soos aangehaal deur Long 2001:18) beskryf word as ŉ "royal waste of time". Vir enige iemand buite hierdie verhouding sal dit geen sin maak nie.

Lof en aanbidding gaan dus primêr oor die teenwoordigheid van God en nié oor menslike behoefte nie. Tog het mense behoefte daaraan om te aanbid omdat mense ŉ behoefte het om in ŉ verhouding met God te wees (Long 2001:18). Augustinus (Augustine 2003:11) het gesê:

> Great is the Lord, and greatly to be praised; great is our Lord and mighty in power; His understanding is infinite. Man desires to praise You, for he is a part of Your creation. He carries his mortality with him and bears the evidence of his sin, the proof that You resist the proud. Still man desires to praise You, this man who is only a small part of Your creation. You have prompted him that he should delight to praise You, for You have made man for Yourself and restless is the human heart until it comes to rest in You.

Op ŉ wonderbaarlike wyse spreek outentieke lofprysing en aanbidding ons diepste menslike behoeftes aan. As mense het ons behoefte aan die mistieke, ons het God nodig. Ons wil in gemeenskap met God wees, ons wil aan God behoort, ons wil in ŉ korrekte en liefdevolle verhouding met God wees (Long 2001:19). Outentieke lofprysing en aanbidding help ons onrustige harte om rus te vind in Hom.

Iets wat voortvloei uit ons behoort aan God en ons in verhouding wees met Hom, is ŉ behoefte om onsself saam met andere weg te gee aan God. Ons het ŉ diepe behoefte om ons lewens te wy aan iets wat groter is as onsself, iets wat sin gee en wat ons help om te weet dat ons lewens betekenis het. Onderliggend aan al die selfliefde en selfsugtigheid van ons tyd is daar ŉ diep menslike honger om deel te wees van ŉ groter geheel, om saam met andere iets betekenisvol te doen (Long 2001:19). Ons het duidelike tekens hiervan gesien in die momente "**tribal and together**" en **ruimte van ontmoeting**.

Hierdie twee menslike behoeftes, naamlik behoefte aan verhouding met God en behoefte aan verhouding met ander mense, kan bevredig word tydens outentieke aanbidding en lofprysing. Wanneer dit dan ook wel gebeur trek dit mense soos ŉ verfrissende poel water (Long 2001:20).

Lofprysing en aanbidding gaan nie maar net om die sing van ŉ paar lof- en aanbiddingsliedere nie. Dit gaan oor ŉ gesindheid. ŉ Gesindheid van verwondering

en afwagting. Ons aanbid God omdat ons weet dat Hy reeds teenwoordig en aan die werk is. Ons aanbid God egter ook in 'n gesindheid wat liefde en warmte uitstraal na almal rondom ons, sodat hulle wat deel is van ons geloofsgemeenskap kan ervaar ons is almal hier saam met één doel en visie, om God saam te aanbid ("**tribal and together**"). Alhoewel ons één is in Hom, 'n verenigde front, straal ons nie uitsluiting uit nie. Ons liefde en warmte vir mekaar moet ook op so wyse voortgebring word dat vreemdelinge, besoekers kan voel hulle word omarm, ingetrek, deel van ons verwondering en afwagting. Hulle moet gemaklik en tuis kan inval en saam deel in ons lof en aanbidding van Hom wie ons almal se God is. Long (2001:39) sê dat mense om verskeie redes kerk toe kom maar die hoofrede is om hulself, saam met andere aan God te offer. Ons kan nie hierdie belangrike saak ignoreer nie. Die hele erediens behoort ingerig te word met hierdie belangrike feit deurentyd in gedagte.

#### 6.3.5 Die wet

Cilliers (2002:1-2) wys daarop dat mense sou verkies dat die *wet* nie deel vorm van die erediens nie. Dit is argaïes, dié Sinaïtiese wet, afkomstig uit 'n antieke tyd en kultuur, irrelevant vir 'n Christelike gemeente van die derde millennium. Mense verkies "vroliker" eredienste, eredienste wat energie genereer, eerder as eredienste wat morbied is, en wat jou telkens herinner aan jou tekortkominge (sonde), én van jou verwag om die onmoontlike te doen. Sieninge soos hierdie berus uiteraard op 'n wanbegrip van die wet. 'n Ander siening is dat ons vrygespreek is van die wet en daarom tog nie meer elke Sondag hoef te hoor van ons sonde, dit opnuut bely en vrygespreek te word daarvan nie. Dis tog iets wat Christus reeds vir ons gedoen het. God sien my slegs raak in Christus en daarom is ek rein. Verder is die gebruik van die tien gebooie in die erediens 'n unieke Calvinistiese gebruik. Die tien gebooie was nie 'n vaste element in die erediens van die vroeë Christelike kerk nie (Cilliers 2002:3).

Ons verstaan dikwels die *wet* en die *tien gebooie* (die *dekaloog*) as uitruilbare, sinonieme terme. Die *wet* (die Tora) is egter 'n breër begrip as die *tien gebooie*. Dit dui op die eerste vyf boeke van die Ou Testament. Die *tien gebooie* is 'n onderdeel hiervan en sou beskou kon word as 'n samevatting van die *wet* (die Tora). Die *wet*

sou beskryf kon word as die uitdrukking van God se genade (reëls) vir sy verbondsvolk. Dit het aan hulle uitgespel hoe Hy wou hê dat hulle moes leef. “In die Nuwe Testament word die Tora deur die bril van die Christusgebeure geïnterpreteer” (Cilliers 2002:5). In die lig van die Nuwe Verbond in Christus (die *evangelie*), verkry die *wet* ’n nuwe, verdiepte rol en funksie. Dit is belangrik dat ons in ons gebruik daarvan in die erediens vra na die verhouding tussen die *wet* en *evangelie*. Die een kan nooit los van die ander voorgehou word nie want dan verval ons in mistastings. Die twee móét in ons teologie geïntegreer word (Cilliers 2002:5-7).

Die evangelie kán en mág nooit goedkoop gemaak word nie. “God behou die inisiatief in ál sy handelinge met ons – en Hy skenk ook aan ons die genade om gehoorsaam te kan wees. Slegs wie gehoorsaam, glo waarlik; en slegs wie glo, is gehoorsaam”... Dit is dieselfde handelende God wat in sy genade na ons toe kom in evangelie én wet” (Cilliers 2002:8).

“Liturgie is altyd die viering van verlossing uit sonde tot dankbaarheid” (Cilliers 2002:10). Selfs wanneer ons dan op ons sonde gewys word of wanneer ons opgeroep word tot gehoorsaamheid, is dit niks anders as ’n viering van verlossing nie, ’n viering van Christus. Die erediens kan dus nooit sónder die wet wees nie. Alhoewel dit nie beteken dat die *tien gebooie* elke Sondag gelees moet word nie. Die *wet* is ’n integrale deel van die *evangelie* self en funksioneer binne die erediens op ’n eksplisiete of implisiete wyse. “In elke erediens is die dinamika van die wisselwerking tussen sonde, verlossing en dankbaarheid op die spel” (Cilliers 2002:11). Die *wet* mag egter nooit op ’n vaste punt in die liturgiese orde vasgepen te word nie. Dit sal die rykdom van God se *wet* verskraal. Dit mag nooit nét gebruik word om op ’n moralistiese wyse skuldgevoelens op te roep nie. Daar is nié ’n temporele orde tussen *wet* en *evangelie* nie. Daar mag egter ook nie in ’n poging om te reageer teen moralistiese misbruik van die *wet* beweeg word na die ander kant toe nie. ’n Goedkoopmaking van genade en ’n kwynende sondebesef is aan die orde van die dag. Daar moet ook hierteen gewaak word. Anders word eredienste oppervlakkig. Die *wet* moet ons gewete aanspreek anders verstaan ons nie die evangelie nie (Cilliers 2002:12). Hiervoor hoef ons egter nie nét die dekaloog te gebruik nie. Ander uitsprake van die Skrif kan ook gebruik word, byvoorbeeld die *samevatting van die*

*wet* soos in Matteus 22:37-40 of Markus 12:29-31 of ander Skrifgedeeltes soos Miga 6:6-9a; Romeine 12:9-21; Romeine 13:8-19; Efesiërs 2:1-10; Kolossense 3:1-17 of Johannes 4:7-12, 18-21 (Cilliers 2002:13; *Handleiding* 2010:23).

Lidmate wat deur jarelange liturgiese stereotipering negatief gekondisioneer is moet geleer word om 'n nuwe waardering vir die wonder en gawe van die *wet* te ontwikkel. Die *wet* dien as raad en leiding op ons weg deur die woestyn.

> Die *wet* spel die kontoere van 'n nuwe wêreld uit, hou God se alternatief voor... Die *wet* spel telkens die oorgang uit die oue na die nuwe uit, neem ons oor die breuklyn tussen gister en môre, gee ons 'n glimps van 'n wêreld waarin alles anders sal wees en kan wees, nooi ons op grond van die verlossing in Christus uit om hierdie nuwe wêreld in die midde van, en teenoor die ou wêreld te lééf... Die *wet* het met vryheid te make! Die *evangelie* spreek ons vry om die *wet* na te kom, vry vir God en ons naaste, vry vir diens. Ja, om God te dien is die hoogste vryheid!
>
> (Cilliers 2002:14)

In die prediking en die liturgie moet die paradoks voortdurend uitdrukking vind. Ons kan nie. God doen dit. Omdat God dit doen, mag, sal, moet ons dit doen. Ons word opgeroep tot die heiliging van ons totale lewe (**Goddelike rol**). "Die tyd waarin ons leef roep inderdaad om 'n gesonde etiek, en 'n erediens waarin die alternatiewe wêreld van God juis binne die kontoere van die wet uitgespel word" (Cilliers 2002:15).

Cilliers (2002:15) wys op die belangrikheid van liturgiese variasie. Hy maak dan kreatiewe voorstelle in verband met die wyse waarop die *wet* in die erediens gebruik kan word. Die wet hoef nie in 'n liturgiese hoekie vasgeverf te word nie. Dit kan op 'n verskeidenheid van maniere dwarsdeur die liturgie na vore kom. 'n Bepaalde Skrifgedeelte, soos byvoorbeeld die Saligsprekinge kan voorgelees word. In teenstelling hiermee kan daarop gewys word dat alles behalwe *dít* in die wêreld aan die gang is. Hierdie kontrasterende toneel kan op die skerm gewerp word of 'n gedeelte kan uit 'n koerant voorgelees word. Dit sou kon lei tot 'n effektiewe, aktuele oproep tot skuldbelydenis. 'n Ander moontlikheid sou wees om 'n toneel van armoede te koppel met die Onse Vader gebed om ons daaglikse brood. Persoonlike en sosiale sondes kan skerper in die lig gebring word deur byvoorbeeld die gemeente hardop en gesamentlik die woorde van 'n toepaslike Psalm te laat lees.

Die dekaloog kan wel ook gebruik word. Dit kan net byvoorbeeld verpersoonlik word deur die gemeente hierby te betrek. Elke gebod kan in die eerste persoon herskryf word sodat dit 'n persoonlike belydenis word daarvan dat ons lewens en ons wêrelde nié lyk soos wat God dit in sy gebod wil nie (Cilliers 2002:16). So 'n gebruik van die wet sou die **hartspiritualiteit** en die **handspiritualiteit** aanspreek.

Hoe die *wet* ookal gebruik word binne die erediens, dit móét liturgies en teologies gekoppel word en bly aan die boodskap van verlossing (Cilliers 2002:16).

### 6.3.6 Skuldbelydenis en genadeverkondiging

Skuldbelydenis sluit baie nou aan by die *wet* aangesien dit natuurlik voortvloei uit ons bewuswording van ons sonde. Baie van wat gesê is onder punt 6.3.5 rondom die *wet* is ook hier relevant. Skuldbelydenis en skuldvergewing (genadeverkondiging) is aan mekaar verwant. Dit beteken egter nié dat skuldbelydenis 'n voorwaarde vir skuldvergewing is nie. Vos (2004:643) herinner ons daaraan dat die enigste teologiese grond vir die vergewing van sondes die soenverdienste van Jesus Christus is.

> Op grond van sy soenverdienste oorreed die Heilige Gees mense tot skuldbelydenis en ontvang hulle uit genade alleen skuldvergifnis. Skuldbelydenis is nie 'n manier om God te oorreed tot vergifnis nie. Dit is die besef van die werklikheid van ons skuld en die grootheid van God se genade (Psalm 103; 1 Johannes 1). Agter die belydenis staan die werk van die Heilige Gees. Hy wek en oorreed mense tot berou.
>
> (Vos 2004:643)

Hierdie kan 'n saambindende moment binne die geloofsgemeenskap wees ("**tribal and together**") en die waarde hiervan moet nie misgekyk word nie. Tydens die hantering van die *wet* op welke wyse ook al het die Skrif die gemeente se aandag daarop gevestig dat daar etiese norme is "wat bepalend is vir die basiese verhoudinge waarin die gemeente van God geroep is om te leef, en wat soos suurdeeg die eredienslewe moet deursuur: die verhouding tot God, tussen gelowiges onderling, tussen kerk en wêreld, en tussen gelowiges onderling, tussen kerk en

wêreld, en tussen die kerk en die skepping, gemeenskap en kultuur" (Strydom 1994:159). Saam besef die gemeente dat ons ver tekort skiet. Ons is *simul iustus et peccator*, tegelykertyd geregverdiges én sondaars. Daar is 'n spanning tussen die gebrokenheid en die volmaaktheid (Strydom 1994:172). Dit gaan hier primêr oor 'n openbare skuldbelydenis, sonder om individuele skuldbelydenis uit te sluit en daarom is deelname deur die hele gemeente belangrik (*Handleiding* 2010:26). Ek staan nie alleen met my skuld en sonde voor God nie, ek kan dit saam met andere bely ("**tribal and together**"). Dit verbind ons op 'n spesiale wyse aanmekaar.

Na die *skuldbelydenis* behoort daar gefokus te word op die geheimenis van versoening, die *genadeverkondiging*. Wanneer ons hierdie geheimenis begryp, gee dit aan ons die vrymoedigheid om God te aanbid (Strydom 1994:158).

Beide die *skuldbelydenis* en die *genadeverkondiging* kan responsories gedoen word, waar die voorganger of liturg gedeeltes uit tekste voorlees en die gemeente responsories deelneem. Verskeie Psalms kan met groot vrug gebruik word en dan is daar ook ander Skrifgedeeltes byvoorbeeld Romeine 8; 1 Johannes 1; 1 Johannes 2:15-17; Esra 9:5-10; 2 Samuel 24:10; Jesaja 1:18; Esegiël 36:26-27; Miga 7:18-19; Romeine 5:1; Romeine 8:1-2; Efesiërs 2:8-9. Liedere vanuit die rubriek "Skuldbelydenis en genade" in die *Liedboek van die Kerk* kan ook afwisselend gebruik word.

**Simboliese** handelinge soos voorgestel in die *Handleiding vir die Erediens* (2010:29) kan gebruik word. "Lidmate kan byvoorbeeld hulle hande in water afspoel (as simbool van afwassing van sonde) of in sout vryf (as simbool van reiniging, genesing en heiliging)" (*Handleiding* 2010:29)[31]. 'n Ander treffende **simbool** wat ek al veral op kampe gebruik het maar tog ook in die erediens is die volgende: 'n mens neem 'n glas met water en gooi 'n druppel of twee rooi koek kleursel daarin – enige ander donker kleur kan ook gebruik word. Hier word egter gedink aan Jesaja 1:18 wat sê dat ons sondes skarlakenrooi is. Hierdie rooi gekleurde water word dan voorgehou as 'n voorstelling van ons sonde. Nadat almal dit gesien het gooi mens 'n bleikmiddel daarin en sê dat dit 'n simboliese voorstelling is van die bloed van Jesus Christus tot

[31] Daar is twee volledige versoeningsdienste in die 2010 *Handleiding vir die Erediens* opgeneem.

afwassing van ons sondes. Die glas word dan so geplaas dat almal dit kan sien terwyl daar voortgegaan word met die erediens of dan die lesing (as dit op 'n kamp sou wees). Teen die einde van die erediens (of dan die lesing) is die water in die glas weer silwerskoon en deurskynend. **Simbolies** gee dit uitdrukking aan God se genade en vergifnis, hier dan veral na aanleiding van Jesaja 1:18 waar die Here sê: "Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."[32]

Hierdie hele *skuldbelydenis en genadeverkondiging* moment kan as dit goed beplan word al vier die spiritualiteitstipes betrek. As dit responsories is sal die **handspiritualiteit** voel hulle neem deel, hulle doen iets. Die **hartspiritualiteit** sal die warmte en betekenis ervaar van om saam met medegelowiges belydenis te doen. As Skrifgedeeltes of Liedboek liedere gebruik word sal die **kopspiritualiteit** daarby aanklank vind. As een of ander sinvolle **simboliese** handeling uitgevoer word sal die **mistieke spiritualiteit** voel hulle kan hul ook vereenselwig met wat hier gebeur.

### 6.3.7 Geloofsbelydenis

Willem Botha (datum onbekend) van Radio Rippel skryf 'n stuk oor *Geloofsbelydenis*[33] waarin hy die volgende sê:

> Ons praat so baie van geloof, geloof in God, in Jesus Christus, opstanding, hemelvaart, ens. Toe ons klein was het ons gereeld in die kerk die geloofsbelydenis opgesê in die erediens. Vir my as kind was dit 'n gewoonte, ek het nooit gedink aan dit wat ek opgesê het nie, en dit het vir my nooit baie sin gemaak nie. Bloot 'n gewoonte, maar jitte, wat 'n goeie gewoonte!!
>
> Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde, en in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun, ons Here …… ens. Hoekom ons geloof bely? Sodat dit wat jy glo, in jou hart vasgemaak kan word.

Dit mag moontlik 'n uitdrukking wees van hoe baie gemeentelede voel oor die belydenis van ons geloof. Die *geloofsbelydenis* gaan nie maar net oor my as individu

---

[32] *Die Bybel Ou Vertaling*. 1996, c1954 (Jesaja 1:18). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

[33] Verkrygbaar by: http://www.heuning.co.za/rippel%20geloofsbelydenis.htm Besoek Julie 2011

se belydenis van my geloof nie (**prestasie**). Dit is ’n koinoniale korporatiewe handeling. Dit is ’n openbare belydenis wat uitgespreek word voor God, saam met mekaar en teenoor die hele wêreld. Dit het ook ekumeniese waarde omdat dit ’n belydenis oor God en ’n getuienis van God is, saam met die wêreldwye kerk van Jesus Christus (*Handleiding* 2010:33-34). Ons kan deur die *geloofsbelydenis* deel voel van ons geloofsgemeenskap, waar ons almal gelyk en één is maar ons kan ook weet dat ons deel is van die wêreldwye kerk van Jesus Christus. Sáám as geloofsgemeenskap maar ook sáám met die wêreldwye kerk, deel ons sekere doelwitte, waardes en oortuigings. Ons behoort aan, ons is deel van iets wat veel groter is as net ons eie ou wêreldjie (“**tribal and together**”). As ons dit genoegsaam verduidelik en weer die nodige klem hierop plaas kan dit mense help met die vorming van ’n sosiale identiteit. ’n Gemeenskaplike identiteit met al die voordele daaraan verbonde kan hieruit ontwikkel. ’n Moontlike kuur vir ons individualistiese samelewing...

*Geloofsbelydenisse* kan saam gesê of gesing word. Verwerkings van Skrifgedeeltes kan egter ook gebruik word om kreatief uitdrukking aan ons gemeenskaplike geloof te gee. Daar is talle voorbeelde in die *Handleiding vir die erediens* (2010:34-39).

### 6.3.8 Skriflesing en prediking

Prediking handel oor die heilsdade van God soos wat dit opgeteken is in die Ou en die Nuwe Testament. Dit moet sinvol geskied op ’n wyse wat gepas is binne elke tyd en konteks (Pieterse 2001:18). Dit het ten doel om die gemeente op te bou in hulle geloof, te vermaan, vertroos, bemoedig en te onderrig. Dit is nie ’n gebeurtenis wat in isolasie plaasvind nie. Daarom moet dit tematies en inhoudelik ’n eenheid te vorm met die res van die liturgie. Dit moet ook poog om rekening te hou met die verskeidenheid van hoorders, byvoorbeeld verskillende generasies en spiritualiteite (*Handleiding* 2010:41).

Die boodskap moet lewend, aktueel en tot die omstandighede van die hoorders gerig te wees. Hulle moet hulself, hul situasie, hulle worstelinge, hulle vrae, hulle behoeftes, hulle probleme in die boodskap van die preek herken. Soos nodig behoort die prediking ook vir hulle ’n pad uit hulle situasie te wys. Juis om deurdrenk te wees

met die konteks van jou mense stel Pieterse (2001:19) voor dat predikers koerante moet lees, radio moet luister sowel as teologiese artikels en boeke moet lees. Persoonlike verhoudinge met gemeentelede is ook baie belangrike ten einde te weet wat in hulle lewens aangaan en in hulle gemoedere leef. Die prediker behoort in mense se huise te kom! (Pieterse 2001:19-20).

Die keuse van 'n teks kan gedoen word aan die hand van 'n leesrooster, aan die hand van *lectio continua* of dit kan 'n vrye keuse wees (Pieterse 2001:20; Wepener 2011:70). Om 'n preek te maak is 'n kuns wat geoefen moet word. Vos, Hogan & Cilliers (2007:24) beskryf dit as 'n "open work of art" met ruimte vir kreatiwiteit. Kreatiwiteit is 'n homiletiese noodsaaklikheid.

Soos almal nie op dieselfde manier sal skilder nie, net so sal almal nie op dieselfde manier preek maak nie. Sommige van ons is meer kreatief as andere maar dit behoort nie 'n verskoning te wees om nie te probeer nie. God het elkeen van ons geskape met een of ander vorm van kreatiwiteit. Omdat kreatiwiteit iets is wat ons van God ontvang het, is dit iets wat ons met die hulp van die Heilige Gees deur gereelde oefening kan ontwikkel.

Ons is ook nie almal dieselfde nie. Sommiges kan toor met welklankende woorde, ander kan prente en beelde skilder met woorde, ander kan Skrifgedeeltes ophelder deur dit te verduidelik op kreatiewe maniere waaraan iemand anders nie eers sou kon dink nie. Ander kan praktiese, sigbare voorbeelde gebruik om nuwe lewe te gee aan bepaalde Skrifgedeeltes. Maar elkeen van ons kán, met die hulp van die Heilige Gees, op 'n ander manier kreatief wees en soos paslik binne ons spesifieke konteks. Ons kan leer uit Jesus se voorbeeld (**Rolmodel**). Hy het feitlik altyd teologiese konsepte verduidelik aan die hand van gelykenisse óf soos die Nuwe Lewende Vertaling dit vertaal, aan die hand van *voorbeelde*. In ons voorbeelde kan ons gebruik maak van "visuele en ander hulpmiddels, simboliek, illustrasies, getuienisse, videogrepe, kuns, drama en nog meer" (*Handleiding* 2010:42).

Ons almal kan onsself maklik verloor in 'n goeie storie. Hier het ons te make met God se storie. Wat 'n geleentheid om te kan omgaan met 'n Storie van Hoop. Dit het deur

eeue heen vir mense hoop gebring, dit bring vandag vir mense hoop en dit het die potensiaal om nog vir baie eeue vir mense hoop te bring. Hóé ons met hierdie storie omgaan beïnvloed mense se lewens en daarom is dit ook 'n groot verantwoordelikheid. Ons behoort deur ons prediking erns te maak met mense se vrae en worstelinge en soos reeds gesê is, hulle help om ’n pad uit te vind, nuwe hoop.

Ons het byvoorbeeld in hoofstuk drie gesien dat mense tydens die sokker wêreldbeker aanvanklik antwoorde oor wie gaan wen by Paul die seekat gaan soek het. Later wou hulle hom gebruik om vir hulle antwoorde te gee op ander vrae in hul lewens. Dit het ons by die moment uitgebring van **mense se behoefte om vooruit te weet wat gaan gebeur**. Dit is verder bespreek in hoofstukke vier en vyf. Wanneer so ’n tendens in die samelewing opgetel word sou dit gepas wees om dit nie maar net te ignoreer nie maar om dit tydens die prediking aan te spreek. Ons het tog ’n boodskap van hoop. Ons glo  dat ons lewens en tye in God se hande is. Ons weet wat die finale uitkoms van ons lewens gaan wees. Mense behoort voordurend daaraan herinner te word. Dit behoort te voorkom dat hulle ‘n behoefte daaraan sal hê om na ’n seekat te gaan vir antwoorde.

’n Ander voorbeeld in ons onlangse geskiedenis was die voorspelling dat die wêreld op 21 Mei 2011 sou eindig. Net voor dit was daar die geweldige aardbewings en ‘n tsunami in Japan. Mense hoor hierdie dinge, dink dan dadelik aan die Bybel wat sê dat daar in die laaste dae swaar tye, oorloë, hongersnode en aardbewings sal wees. Dit bring vrae en vertwyfelings wat ’n mens raaksien as jy koerante lees, sosiale netwerke dophou en sien watter tipes e-posse aangestuur word. Om dit net te ignoreer en dit nie aan te spreek binne die prediking nie sou na my mening wees om die konteks waarbinne ons leef te ignoreer.

Daar kan veel meer voorbeelde genoem word en baie meer kan oor konteks relevante prediking gesê word. Die omvang van hierdie studie laat dit egter ongelukkig nie toe nie. Ek wil hierdie gedeelte afsluit met woorde van Vos (Vos, Hogan & Cilliers 2007:25, 44) oor prediking van hoop:

> The liturgy is the space where hope can be experienced and celebrated. God takes us into the future with his Words, the future for which he, himself, stands. Through the hope, which is granted in the sermon, we learn that the future has already started.
> The world is the space where life can be achieved from hope. It is the place where the promises of the sermon are lived through and experienced. Hope carries people during their journey.
> Preaching hope means to empower the audience to be nothing less than preachers of hope themselves.

### 6.3.9 Gebede

Soos ons gesien het in punt 6.1 oor die geskiedenis van die erediens, het gebede in die vroeë geskiedenis van die erediens 'n belangrike rol gespeel. Gebede kan op verskeie wyses binne die erediens gebruik word om die hele gemeente te betrek. Geleentheid kan binne die erediens geskep word om vir mekaar te bid. Dit kan gedoen word deur die persoon vir wie daar gebid word se hand vas te hou, of 'n hand kan op die persoon vir wie gebid word se skouer geplaas word. So kan **fisiese kontak** bewerkstelling word. Deur vir mekaar te bid word die moment van "**tribal and together**" ook aangespreek. 'n Gevoel van omgee en nouer verbintenis kan hierdeur tot stand kom.

'n Gebedstasie (met die nodige gebruikmaking van **simboliek**) sou ook in die kerk geskep kon word waar mense hul name en gebedsversoeke kan gaan neersit. Daar kan dan versoek word dat gemeentelede wat bereid is om hulself te verbind tot gebed, 'n gebedsversoek sal neem, tuis daarvoor gaan bid, en selfs die persoon vir wie hulle bid kontak as hulle so sou voel. Terugvoer hieroor kan van tyd tot tyd gegee word.

"Uit die Skrif en die tradisie kan ses duidelike fasette van erediensgebede onderskei word: verootmoediging en skuldbelydenis; aanroeping en lofprysing; epiklese (gebed by die opening en lees van die Woord); danksegging; aanbidding en voorbidding" (*Handleiding* 2010:42). Dit kan op verskillende wyses binne die erediens geïnkorporeer word. Sover moontlik kan gepoog word om alle spiritualiteitstipes in ag te neem in die wyse waarop gebed binne die erediens gebruik word.

### 6.3.10 Vredesgroet

In die *Handleiding vir die Erediens* (2010:44-45) kry ons die *vredesgroet* wat met groot vrug gebruik kan word om **aanraking** binne die erediens te bewerkstellig. Die bedoeling van die vredesgroet is dat lidmate die liefde en vrede van Jesus Christus onderling met mekaar sal deel. Hulle gee hierdeur sigbare gestalte aan die unieke roeping en verhouding wat hulle saambind, saambring en saam uitstuur. Dit was moontlik oorspronklik ŉ handeling gewees om uitdrukking te gee aan 'n gesindheid van onderlinge versoening. Omdat gelowiges met God in ŉ herstelde verhouding gestaan het moes hulle ook in die regte verhouding teenoor mekaar staan.

Die riglyne in die *Handleiding vir die Erediens* (2010:45) sê dat die mees geskikte plek vir die hantering van die vredesgroet, by die nagmaalbediening is. Ongelukkig bedien die meeste gemeentes nog nie weekliks die nagmaal nie. Wanneer die nagmaal nie bedien word nie sou die mees geskikte plek dan aan die begin of aan die einde van die erediens wees. In die Nuwe Testament het lede van die liggaam van Christus mekaar met ŉ heilige kus gegroet (Romeine 16:16; 1 Korintiërs 16:20; 2 Korintiërs 13:12; 1 Tessalonisense 5:26; 1 Petrus 5:14). Die *heilige kus* kan nie teruggevoer word na ’n liturgiese element in die Joods-sinagogale of die vroeg-Christelike erediens nie. In die omgewing van die Midde-Ooste is dit vandag, soos in die Bybelse tyd, ’n algemene, spontane gebruik om mekaar met ’n soen te groet. Paulus het heel waarskynlik hierdie spontane groet tussen vriende in gedagte gehad. In die Ou Testament dui die soen op ’n familie verbintenis (vgl. by Genesis 29:11–12; 45:15).[34]

Hierdie groet met ŉ kus kry ons ook in die interaktiewe liturgieë van die vroeë Kerkvaders. Een van die voorstelle binne die *Handleiding vir die Erediens* (2010:45) van hoe ons dit vandag kan doen, is om mekaar die hand te gee of om mekaar te omhels en te sê: “Mag die vrede van Christus met jou wees.” Dit is ŉ seënwens/seëngroet wat ons teenoor mekaar uitspreek terwyl ons aan mekaar raak.

---

[34]Van Zyl, A. 1997, c1993. *Die Bybel verklaar : 1983-vertaling*. Kaapstad: Lux Verbi.

Dit kan responsories geskied of demonstratief waar die gemeente gepaste liedere sing terwyl hulle rondbeweeg en mekaar al singende groet (*Handleiding* 2010:45). Liturgiese kommunikasie behoort die hele mens te betrek en aan te spreek: emosioneel, verstandelik, geestelik en fisies. Dit moet verbaal en nie-verbaal geskied. Kinetiese kommunikasie, wat nie dikwels binne die erediens aangespreek word nie kan hier ondervang word as die gemeente rondbeweeg en fisiese handelinge (**aanraking**) uitvoer (Strydom 1994:207-208).

### 6.3.11 Sakramente

In die Protestantse tradisie beskou ons slegs die doop en nagmaal as sakramente. Die doop vind nie weekliks in die erediens plaas nie en daarom gaan dit nie hier bespreek word nie. Die nagmaal (tafeldiens) hoort egter in die weeklikse erediens tuis en daarom sal dit hier aandag geniet. Van die vroegste tye af was die tafeldiens deel van die weeklikse erediens. Skrif en tafel gaan saam en 'n erediens behoort beide in te sluit (Wepener 2011:24-25). "Die wyse waarop gelowiges saam is, het implikasies vir die verkondiging van die evangelie. Dit was immers toe daardie eerste gemeente in Jerusalem die gemeenskaplike maaltyd met blydskap, in eenvoud en terwyl hulle God prys, geniet het dat die Here elke dag mense wat gered is, by die gemeente gevoeg het" (Wepener 2010:104-105).

Die nagmaal is 'n voorskou van die toekoms. Dit verkondig die dood van die Here totdat Hy kom en daarom is dit ook 'n verkondiging van ons toekomsverwagting. Deur die brood en wyn word ons herinner aan God se dade in Christus in die verlede maar dit laat ons ook kyk na die wederkoms van die Here, die toekomsweg wat Hy vir ons geopen het. Dit herinner ons daaraan dat Hy uiteindelik alles weer heel sal maak. In die erediens kry die hede dus telkens nuwe betekenis in die lig van God se verlede én sy toekoms vir sy volk. Die Christusgebeure van dáár en toé word God se heilsdade hiér en nóú (Wepener 2010:106; Strydom 1994:170). As gemeentelede weekliks hierdie heilshandelinge van God in Christus beleef vind daar geloofsvernuwing en versterking plaas. Dit behoort gemeentelede se **behoefte om vooruit te weet wat gaan gebeur**, te stil.

Tydens die nagmaal vind die volgende vier handelinge plaas: neem, seën, breek en deel. Deur hierdie vier handelinge aktief in die nagmaal viering in te bou kan die nagmaal 'n moment in die erediens word waarna almal met verwagting uitsien. Van der Merwe (2009:176) noem 'n paar moontlikhede om hierdie vier handelinge by die nagmaal te inkorporeer. Verdere idees word hierby bygevoeg:

- *Neem*: 'n Prosessie van gemeentelede kan die tekens indra en op die tafel plaas; of 'n vars gebakte brood en 'n goeie wyn waarvan die aroma geruik kan word, kan deur lidmate ingebring word en op die tafel geplaas word. Laasgenoemde kan die reuksintuig aanspreek. Dit waarin die brood geplaas word (byvoorbeeld 'n mandjie) en die houer waarin die wyn gedra word (byvoorbeeld 'n pragtige kristal kraffie) kan so gebruik word dat dit die visuele sintuie aanspreek.

- *Seën*: Die nagmaalsformulier, dele uit die nagmaalsformulier of die klassieke eucharistiegebed kan gebruik word. In die eucharistiegebed word God wat ons uit Egipte na die beloofde land gebring het, geloof. Jesus word gedank vir sy verlossingswerk, en die Gees wat nuwe lewe bring en ons heilig maak, se werk word erken.

- *Breek*: Lopende nagmaal kan bedien word waar die gemeente in 'n ry na die tafel beweeg om die tekens persoonlik te ontvang. Langer broodjies kan ook uitgedeel word en gesinne kan aangemoedig word om die brood vir mekaar te breek en te deel. Alternatiewelik kan mense wat langs mekaar staan die brood vir mekaar breek en met mekaar deel. Die behoefte van mense om saam iets betekenisvol te beleef ("**tribal and together**") kan hierdeur aangespreek word.

- *Deel*: Taizé-liedere kan hier gesing word omdat dit gemeenskap-stigtend is. Hier gaan dit egter ook oor die besef dat ons **simbolies** uitgedeel word aan die wêreld sodat hulle kan glo. Omdat ons hier aan die tafel deel gehad het sou ons van hier af kon uitgaan en 'n maaltyd of 'n bord kos – wat ons gevries saamgebring het na die erediens –

gaan weggee ( as **simboliese handeling**) aan iemand wat nie het nie. Ons deel fisiese kos maar **simbolies** gaan deel ons sy Liggaam, die Brood wat Lewe gee, waaraan ons in die erediens kon deel hê.

Deur die nagmaal op so 'n wyse te vier behoort ons al die spiritualiteitstipes, behalwe moontlik die **kopspiritualiteit** aan te spreek. Ons mag nooit vergeet dat die nagmaal die "sigbare Woord" van God is nie. Dit is "die nie-verbale verkondiging, waarby die oog-, reuk- en smaaksintuig die verkondigingsvoertuie is" (Strydom 1994:187).

### 6.3.12 Getuienisse

Getuienisse is nie iets waarvoor daar dikwels ruimte geskep word tydens die erediens (in denominasies soos die NG Kerk) nie. Ons het egter gesien dat mense 'n intense behoefte het om te getuig van hulle geloof in Jesus Christus. Omdat daar nie in die kerk ruimte geskep word hiervoor nie verstaan mense nie altyd waar en hoe hulle dit behoort te doen nie. Dan dink 'n jong man soos Jaco van der Westhuizen dat die gepaste plek om te getuig is om op 'n rugbypaal te klim en sy Jesus hempie te wys. Ander sportmense dink dat hulle elke keer wanneer daar 'n onderhoud met hulle gevoer word móét erkenning gee daaraan dat hulle hul talente van God ontvang het. Mense wil hulle stories vertel, ook hulle geloofstories. Die weeklikse erediens is dalk nie altyd die mees geskikte plek om dit te doen nie. Spesiale geleenthede of eredienste kan hiervoor geskep word. Dit kan 'n besondere geleentheid binne die gemeente word en opbouend en verrykend vir almal wees. Daar kan selfs gemeenskaplike maaltye gereël word waartydens mense die geleentheid gegun word om hul getuienisse te deel. Mense kan ervaar dat daar vir hulle geleentheid en ruimte geskep word om hulle geloofstories te vertel. **Hart- en handspiritualiteite** mag hierdie geleenthede as uiters waardevol ervaar.

### 6.3.13 Offergawes

Die erediens is in wese 'n offerhandeling. Die gemeente kom nie maar na die erediens om selfgesentreerd "geestelike voedsel" te kom haal nie, maar om hul offers te bring. Ons word in Romeine 12:1 opgeroep om onsself aan God oor te gee as

"lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is." Dit gaan hier oor hoe ons ons godsdiens moet beoefen, beide in ons "daaglikse" erediens sowel as in die "Sondagse" eredienste. Die offerhandelinge van die gemeente is offergawes, gebede, danksegginge en lofprysings. Hierdie ware offer van die self veroorsaak dat ons die samekoms van die gelowiges ryker verlaat as wat ons daar ingegaan het (Strydom 1994:174-175).

Wat ons eintlik wil doen en behoort te doen is om onsself in die offergawe mandjies te plaas. **Simbolies** doen ons dit dan deur die gee van ons offergawes. Tog moet ons besef dat wat ons behoort te gee is soveel meer as maar net van ons inkomste. In die erediens van die lewe moet ons daagliks onsself as lewende en heilige offers gee, daagliks ons hele lewens gee – ons tyd, onsself – vir diegene met wie ons elke dag in aanraking kom. Wat ons sou kon doen om mense iets hiervan te laat ervaar en om hulle te help om na te dink hieroor, is om hulle te vra om nie maar net elke Sondag hul offergawes in die offermandjies te gooi nie. Ons kan hulle vra om regtig deur die week te dink wat anders hulle ook aan die Here sou wou offer, byvoorbeeld tyd aan 'n gemeenskapsprojek, tyd om iemand te besoek wat siek is, tyd om iemand iets te leer, ensovoorts. Hulle sou dit dan op een of ander **simboliese** wyse kon saambring en in die offergawemandjie plaas as verbintenis daartoe. So kan ons onsself te midde van andere ("**tribal and together**") verbind tot 'n saak groter as net ons alledaagse, op myself gekonsentreerde, bestaan.

### 6.3.14 Aankondigings en lief en leed

*Aankondigings* kan op verskeie wyses en op verskillende plekke tydens die erediens gedoen word. Dit kan kreatief gebeur en allerhande hulpmiddels kan hiervoor ingespan word. Goeie kommunikasie in die gemeente kan hierdeur bevorder word. Gemeentelede kan hiervoor gebruik word en hulle kan dit op 'n rotasie basis doen. Verskillende selgroepe kan selfs geleentheid kry om verantwoordelikheid te neem vir 'n maand se afkondigings. Hulle kan aangemoedig word om dit op die mees kreatief moontlike manier aan te bied. Dit kan selfs deur "opvoerings" of 'n poppespel uitgebeeld word. Dit kan gemeentelike meelewing bevorder ("**tribal and together**")

"Die aankondigings vervul 'n skarnier- of brugfunksie tussen die wêreld, geloof en die erediens en tussen die gemeente-aktiwiteite van die week en die erediens" (*Handleiding* 2010:57).

*Lief en leed* het 'n belangrike plek in die erediens omdat dit 'n sigbare bewys is dat ons onderling vir mekaar sorg en vir mekaar omgee. Dit kan op verskillende plekke binne die erediens inpas en kan ook afgewissel word. Lidmate kan hierby betrek word en sorg en omgee vir mekaar kan **simbolies** tydens die erediens uitgedruk word. Mense wat hulself tuisvoel binne die **hart- en handspiritualiteite** kan veral hiervoor ingespan word. Daar kan byvoorbeeld gevra word dat daar 'n verteenwoordiger vir elke lidmaat wie se naam genoem word vir voorbidding, na vore sal kom en vir die persoon vir wie ons bid 'n kers opsteek. Wanneer die lidmate vir wie voorbidding gedoen word, self in die erediens teenwoordig is, kan daar gevra word dat hulle na vore kom en dan kan ander lidmate by hulle kom staan sodat daar met handoplegging vir hulle gebid kan word (*Handleiding* 2010:59). Hierdie moment binne die erediens leen dit daartoe om op 'n besondere wyse vir mekaar te wys dat ons omgee. **Rituele** en **simboliek** kan hier rondom gevestig word wat vir gemeentelede van besondere betekenis kan wees. Dit kan 'n moment word binne die **ruimte van ontmoeting** waar die **Goddelike rol** vir gemeentelede nuwe betekenis kry. Beide vir hulle wat aan die ontvangkant is van hierdie omgee sowel as vir hulle wat hierdie **simboliese** omgee beoefen. Hierdie kan die moment word waar alle **spiritualiteitstipes** 'n ontmoeting met God ervaar.

### 6.3.15 Uitsending en seën

Ons aanbidding, die erediens eindig nie wanneer ons by die kerk se deure uitgaan nie. Die erediens wil ons juis toerus vir die lewe, vir ons daaglikse diens aan God en sy koninkryk. Daar moet 'n onlosmaaklike band wees tussen die erediens en die lewe. Die twee is op mekaar gerig.

> Tussen erediens en lewe, tussen lewe en erediens moet daar 'n vrye verkeer wees. Die erediens mag nooit ontaard in 'n ontvlugting uit die wêreld uit nie, mag nooit eensydig vergeestelik word nie, maar moet volledig rekening hou met hierdie aardse bedeling, met die hiér en nóú van die daaglikse bestaan... Elke dualistiese

> skeiding tussen genade en natuur, tussen sakraal (heilig) en profaan (sekulêr) val weg, sonder dat die erediens as gevolg daarvan horisontalisties "verwêrelds" word, of dat die wêreld "verkerklik" word (die wêreld, die lewe moet wel *geheilig* word, dit wil sê onder die koningskap in Christus ingebring word).
>
> (Strydom 1994:205-206)

Die gemeente word weggestuur om hul roeping in die wêreld te gaan vervul, om die erediens in die lewe te gaan voortsit. Dit kan op verskeie maniere gedoen word. Die liturg kan 'n wegsendingspreuk sê waarop die gemeente singend antwoord. Die gemeente kan deur middel van 'n wegsendingslied uit die rubriek "Wegsending en seën" in die *Liedboek van die Kerk,* hulle roeping en verantwoordelikheid opneem. Dit kan ook responsories geskied.

Hierna spreek die liturg die *seën* oor die gemeente uit. Dit is 'n bevestiging dat God die gelowiges in die wêreld uitstuur en vergesel. God self gaan saam met die gemeente uit. Hy vergesel ons buite die fees van die erediens, die lewe in. Die gemeente kan op die seën antwoord met 'n *Amen* of 'n ander kort respons. Die gemeente kan ook die seën aan mekaar toesing (Kloppers 2005:203; *Handleiding* 2010:60). Tydens die sing van die *Amen*, 'n ander respons of die *seënbede* kan ons die mens se behoefte aan **aanraking** bevredig deur hier **simbolies** God se hand wat uitreik, te word. Hier sou ons die persoon langs ons kon omarm of ons hand op die persoon voor ons se skouer kon plaas, net as 'n uitdrukking van God wat vir ons omgee. Hier raak Hy deur ons aan mekaar en so kan ons ook van hier af gaan en toelaat dat Hy deur ons aan andere buite in die lewe raak. 'n **Simbool** waarmee nie almal dadelik gemaklik sal wees nie maar iets wat ons kan aanleer in ons omgee vir mekaar op 'n tasbare wyse.

### 6.3.16 Die erediens van die lewe

"Spasie" het my ingehaal maar ek wil tog net so twee voorstelle maak van wat ons in die erediens van die lewe kan gaan doen as voortsetting van ons weeklikse Sondag erediens.

Daar sou soveel meer voorstelle kan wees en ons kreatiwiteit mag nooit ophou nie!

Ons kan mense se behoefte aan **fnuiking van die dood** positief binne ons gemeenskappe gebruik. Ons kan oefengroepe binne ons geloofsgemeenskappe begin waarna ons ook ons vriende, kennisse en kollegas kan uitnooi. So kan ons 'n impak maak en ‘n invloed binne ons gemeenskappe uitoefen, wyer as net ons geloofsgemeenskap.

Ons kan daagliks – soggens en/of saans meditatiewe gebedsgeleenthede hê waar die kerkgebou oop is en enige iemand welkom is om net rustig te kom sit in die teenwoordigheid van die Here. Hier kan ons moeite doen om **simbole** te gebruik om warmte en Teenwoordigheid uit te druk sodat dit ook visueel tot mense spreek wat die **ruimte van ontmoeting** binnekom. Hierdie stil gebedsgeleenthede kan binne die gemeenskap geadverteer word. ’n Bord voor die kerk sou ook die tye van hierdie geleenthede kon aandui. Die gemeenskap behoort te weet dat die kerkgebou op hierdie tye oop en toeganklik is vir almal (**ruimte van ontmoeting**). Die atmosfeer moet werklik een van verwelkoming wees al geskied alles in stilte. Dit mag 'n idealistiese siening wees maar ek dink tog dat ons deur ons "toe" kerkgeboue vir 'n uur of wat op 'n dag "oop" te stel vir ons hele gemeenskap, 'n bepaalde boodskap oordra. Al kom mense aanvanklik net uit nuuskierigheid kyk hoekom ons nou ewe skielik "oop" is, kom hulle die **ruimte van ontmoeting** binne en kan hulle verwelkoming en aanvaarding ervaar.

Vaste gebede, in gekopieerde vorm of gebedsboeke kan orals neergesit word vir diegene wat gestruktureerd wil bid. Dit sal veral van waarde wees vir **kopspiritualiteit** en **handspiritualiteit** wat moeilik vir 'n halfuur of 'n uur net stil sal kan sit en "niks" doen in die teenwoordigheid van die Here nie. Die stilte en **simboliek** sal vir **mistieke spiritualiteit** waardevol wees. Die **hartspiritualiteit** sal dit geniet om in die teenwoordigheid van andere (“**tribal and together**”) tot God te nader en in Sy teenwoordigheid te wees (**Goddelike rol** en **ruimte van ontmoeting**). Hier kan almal net wees en God se teenwoordigheid geniet. Geen **prestasie** of doen van enige aard is nodig nie. Almal is gelyk en almal is welkom.

## 6.4 SAMEVATTEND

Ons moet voortdurend nuut bly dink oor die erediens. Die verskillende momente binne die erediens bly vas. Daar is orde binne die erediens want ons weet dat God 'n God van orde is (1 Korintiërs 14:40). Tog kan hoe ons die verskillende momente binne die erediens nuut inkleur en relevant bly binne ons bepaalde konteks. Daarom dink ek dit is ons plig om voortdurend waar te neem wat aan die gang is binne ons samelewings. Mense se behoeftes kom tot uitdrukking op baie maniere. Hierdie studie wou uitwys dat ons deur waar te neem wat binne sport en rondom die verskynsel van sporttoeskouers aangaan, sekere tendense en momente kan raaksien. Hierdie liturgiese momente wat ons kon waarneem binne die "erediens" van die lewe kan ons inkultureer binne die weeklikse Sondag erediens. Dit kan 'n betekenisvolle verskil maak om ons samelewing se behoeftes aan te spreek. As ons werklik 'n verskil wil maak in hierdie wêreld moet ons besef dat dit nie maar net om my en my persoonlike saligheid gaan nie. Ons hele lewe moet 'n (ere) diens aan God, mekaar en die skepping wees. Ons het soveel om te doen en te gee hier waar ons nou in die huidige, die "alreeds" lewe. Ja, ons kan met verwagting uitsien na die "nog nie" wat aan die kom is. Ons mag net nooit "so heavenly minded that we are no earthly good" wees nie. Tydens die weeklikse Sondag erediens moet ons mekaar help en toerus om dit wat ons beleef en ervaar in God se teenwoordigheid te kan gaan uitleef in ons alledaagse erediens van die lewe. Dan kán ons samelewings verander, dan kan daar tekens van nuwe lewe en hoop orals uitspruit.

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan die hand van Osmer se vierde taak (die pragmatiese taak) van praktiese teologiese interpretasie die vraag: “Hoe kan ons reageer?” te beantwoord. Hier is gepoog om so prakties as moontlik om te gaan met die momente wat geïdentifiseer is in die liturgie van sport. Daar is gekyk hoe hierdie momente van waarde kan wees en benut kan word binne die liturgie van die erediens. Hoe kan ons sinvol hierop reageer en dit binne ons hedendaagse konteks benut? Die vaste momente binne die erediens word behou maar ‘n poging is aangewend om tog voorstelle te maak wat vernuwend en kontekstueel is, gebaseer op die data versamel vanuit die liturgie van sport. Mense se verskillende

spiritualiteitstipes wat ook binne die erediens 'n rol speel is verder in ag geneem. Daar is ruimte om nog méér kreatief te wees en nog méér voorstelle te maak. Die omvang van hierdie studie laat dit egter vir eers nie toe nie.

# HOOFSTUK 7

## DIE FINALE RONDTE OF FINALE "BAL"

Hierdie studie vloei natuurlik uit my liefde vir sport, wat veroorsaak dat dit vir my maklik is om dinge wat in die sport "samelewing" gebeur raak te sien. Osmer se werkswyse het my soos 'n handskoen gepas om struktuur en rigting aan my waarnemings te gee. 'n Kwelvraag waarmee ek loop het ook bygedra dat ek graag hierdie studie wou onderneem. Die kwelvraag is "hoekom trek sport soveel mense?" Hoekom kan sport dit regkry dat byvoorbeeld 95000 mense na 'n sokker of rugby wedstryd gaan kyk maar ons sukkel om 'n paar honderd mense in die kerk te kry?

Toe ek met hierdie studie begin het, het ek gedink dat sport vir ons soos 'n godsdiens (of dalk eerder "afgodsdiens") geword het. Hoe verder die studie gevorder het hoe meer het ek egter besef dat my oorspronklike mening moontlik nie stand hou nie. Ons mense het tog nog 'n werklike behoefte aan godsdiens. Godsdiens spreek net nie al hulle normale menslike behoeftes aan nie, wat sport wel doen.

As ons as kerk moeite doen en kennis neem van dit waarna mense soek, sonder om in die slaggat van die verbruikerskultuur te trap, kan ons werklik 'n verskil in mense se lewens maak. Ons het besonder baie om te bied. In hierdie studie is deur middel van sport maar net tien momente uitgewys. Ek is seker daar is meer. Op al tien hierdie gebiede kan die kerk 'n rol speel.

Samevattend kan ons dan net weer na die tien momente kyk en kortliks noem hoe ons dit binne die erediens en die geloofsgemeenskap kan aanspreek:

- Mense se behoefte om vooruit te weet wat gaan gebeur – in en deur die prediking kan hierdie behoefte aangespreek word. Goeie Skrifontleding en fokus hierop in Bybelstudiegroepe kan help dat mense nie "voorspellings" buite die kerk hoef te gaan soek nie.

- Rituele – vaste, betekenisvolle rituele kan in die erediens ingebou word.

- Fisiese kontak – as geloofsgemeenskap is ons ’n familie en mag ons aan mekaar raak. Ons hoef nie so ver te gaan soos die Nuwe Testamentiese “heilige kus” nie maar ons kan mekaar gerus omhels, die hand gee en aan mekaar raak. Mense kan aangemoedig word om aan mekaar te raak tydens gebede of wanneer die seënbede aan die einde van die erediens gesing word.

- “Tribal and together” – ons het gesien dat mense se lewe sin en betekenis kry wanneer hulle deel kan hê aan ’n saak buite en groter as hulself. Mense het ’n intense behoefte om te kan behoort. Binne die kerk as geloofsgemeenskap kan ons verskeie geleenthede skep waar mense betrokke kan wees by sake buite en groter as hulself. Ons kan mense help om te verstaan en te ervaar dat hulle waarde kan toevoeg aan andere se lewens. Die erediens is die beste plek om hiermee te begin. Hier is almal saam met één doel en visie en dit is om God te aanbid. Binne die erediens is daar verskeie momente waar daar geleentheid is om ’n saambindende moment as geloofsgemeenskap te ervaar. As die erediens ’n ware ontmoetingsplek met God en met mekaar word (waar al vyf sintuie ingespan word), sál die erediensgangers hierdie ontmoeting en sáámwees wil voortsit buite die weeklikse erediens.

- Simbole – verskeie simbole en simboliese handelinge kan tydens die erediens gebruik word. Voorbeelde hiervan is in hoofstuk ses gegee.

- Rolmodelle – die waarde van rolmodelle moet nie onderskat word nie. Ons volg almal op een of ander manier ‘n voorbeeld na. Dit is baie dikwels een of ander bekende persoon of ’n Bybelse karakter. Ons mag egter nooit vergeet dat die kerk self ook as ’n rolmodel dien nie. Dit is ’n groot verantwoordelikheid. As ’n geloofsgemeenskap hierdie rol ernstig opneem en ’n navolgenswaardige rolmodel vir die gemeenskap word, kan ons mense se behoefte aan hulp en leiding aanspreek en ’n enorme verskil maak.

- Prestasie – die eise vir prestasie plaas ongelooflik baie druk op mense. Die erediens bied aan mense die geleentheid om net te kom "kind van God" wees. Hier behoort 'n ontmoetingsgeleentheid geskep te word waar 'n kind van God saam met ander kinders van God, God kan aanbid. Ons is *communitas*, almal een en gelyk voor Hom. Ons aanbid Hom saam. Hier hoef ons nie te presteer nie, ons kan net wees. As geloofsgemeenskap kan ons mekaar ondersteun en mekaar help om die druk van die wêreld om te presteer te verwerk en op 'n sinvolle wyse te verminder.

- Ruimte van ontmoeting – as geloofsgemeenskap ontmoet ons in die erediens maar ook in die lewe. In beide vind verskeie rituele plaas en *communitas* kan ervaar word. Daar behoort 'n balans tussen die twee te wees. Binne die erediens fokus ons op God, wat in die erediens aan die werk is. Ons gee hier uitdrukking aan ons verwondering, ons vreugde, ons belydenis en ons dankbaarheid. Uit ons behoort aan God en ons in verhouding wees met Hom, vloei ons behoefte om ook in verhouding te wees met ons medemens. Om saam deel te wees van 'n groter geheel, om saam met andere iets betekenisvol te doen, is 'n behoefte wat hierdeur vervul kan word.

- Goddelike rol – God is deel van ons hele lewe. Hy is die Heer van alles en betrokke by elke aspek van ons lewe. Ons hele lewe is 'n integrale geheel. As Hy deel van ons hele lewe is sal ons lewens daarvan getuig en hoef ons nie andere daarvan te probeer oortuig met ons woorde nie. Mense het egter 'n behoefte om hul stories en ook hul geloofstories te vertel. Dit kan van groot waarde wees om geleenthede te skep waar mense hul stories kan vertel.

- Fnuiking van die dood – 'n gebalanseerde lewe is belangrik. Daarom is dit belangrik om ook na ons liggame om te sien en te oefen. Ons móét egter ons verganklikheid besef. Ons is maar brose mense. Ons kan nié vir ewig

lewe nie. Mense probeer die dood fnuik. Hulle gryp na aktiwiteite soos oormatige oefening en gesonde kos eet. Ons kan ons lewe verleng deur ’n gebalansseerde leefstyl maar net tot op ’n punt. Een of ander tyd moet elkeen van ons die dood in die gesig staar. Buiten oormatige aktiwiteite om die dood te probeer fnuik is daar ’n ander kant wat ons kan toevoeg. Stilwees, gebede, korrekte asemhaling kan ook ’n bydrae lewer tot ’n langer lewe en beter lewenskwaliteit. Daarmee wil ons nie ons verganklikheid en broosheid ontken nie. Dit is dalk juis ’n groter bewys van ons afhanklikheid van God as al ons skarrelende aksies. ’n Lewe waar ons tyd spandeer aan God, ons naaste en onsself kan ’n sinvolle lewe wees wat ’n verskil maak en hierdie behoefte aanspreek.

Ek glo hierdie studie dien ten doel om uit te wys hoe Praktiese Teologie deur gebruik te maak van 'n model soos Osmer s'n ons kan help om tendense waar te neem (**beskrywend-empiriese taak**), dit te interpreteer (**interpretatiewe taak**), normatief daarmee om te gaan (**normatiewe** taak) en dan pragmatiese voorstelle daaroor te maak (**pragmatiese taak**).

Hierdie studie was wyd en verkennend en het maar 'n puntjie van die ysberg aangeraak. Hopelik kan ek self of enige ander persoon wat belangstel in hierdie veld, in die toekoms hierdie studie gebruik om nouer in te "zoom" of in te "boor" op enige een van hierdie momente en 'n in diepte studie daaroor te maak. ’n Mens sou ook verdere waarnemings kon maak en nog data kon versamel en uitbrei hierop.

Omdat hierdie slegs 'n verkennende studie is en dus eerder oorsigtelik as in diepte is, is daar noodwendig leemtes. Hier dink ek byvoorbeeld aan die geweldige rol wat musiek in die erediens kan speel. Dit is glad nie eers in hierdie studie aangeraak nie. Daar is reeds op hierdie gebied gedoen, soos byvoorbeeld dié van Long (2001) en Kloppers (2005), waaraan ek net geraak het. Dit is dus nie uitgelaat omdat dit nie belangrik is nie maar bloot slegs vanweë die beperkende omvang van hierdie studie. ‘n Studie soos die van Steyn (2008) oor persoonlikheidstyle binne die erediens, kan ook baie meer in diepte gebruik word.

Veel meer studies soos dié kan aan die hand van Osmer se model vir praktiese teologiese interpretasie gedoen word. Ek vertrou dat hierdie studie die potensiaal daarvan uitgewys het. Osmer se vier take van praktiese teologiese interpretasie help ons om aan die hand van vier vrae met hierdie take om te gaan. Die vier vrae is:

- Wat is aan die gang?
- Hoekom is dit aan die gang?
- Wat behoort hier aan te gaan?
- Hoe kan ons hierop reageer?

Dit is binne hierdie studie aangewend om te beweeg van inligting wat tydens waarneming versamel is (*wat is aan die gang*?), na teorieë binne verskillende wetenskappe om vanuit hierdie perspektief na die momente te kyk (*hoekom is dit aan die gang*?), na 'n teologiese perspektief op dieselfde momente (*wat behoort hier aan te gaan*?) en laastens is daar gepoog om aan die hand van al hierdie verskillende perspektiewe praktiese voorstelle te maak in verband met hoe ons hierdie kennis binne die erediens sou kon gebruik (*hoe kan ons hierop reageer*?).

# HOOFSTUK 8

## BIBLIOGRAFIE

Augustine, Saint. 2003. *Confessions.* Revised and updated by Tom Gill. Gainesville, FL: Bridge-Logos.

Bain-Selbo, E. 2008a**.** Ecstasy, joy, and sorrow: the religious experience of Southern College football. *Journal of Religion and Popular Culture* 20:1-13.

Bain-Selbo, E. 2008b. Sport as the "Opiate of the Masses": College Football in the American South. *Philosopy and religion April*: 1-15. Available at: http://digitalcommons.wku.edu/phil_rel_fac_pub/1/. Visited April 2011.

Baker, J., Horton, S. & Weir, P. 2010. *The masters athlete: understanding the role of sport and exercise in optimizing aging.* Abingdon, OX: Routledge.

Baker, W.J. 2005. Religion, in: *Berkshire Encyclopedia of World Sport Vol. 3*, Levinson, D. & Christensen, K. (eds). Great Barrington, Mass.: Berkshire Publishing Group.

Barnard, M. & Vos, C.J.A. 2001. 'n Besinning oor die liturgie, teorievorming, ondersoek en praktykvorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2):17-32.

Barnard, M. 2009. Ontdek die nagmaal in die gereformeerde erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Bergen, R. D. 2001. *1, 2 Samuel* (electronic ed). Logos Library System; The New American Commentary. Vol. 7. Nashville: Broadman & Holman Publishers.

Birrell, S. 1981. Sport as ritual: interpretations from Durkheim to Goffman. *Social Forces* 60(2):354-376.

Blanchard, K. & Cheska, A.T. 1985. *The anthropology of sport: an introduction*. Massachusetts: Bergin & Garvey Publishers.

Bosch, D.J. 2007. *Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission*. Maryknoll, N.Y.: Orbis Books.

Brevers, D. et al. 2011. Sport superstition: mediation of psychological tension on non-professional sportsmen's superstitious rituals. *Journal of Sport Behavior* 34(1):3-24.

Burger, C. 2009. Ontdek die belang van die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi BM.

Buvton. Begrip vir verskillende geloofsbelewings. Verkrygbaar by: http://academic.sun.ac.za/buvton/Liturgie_files/Verskillende%20geloofsbelewings.ppt . Besoek Julie 2011.

Callais, T.M. 2010. Controversial mascots: authority and racial hegemony in the maintenance of deviant symbols. *Sociological focus* 43(1):61-81.

Carlin, J. *Invictus: Nelson Mandela and the game that made a nation*. New York: Penguin books.

Cilliers, J. 2002. *Die plek en funksie van die wet in die erediens*. Verkrygbaar by: http://academic.sun.ac.za/tsv/Profiles/Profile_documents/DIE_PLEK_EN_FUNKSIE_VAN_DIE_WET_IN_DIE_EREDIENS.pdf. Besoek Julie 2011.

Cilliers, J. 2007. Religious and cultural transformations and the challenges for the churches: a South African perspective. *Practical theology in South Africa* 22(2):1-19.

Conradie, E. 2009. *Uitverkoop – In gesprek oor die verbruikerskultuur*. Wellington: Lux Verbi BM.

Conradie, M. 2002. *Herontdek... nuut verwerk: 41 liturgieë*. Lyttelton Manor: Medpharm Publikasies.

Cooke, B.1966. Eucharist: Source or Expression of Community? *Worship* 40(6), 339-348.

Cribb, J. 2006. *Predicting the future: it's becoming a science*. Available at: http://www.cosmosmagazine.com/node/672/full Visited April 2011.

De Groot, M. & Robinson, T. 2008. Sport fan attachment and the Psychological Continuum Model: A case study of an Australian football league fan. *Leisure/Loisir,* 32(1):117-138.

De Klerk, B.J. 2001. Wisselwerking tussen liturgie en kultuur in die Suid-Afrikaanse konteks – enkele vertrekpunte. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 16(2):57-75.

Du Rand, J. 2007. *Die A-Z van Openbaring: 'n allesomvattende perspektief op die boek Openbaring*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Ebert, J.E.J., Gilbert, D.T. & Wilson, T.D. 2009. Forecasting and Backcasting: Predicting the Impact of Events on the Future. *Journal of Consumer Research, Inc.* 36 (October):353-366.

Esterhuyse, W. 2010. *Die God van Genesis:...drama in die amfiteater van die Oneindige*. Durbanville: Christelike Media Publikasies.

Feezell, R. 2005. Celebrated athletes, moral exemplars, and lusory objects. *Journal of the philosophy of sport* 32:20-35.

Ferguson, H. 2009. *Self-identity and everyday life*. London: Routledge.

Field, T. 1999. Violence and touch deprivation in adolescents. *Adolescence* 37(148):735-749.

Field, T. 2002. American Adolescents touch each other less and are more aggressive toward their peers as compared with French adolescents (statistical data included). *Adolescence* 34(136):753-758.

Frijhoff, W. 1998. *Heiligen, idolen, iconen*. Nijmegen: SUN.

Gouws, L.A., Louw, D.A. et al. (reds). 1982. *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Grainger, R. 2009. *The drama of the rite: worship, liturgy and theatre performance*. Eastbourne: Sussex Academic Press.

Grün, A. 2000. *Een veilige schuilplaats: meer levensvreugde door rituele*. Tielt: Lannoo.

Hagner, D.A. 2002. *Matthew 1-13*. Dallas: Word Biblical Commentary.

*Handleiding vir die erediens: Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 2010. Wellington: Bybelmedia.

Hirsch, A. 2009. *The forgotten ways handbook: a practical guide for developing missional churches*. Grand Rapids, MI: Brazos Press.

Johnson, C. 2009. Multisport role models. *Rocky mountain sports* May: 24-35.

Kloppers, E. 2005. Handelinge in die erediens: die verryking van die liturgie deur musiek. *Hervormde Teologiese Studies* 61(1&2):191-209.

Lemans, P. 2008. *Futuroception*. Available at: http://www.futuroception.com/ Futuroception.htm. Visited April 2011.

Leuschner, F.W. & De Klerk, B.J. 2007. Die atmosfeer in die erediens deur die loop van die geskiedenis. *Verbum et ecclesia* 28(1):66-87.

Lewis, M. & Sutton, A. 2011. Understanding exercise behaviour: examining the interaction of exercise motivation and personality in predicting exercise frequency. *Joumal of Sport Behavior* 34(1):82-97.

Liddell, H. 1996. *A lexicon: Abridged from Liddell and Scott's Greek-English lexicon*. Oak Harbor, WA:Logos Research Systems, Inc.

Lines, G. 2001. Villains, fools or heroes? Sports stars as role models for young people. *Leisure Studies* 20:285–303.

Long, T.G. 2001. *Beyond the worship wars: building vital and fruitful worship*. Washington DC: The Alban Institute.

Lundberg, N.R. 2007. Research update: creating motivational climates. *Parks and Recreation Magazine* 1:22-26.

Lutheran World Federation. 1998. *Chicago statement on worship and culture: Baptism and rites of life* passage. Available at: http://www.worship.ca Visited June 2011.

MacClancy, J. 1996. Sport, identity and etnicity, in: *Sport, Identity and Etnicity,* edited by J. MacClancy. Oxford: Berg.

Mael, F.A. & Ashforth, B.E. 2001. Identification in work, war, sports, and religion: contrasting the benefits and risks. *Journal for the Theory of Social Behaviour* 31(2):197-222.

Malinowski, B. 1977. *A scientific theory of culture and other essays*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Marty, M.E. 1998. Ritual in sports, sports as ritual: ritual is everywhere, even in some of America's favorite pastimes. *Bulletin: Rituals* 5(August/September):19.

McCloud, S. 2003. Popular culture fandoms, the boundaries of religious studies, and the project of the self. *Culture and religion* 4(2):187-206.

Mead, J. 2008. *What do signs and symbols mean in religion?* London: Evans.

Mechikoff, R. & Estes, S. 2002. *A history and philosophy of sport and physical education: from ancient civilizations to the modern world*. Boston: McGraw-Hill.

Ndlovu-Gatsheni, S.J. 2011. The World Cup, vuvuzelas, flag-waving patriots and the burden of building South Africa. *Third World Quarterly* 32(2):279-293.

Neil, G.I. 1982. Demystifying sport superstition. *International Review for the Sociology of Sport* 17(1):99-124.

Nel, M. & Thesnaar, C. 2006. Theologically informed and culturally relevant youth ministry. *Practical theology in Suid-Afrika* 21(2):90-112.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede: geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.

Old, H.O. 2002. *Worship: reformed according to Scripture*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, Michigan: WB Eerdmans.

Pieterse, H.J.C. 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Piper, H. & Smith, H. 2003. 'Touch' in Educational and Child Care Settings: dilemmas and responses. *British Educational Research Journal* 29(6):879-894.

Post, P. 2001. Ritualiteit als simboolhandelen, in *Ritueel bestek: antropologische kernwoorden van de liturgie*, Barnard, M. & Post, P. (reds). Zoetermeer: Meinema.

Quinn, E. 2010. *Why do so many athletes have superstitions and rituals: do superstitions give athletes a performance edge?* Available at: http://sportsmedicine.about.com/od/sportspsychology/a/superstitions.htm Visited April 2011.

Rossouw, J. 2007. *'n Rooi Z4 en 'n Renaissance-kasteel: filofiksie*. Kaapstad: Zebra Press.

Rudski, J.M. & Edwards, A. 2007. Malinowski goes to college: factors influencing students' use of ritual ans superstition. *The Journal of General Psychology* 134(4):389-403.

Scanlon, L., Rowling, L. & Weber, Z. 2007. 'You don't have like an identity . . . you are just lost in a crowd': Forming a Student Identity in the First-year Transition to University. *Journal of Youth Studies* 10(2):223-241.

Schippers, M.C. & Van Lange, P.A.M. 2006. The psychological benefits of superstitious rituals in top sport: a study among top sportspersons. *Journal of Applied Social Psychology* 36(10):2532-2553.

Schuman, N. 1998. Getuigen, in *De Weg van de liturgie: tradities, achtergronden, praktijk*, Oskamp, P. & Schuman, N. (reds). Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Sharpham, P. 2006. Symbols, emblems, colours & names, in *Sport in the national imagination: Australian sport in the federation decades*, Cashman, R. (ed). Petersham: Walla Walla Press.

Smit, D, 2009. Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Smit, J. 2009. *Captain in the cauldron*. Cape Town: Highbury Safika Media.

Stets, J.E. & Burke, P.J. 2000. Identity theory and social identity theory. *Social Psychology Quarterly* 63(3):224-237.

Stewart, I. 1997. *Does God play dice? The new mathematics of chaos.* [kindle edition] ePenguin.

Steyn, C.S. 2008. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturgie gestel word om Erediensgangers van alle MBTI® persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Steyn, N. 2011. *Diversiteit in die erediens, liturgie en simboliek: "Vier ons andersheid". Diverse persoonlikhede van die Ned. Geref. Kerk se predikante*. Verkrygbaar by: http://www.communitas.co.za/kursusse-a-konferensies/konferensies1/diversiteit-09/1254-bosberaad-oor-diversiteit?lang= Besoek Julie 2011.

Stockdale, B. 2009. *You can beat the odds: surprising factors behind chronic illness and cancer*. Boulder, CO: Sentient Publications.

Strauss, M. 2004. *Stilte as 'n liturgiese moment*. Verkrygbaar by: http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Stilte%20as%20liturgiese%20moment.pdf Besoek Julie 2011.

Strydom, W.M.L. 1994. *"Sing nuwe sange, nuutgebore": Liturgie en Lied.* Bloemfontein: Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek), Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Swanson, J. 1997. *Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains: Greek (New Testament)* (electronic ed.). Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc.

Sweet, L. 2009. *So beautiful: divine design for life and the church*. [kindle edition]. Colorado Springs, CO: David C. Cook.

Tertullian. 1931. *Apology*. (translated by S. Thelwall). OrthodoxEbooks.

Torevell, D. 2000. *Losing the sacred: ritual, modernity and liturgical reform*. Edinburgh: T & T Clark.

Tovey, P. 2004. *Inculturation of Christian worship: exploring the Eucharist*. Hampshire: Ashgate.

Turner, V. & Turner, E. 1995. *Image and pilgrimage in Christian culture: anthropological perspectives*. [Kindle edition]. New York: Columbia University Press.

Van Beek, W.E.A. 2007. *De rite is rond. Betekenis en boodschap van het ongewone*. Tilburg: Universiteitsdrukkerij.

Van den Heever, J. 2011. *Gejaagdheid*. Verkrygbaar by: http://wccmsa.wordpress.com Besoek Julie 2011.

Van der Westhuÿsen, T.W.B. & Schoeman, W.J. 1982. Ontwikkelingpsigologie, in: *Inleiding tot die psigologie*, Louw, D.A. (red). Johannesburg: McGraw-Hill.

Van der Merwe, I.J. 2001. "*Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?" Oor die verband tussen liturgie en lewe*. Beskikbaar by: http://academic.sun.ac.za/buvton/Liturgie_files/Liturgie%20en%20lewe%20NGTT Besoek Junie 2011.

Viola, F. & Barna, G. 2008. *Pagan Christianity? Exploring the roots of our church practices*. Carol Stream, IL: Tyndale House.

Vogler, C.C. & Schwartz, S.E. 1993. *The sociology of sport: an introduction*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

Vos, C. 2004. Skuld, genade en lof in die liturgie. *Hervormde Teologiese Studies* 60(1 & 2): 641-650.

Vos, C., Hogan, L.L. & Cilliers, J.H. (eds) 2007. *Preaching as a language of hope*. Pretoria: Protea Book House.

Ward, T. 2009. Changing times 1960-75. *Soccer & Society* 10(5): 646–661.

Ware, C. 1995. *Discover your spiritual type*. Washington DC: The Alban Institute.

*Webster's sports dictionary*. 1976. Springfield, Massachusetts: G & C Merriam Co. Publishers.

Wepener, C. 2002. Nagmaalviering in die NG Kerk – tussen tradisie en vernuwing. Deel 1. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 43(3 & 4):641-651.

Wepener, C. 2006. Participation and power: opportunities for method and theory in liturgical research from a changing (Dutch Reformed) South African liturgical landscape. *Jaarboek voor liturgie-onderzoek* 22:49-66.

Wepener, C. 2009a. *From fast to feast: a ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts*. Leuven: Peeters.

Wepener, C. 2009b. Ontdek die draaipunte in die geskiedenis van die liturgie (aan die hand van die liturgiese viering van vergifnis en versoening), in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C. 2009c. Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C. 2010. *Aan tafel met Jesus*. Wellington: Bybel-Media.

Wepener, C. 2010. Die liturgie van die Wêreldbeker. T*eo.co.za Nuusbrief 2010.09.*

Wepener, C. 2011. *Soos 'n blom na die son draai: liturgiese voorstelle vir gebruik in die erediens en in ander spesifieke dienste*. Wellington: Bybel-Media.

Wepener, C. & Van der Merwe, J. 2009. Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Wepener & Van der Merwe, J. (reds). 2009. *Ontdekkings in die erediens*. 2009. Wellington: Lux Verbi.

Wessels, F. 2009. Ontdek die Joodse wortels in die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Winseman, A.L., Clifton, D.O. & Liesveld, C. 2004. *Living your strenghts: discover your God-given talents and inspire your community*. New York: Gallup Press.

*Wörterbuch der Sportwissenschaft*. 1987. Schorndorf: Hofmann.

Yancey, P. 2008. *Finding God in unexpected places*. Colorado Springs: Waterbrook Press.

# BYLAAG A

***Recurring Rituals Mentioned by Participants***

| Ritual | Number of times mentioned | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Football *(N = 97)* | Volleyball *(N = 52)* | Hockey *(N = 48)* | Total *(N= 197)* |
| Eat special food | 43 | 10 | 13 | 66 |
| Be involved in relaxing activities (e.g., watch TV, go for a walk) | 42 | 4 | 5 | 51 |
| Enter the field in a prescribed order, fixed place in dressing room, arrive at the stadium in a fixed order (first, second) | 30 | 10 | 6 | 46 |
| Wear special clothes (e.g., swimming trunks under football pants) | 16 | 12 | 23 | 51 |
| Go to bed early | 15 | 1 | 3 | 19 |
| Dress in a special order | 13 | 6 | 8 | 27 |
| Warm up (e.g., in a special place, same order of exercises) | 12 | 4 | 7 | 23 |
| Take the time for pregame activities | 11 | 7 | 7 | 25 |
| Look after equipment (e.g., polish shoes) | 10 | 2 | 6 | 18 |
| Do things in a fixed order | 8 | 2 | 3 | 13 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Personal care (e.g., not shaving, paint nails) | 7 | 4 | 8 | 19 |
| Go to the toilet (e.g., fixed time, fixed number of times) | 7 | 2 | 5 | 14 |
| Interpersonal rituals (e.g., wish everyone good luck one by one, fixed roommate, hit goalie's leg guards) | 4 | 4 | 11 | 19 |
| Get up at a set time | 4 | 1 | 5 | 10 |
| Stay home evening before the game | 4 | 1 | 1 | 6 |
| Eat in a special place | 3 | 2 | 2 | 7 |
| Drive a set route to the stadium | 3 | 0 | 0 | 3 |
| Celibacy before the game | 2 | 0 | 1 | 3 |
| Pray/cross oneself | 2 | 0 | 1 | 3 |
| Other (e.g., call upon deceased, kiss shirt, put car in same place) | 11 | 5 | 10 | 26 |
| Total | 247 | 77 | 125 | 449 |